# Eensydige vergifnis: 'n Pastorale studie.

Gesina Christina Lusse
12145424-2006

Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Artium in Pastoraal aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Studieleier: Prof Dr GA Lotter
Potchefstroom
Desember 2009

# VOORWOORD

Hiermee sê ek baie dankie aan:

- My Hemelse Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees – vir al die insig en wysheid, vir liefde en veral vir al die werk van genade wat U aan myself gedoen het deur hierdie studie. My Vader se rol in my lewe met hierdie verhandeling, word beskryf deur die bekende lied:

  *You raise me up, so I can stand on mountains.*
  *You raise me up, to walk on stormy seas*
  *I am strong when I am on Your shoulders*
  *You raise me up to more that I can be*

- Aan my ouers, Dan en Annie de Lange wat alhoewel hulle nie meer hier is nie aan my 'n wonderlike liefdevolle opvoeding gegee het en geleer het om ten spyte van alles te volhard en om te glo.
- Johan, my eggenoot vir jou liefde, verdraagsaamheid, ondersteuning en bemoediging in al die laat nagte wat verby is.
- My kinders, Cornè, Nicoline, Danny, Anell en Christelle vir jul geloof dat Mamma dit sal kan doen.
- Prof George Lotter –vir jou kennis, geduld, ondervinding en aanmoediging.
- Gerda van Rooyen by die Teologiese Biblioteek vir al jou hulp, liefde en geduld.
- My familie en vriende –vir jul belangstelling en gebede. Veral vir Engela en Jannie Vermeulen vir jul opoffering terwyl ek die afronding aan my verhandeling moes doen voor inhandiging.
- 'n Spesiale dankie aan my werkskollegas vir hulle hulp en ondersteuning, veral aan Bella Lamprecht dat sy met enige rekenaar tegniese wondere kan verrig.
- Estelle van Rensburg vir die taalversorging van my verhandeling.
- Die respondente wat bereid was om met my hul ervarings en gevoelens te deel en wat my toelaat om dit in hierdie studie te publiseer.
- My Bybelstudiegroep onder leiding van Andre Verhoef met wie ek my gevoelens, vrese en ook vreugdes kon deel en wat telkens voor die Vader vir my gaan intree het en ook bly glo het dat ek sal slaag.

Hierdie navorsing word opgedra aan: My Hemelse Vader.

*My gebed is dat hierdie studie sal bydra tot baie mense se bevryding van negatiewe emosies soos onvergewensgesindheid , bitterheid en woede en hulle ook sal bring tot versoening met hul hemelse Vader.*

# INHOUDSOPGAWE

| | | |
|---|---|---|
| Voorwoord | | i |
| Inhoudsopgawe | | 1 |
| HOOFSTUK 1: | | 5 |
| INLEIDING | | 5 |
| 1. | TITEL EN SLEUTELTERME | 5 |
| 1.1 | TITEL | 5 |
| 1.1.1 | SLEUTELTERME | 5 |
| 1.2 | DEFINIËRING VAN ENKELE TERME | 5 |
| 1.2.1 | Eensydig | 5 |
| 1.2.2 | Vergifnis | 5 |
| 1.2.3 | Intrapersoonlik | 6 |
| 1.2.4 | Emosionele verwonding | 6 |
| 1.3 | ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING | 7 |
| 1.3.1 | Oriëntering | 7 |
| 1.3.2 | Probleemstelling | 7 |
| 1.3.2.1 | Die realiteit van die kwessies uit die verlede | 8 |
| 1.3.2.2 | Literatuur en eensydige vergifnis | 8 |
| 1.3.2.3 | Skrif en vergifnis | 9 |
| 1.3.2.4 | Onvergewensgesindheid | 9 |
| 1.3.2.5 | Gevolge van negatiewe onderdrukte emosies waaronder onvergewensgesindheid | 10 |
| 1.3.2.6 | Die kwessie van eensydige vergifnis sonder berou | 11 |
| 1.3.3 | Stand van navorsing | 12 |
| 1.4 | NAVORSINGSVRAAG | 12 |
| 1.4.1 | Verdere vrae | 12 |
| 1.5 | DOELSTELLING EN DOELWITTE | 13 |
| 1.5.1 | Doelstelling | 13 |
| 1.5.2 | Doelwitte | 13 |
| 1.6 | SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT | 13 |
| 1.7 | NAVORSINGSMETODES | 13 |
| 1.7.1 | Basisteorie fokus op | 13 |
| 1.7.2 | Metateorie fokus op | 14 |
| 1.7.3 | Empiriese navorsing fokus op | 14 |
| 1.7.4 | Praktykteorie fokus op | 14 |
| 1.8 | VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING | 14 |
| 1.9 | SKEMATIESE VOORSTELLING VAN PUNT 1.3, 1.5 EN 1.7 | 15 |
| HOOFSTUK 2: | | 16 |
| BASISTEORIE –SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF | | 16 |
| 2.1 | INLEIDING | 16 |
| 2.2 | DIE BEGRIPPE VAN VERGIFNIS EN BEROU IN DIE OU TESTAMENT | 16 |
| 2.3 | OU TESTAMENTIESE VOORBEELD VAN VERGIFNIS | 18 |
| 2.4 | DIE BEGRIPPE VAN VERGIFNIS EN BEROU IN DIE NUWE | |

| | | |
|---|---|---|
| | TESTAMENT | 22 |
| 2.5 | VERGIFNIS EN BEROU IN DIE NUWE TESTAMENT | 24 |
| 2.5.1 | Lukas 17:3-4 | 24 |
| 2.5.2 | Matteus 18:15,21-22 | 27 |
| 2.5.3 | Markus 11:25 | 27 |
| 2.5.4 | Matteus 6:12-15 en Lukas 11:4 Die Onse Vader | 28 |
| 2.6 | VERGIFNIS EN BEROU IN JUDAISME | 31 |
| 2.7 | VERGIFNIS EN BEROU IN CHRISTENDOM | 34 |
| 2.7.1 | Voorwaardelike of onvoorwaardelike vergifnis (Met of sonder berou) | 35 |
| 2.8 | VERSKILLENDE DIMENSIES VAN VERGIFNIS | 39 |
| 2.8.1 | Goddelike kant | 39 |
| 2.8.2 | Menslike kant | 41 |
| 2.8.3 | Intrapersoonlik | 42 |
| 2.9 | GOD SE DOEL MET VERGIFNIS | 43 |
| 2.10 | SAMEVATTING | 45 |
| HOOFSTUK 3: | | 49 |
| METATEORIE- DEELWETENSKAPLIKE PESPEKTIEWE | | 49 |
| 3.1 | INLEIDING | 49 |
| 3.2 | 'N KORT GESKIEDENIS VAN PSIGOLOGIE VAN VERGIFNIS | 50 |
| 3.3 | DEFINISIE VIR VERGIFNIS | 50 |
| 3.4 | VERBAND TUSSEN TEOLOGIE EN PSIGOLOGIE TEN OPSIGTE VAN VERGIFNIS | 55 |
| 3.4.1 | Teenstand van vergifnisterapie | 56 |
| 3.4.2 | Vergifnis as 'n kliniese tegniek | 56 |
| 3.4.3 | Vergifnis as 'n Christelike plig | 56 |
| 3.5 | DIE REDE VIR VERGIFNIS | 56 |
| 3.5.1 | Vergifnis as 'n geskenk vir die self (eensydige vergifnis) | 57 |
| 3.5.2 | Vergifnis as 'n geskenk aan die ander persoon (versoening word ingesluit) | 58 |
| 3.6 | WOEDE EN VERGIFNIS | 59 |
| 3.6.1 | Neurologiese siening van woede | 60 |
| 3.6.2 | Psigatriese siening van woede | 62 |
| 3.6.3 | Psogologiese siening van woede | 64 |
| 3.7 | TERAPIE EN VERGIFNIS | 65 |
| 3.8 | PROSES VAN VERGIFNIS | 66 |
| 3.8.1 | Die Pyramid Model to REACH forgiveness (Worthington) | 66 |
| 3.8.2 | Die Fase prosesmodel (Enright & Fitzgibbons) | 69 |
| 3.9 | VERSOENING EN VERGIFNIS | 72 |
| 3.10 | INNERLIKE VOORBEREIDING TOT EENSYDIGE VERGIFNIS | 74 |
| 3.11 | SAMEVATTING | 76 |
| HOOFSTUK 4: | | 78 |
| EMPIRIESE NAVORSING-KWALITATIEWE STUDIE | | 78 |
| 4.1 | INLEIDING | 78 |
| 4.2 | WAARDE VAN EMPIRIESE NAVORSING | 78 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.3 | VERSKILLENDE PARADIGMAS | 79 |
| 4.4 | KEUSE VAN 'N BENADERING | 80 |
| 4.5 | DIE AARD EN KENMERKE VAN KWALITATIEWE NAVORSING | 82 |
| 4.6 | DATAVERSAMELING | 83 |
| 4.6.1 | Basiese individuele onderhoude | 83 |
| 4.6.2 | Die parameters van die onderhoude | 83 |
| 4.6.3 | Die ontwerp van die vraelys | 84 |
| 4.6.4 | Steekproefontwerp | 85 |
| 4.6.5 | Identifikasie van temas vir onderhoude | 86 |
| 4.7 | BESPREKING VAN ONDERHOUDRESULTATE | 87 |
| 4.7.1 | Beradene A | 88 |
| 4.7.2 | Beradene B | 88 |
| 4.7.3 | Beradene C | 89 |
| 4.7.4 | Beradene D | 89 |
| 4.7.5 | Beradene E | 90 |
| 4.7.6 | Beradene F | 90 |
| 4.7.7 | Afdeling 1: Familiegeskiedenis met voorlopige gevolgtrekking | 91 |
| 4.7.8 | Afdeling 2: Godsdiensagtergrond met voorlopige gevolgtrekking | 93 |
| 4.7.9 | Afdeling 3: Persoonlike verhoudings met voorlopige gevolgtrekking | 95 |
| 4.7.10 | Afdeling 4: Persoonlike ervaring met voorlopige gevolgtrekking | 96 |
| 4.8 | GEVOLGTREKKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING | 98 |
| 4.9 | SAMEVATTING | 101 |
| HOOFSTUK 5: | | 102 |
| PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT EENSYDIGE VERGIFNIS | | 102 |
| 5.1 | INLEIDING | 103 |
| 5.2 | OORSIG OOR DIE WERKING VAN ZERFASS SE MODEL | 103 |
| 5.3 | SAMEVATTING VAN SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF | 103 |
| 5.4 | SAMEVATTING VAN PERSPEKTIEWE VANUIT DIE DEELWETENSKAPPE | 105 |
| 5.5 | SAMEVATTING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING | 106 |
| 5.6 | SAMEVATTENDE VERSLAG VAN BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN EENSYDIGE VERGIFNIS EN VOORGESTELDE PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE | 107 |
| 5.7 | SAMEVATTING | 113 |

HOOFSTUK 6: 114
FINALE GEVOLGTREKKING 114
6.1 INLEIDING 114
6.2 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE SKRIF 114
6.3 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE DEELWETEN-SKAPPE 115
6.4 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING 116
6.5 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE FORMULERING VAN PRAKTYKTEORIE MET DIE OOG OP VERNUWING VAN DIE PRAKSIS 117
6.6 SLOTWOORD 118
6.7 VOORGESTELDE TERREINE VAN VERDERE NAVORSING 119

OPSOMMING EN SLEUTELTERME 120
ABSTRACT AND KEYWORDS 122
BRONNELYS 123

BYLAE 1 Skets 1 – HART: GEWOND 129
BYLAE 2 Skets 2 – HART: WRAAKGEDAGTES 130
BYLAE 3 Skets 3 – HART: VERGIFNIS 131
BYLAE 4 Skets 4 – HART: SATAN WIL WEER INKOM 132
BYLAE 5 Geleiding van senuwee impulse deur die liggaam 133
BYLAE 6 Brief aan respondente vir goedkeuring 135
BYLAE 7 KENNISGEWING VAN DEELNAME EN TOESTEMMING OM TE PUBLISEER 137
BYLAE 8 VRAELYS: Afdeling 1 138
Afdeling 2 139
Afdeling 3 140
Afdeling 4 141

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1. TITEL EN SLEUTELTERME

### 1.1 TITEL:

Eensydige vergifnis: 'n Pastorale studie.

#### 1.1.1 SLEUTELTERME:

Afrikaans: Eensydig, vergifnis, emosionele verwonding, pastoraal, onvoorwaardelike, intrapersoonlik.
Engels: Unilateral, forgiveness, emotional woundedness, pastoral, unconditionally, intrapersonal.

### 1.2 DEFINIËRING VAN ENKELE TERME

#### 1.2.1 Eensydig

Die HAT verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (Odendal *et al., 1994 : 146)* verklaar ***eensydig*** as volg:

*"Wat een party besonderlik raak: 'n verdrag eensydig opsê."*

Govier (2002:63) beskryf eensydigheid in terme van vergifnis as 'n proses wat streng fokus op die gelowe, gevoelens, gesindheid en besluite van die slagoffer. Dit is nie afhanklik van enige spesifieke reaksie van die kant van die oortreder nie, met ander woorde sonder in agneming van of die oortreder berou toon en wat hy doen. In hierdie definisie word versoening tussen die twee partye dus heeltemal buite rekening gelaat, want die oortreder is glad nie betrokke by die vergifnis proses nie.

#### 1.2.2 Vergifnis.

Watts en Gulliford (2004:85) omskryf vergifnis as 'n oorkoming van negatiewe affeksie en oordeel teen die oortreder, nie deur die ontkenning van die slagoffer se eie regte tot affeksie en oordeel nie, maar deur n poging om die oortreder met medelye, welwillendheid en liefde te sien terwyl daar erken word dat die oortreder sy reg daarop versaak het.

Enright en Fitzgibbons (2000:24) verduidelik vergifnis as 'n rasionele bepaling van die slagoffer dat hy onregverdig behandel is, maar dat hy bereid is om te vergewe en dus haatdraendheid en verwante reaksies (waartoe hy die reg het), sal opgee en 'n poging sal aanwend om sy reaksies tot die oortreder te baseer op die morele beginsels van

liefdadigheid. Nieder & Thompson (1992:43) verwys na Bybelse vergifnis en skryf tereg dat 'n mens nie ware vergifnis kan verstaan voordat jy eers besef dat God 'n mens eerste vergewe het nie (Efes 4:32). Om iemand te vergewe, is om te bloei (Hebr 9:22). Jy kanselleer 'n skuldbrief, want die een wat jy vergewe gaan jou *nooit* terugbetaal nie en jy deponeer iets in sy rekening wat hy nie verdien het nie, naamlik vryheid en liefde.

Twee kwessies kom uit hierdie definisies na vore naamlik:

- Dat die slagoffer 'n *reg* het tot oordeel en haatdraendheid teenoor die oortreder.
- Dat die slagoffer 'n *rasionele besluit* maak om afstand te doen van sy reg tot vergelding ten opsigte van sy seer, en dit vervang met gevoelens van welwillendheid en liefdadigheid teenoor die oortreder.

Worthington (2003:66) verduidelik God Drie-eenheid se rol in die vergifnisproses. Hy voel dat die mens se pogings en strewe na vergifnis alleen nie toereikend is nie. God is die bron van vergifnis en het deel aan vergifnis. Sonder Hom is 'n mens nie instaat tot ware vergifnis op'n geestelike, betekenisvolle wyse en op eie krag nie. Die Heilige Gees is betrokke by die heiligmakingsproses en roep gelowiges tot heelheid. Vergifnis is essensieel om verdeeldheid te herstel en skep 'n verenigde liggaam vir Christus. Die Heilige Gees bewerk dus vergifnis binne die mens deur die versoenende krag van Jesus se plaasvervangende, opofferende dood. Die Gees bevorder aktief mense se ontvangs van vergifnis, bring hulle tot geloof en dus tot wedergeboorte.

### 1.2.3 Intrapersoonlik

Watts en Gulliford (2004:85) verduidelik intrapersoonlik in terme van vergifnis as die gevoelens, gedagtes en gedrag, geassosieer met vergifnis *binne* die individu wat wil vergewe.

### 1.2.4 Emosionele verwonding

Emosionele verwonding verwys na iemand wat 'n traumatiese ervaring ondergaan het en in die proses emosionele pyn ervaar.

Worthington (2003: 83 -84) stel dit soos volg. As 'n persoon seergemaak word of aanstoot gegee word, reageer hy emosioneel op enige van verskeie wyses, soos met vrees of woede. Soms probeer die slagoffer selfs rondom die pyn beweeg deur verstandelike selfverdedigings prosesse soos ontkenning en blamering. Daar word gebroei oor die seer en oortredings, wat daartoe lei dat bitterheid en onvergewensgesindheid ontstaan. Enright (2002: 33) sê woede is die primêre en gepaste reaksie tot verwonding. Woede het 'n morele kwaliteit terwyl haatdraendheid die aaneenlopende herhaling van die oorspronklike woede is. Die verwonding word onthou en die emosies wat die seer omring, word weer en weer gevoel en ervaar. Stoop en Masteller (1996:179) se antwoord op hoe hierdie siklus gestop kan word is eenvoudig:

*"Forgiveness is the key to freedom from the effects of our past."*

## 1.3 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.3.1 Oriëntering

Die navorser het die afgelope drie jaar voltyds terapie in die konteks van pastorale hulpverlening gedoen met mense wat emosioneel verwond is as gevolg van negatiewe lewenservaringe in die verlede, wat steeds 'n invloed uitgeoefen het op die persoon se huidige omstandighede: hul geestelike groei; gemoedstoestand en hul liggaam. Dit was dan ook die rede waarvoor hulle gekom het vir terapeutiese-hulp.

Hierdie emosionele verwondinge het genesing nodig maar daar is ervaar dat innerlike genesing nie kon plaasvind of realiseer as vergifnis nie plaasgevind het nie. In die meeste van die gevalle was die vergifnisproses *eensydig,* want die oortreders wat verantwoordelik was vir hierdie negatiewe lewenservaringe was afwesig as gevolg van die dood, in die gevangenis of net onopspoorbaar. Andersins was die oortreder onwillig om sy skuld te erken of was daar 'n gebrek aan berou.

Retief (2004:156) noem dat as 'n persoon 'n traumatiese ervaring beleef het as gevolg van 'n ander persoon se toedoen, dit spesifieke, eg menslike emosies tot gevolg het, naamlik gevoelens soos haat, woede, afsku, wraak en verontwaardiging wat teen die oortreder gerig is.

Vergifnis is dus nodig. Volgens Govier (2002: 62) ontstaan die vraag: Wat is die morele gepaste gesindheid vir die slagoffer onder sulke omstandighede? As die oortreder nooit hul verkeerde dade erken nie, sou die gebrek aan erkenning beteken dat slagoffers woedend, haatdraend en wraakgierig moet bly voel, teenoor die oortreder, en die pyn van verwonding bly ervaar.

### 1.3.2 Probleemstelling

Die navorsingsarea waarop hierdie studie gefokus word, is eensydige vergifnis in die lig van die afwesigheid van die oortreder. Aspekte van afwesigheid kan byvoorbeeld die volgende insluit: dood of sy onwilligheid tot berou en versoening. Stoop & Masteller (1996: 164) stel dit so:

> *"Someone has said that forgiveness is a "unilateral process." This means it is something we do on our own, regardless of whether the other person respond."*

Die probleem is of so 'n tipe vergifnis bestaansreg het en of dit enige positiewe resultate kan lewer. Daar bestaan heelwat gemengde gevoelens hieroor in literatuur. Volgens Govier (2002:62) is die vraag egter wat doen 'n slagoffer as hy/sy emosioneel verwond is en die oortreders is dood, onopspoorbaar of weier om enige berou te toon, of dit sou selfs

gevaarlik wees om met sekere oortreders te versoen. Moet die slagoffers dan verbonde bly aan die *verlede?*

1.3.2.1 Die realiteit van die kwessies uit die verlede:

Adams (1974:172) het bevind dat emosionele verwonde mense fokus op die verlede. Solank as wat hulle dit doen, *kan* verandering nie plaasvind nie, aangesien hulle nie die verlede kan verander nie. Dit is nie die verlede waarmee gehandel word nie, want die verlede bestaan nie meer nie, slegs in hul herinneringe. Dit is ook nie die verlede wat verandering nodig het nie maar dit is die persoon/slagoffer self wat moet verander. Die verlede kan net hanteer word in die huidige – deur *vergifnis*. Griffin (2003:45) meen dat as 'n mens instaat is om te vergewe en so gebeure in die verlede laat gaan, verloor die verlede sy mag oor 'n mens. Alhoewel die herinneringe aan die gebeure altyd daar sal wees, soos 'n ou litteken, omdat 'n mens nie die verlede of wat gebeur het kan uitvee nie, kan dit nie meer jou lewe beheer nie. Vergifnis verander nie die verlede nie maar verruim die toekoms.

Alhoewel daar verskillende sieninge is, het dit implikasies vir die navorsingsarea van eensydige vergifnis wat nie hier beredeneer gaan word nie.

1.3.2.2 Literatuur en vergifnis:

Uit 'n oorsigtelike literatuurstudie blyk dit dat nie almal vergifnis as noodsaaklik beskou nie. Enright en Fitzgibbons (2000: 268 – 276) gee in hul boek heelwat skeptiese sieninge ten opsigte van vergifnis:

1. 'n Persoon wat vergewe is swak en lafhartig en het geen ander toevlug nie;
2. vergifnis is dis-respekvol tot die oortreder. As iemand jou seergemaak het, is dit die beste om haatdraend te wees sodat ander weet jy neem dit ernstig op;
3. vergifnis verminder die motivering om die oortreder te straf. Vergifnis dwarsboom dus geregtigheid;
4. vergifnis verblind die vergewer vir wat reg en verkeerd is;
5. vergifnis is logies net nie moontlik nie want die slagoffer kan nie die oortreding uitvee nie;
6. meer vanaf die psigologie as die filosofie word vergifnis as negatief gesien en aangesien dit altyd na 'n ongeregtigheid plaasvind en nie enige ongeregtigheid voorkom nie, is dit 'n passiewe vorm van kommunikasie.

Worthington (2003:164) som hierteenoor die Christelike standpunt oor vergifnis baie mooi op deur te sê dat dit eerstens 'n opdrag van die Here in die Skrif was om te vergewe. Onvergewensgesindheid is 'n swaar vrag om te dra en alle mense sal graag daarvan bevry wil word. Worthington som dit soos volg verder op:

> *"The number of times someone has hurt us is not the issue. Whether the other person deserves forgiveness is not the issue. How we respond to God's grace is the issue."*

### 1.3.2.3 Die Skrif en vergifnis:

Die Skrif is by aanvanklike verkenning duidelik oor hoe vergifnis hanteer moet word. Adams (1979: 185) verwys na Matteus 18:15 waarin daar riglyne gegee word hoe opgetree moet word as jou broer teen jou gesondig het en nie berou wil toon nie. Hierdie riglyne is egter vir gelowiges bedoel en nie vir ongelowiges nie. Tweedens bied dit'n oplossing vir konflikte binne die kerk en nie die breër gemeenskap nie. In Sy lewe op aarde stel Jesus egter self vir alle mense 'n voorbeeld. Volgens Watts en Gulliford (2004:87) verkeer Jesus Christus met tollenaars en sondaars sonder dat hulle eers belydenis en berou getoon het van hul sonde. Aan die kruis vra Jesus Christus dat Sy moordenaars vergewe moet word sonder dat hulle nog enige berou getoon het (Luk 23:34). Gaines (2003:157) wys daarop dat, deur navolging van Christus se vergifnis aan sy moordenaars wat geen berou getoon het nie, word 'n slagoffer wat bereid is om vergifnis te skenk, deel van 'n sirkulêre proses wat die heilige en menslike omsluit, en wat dus meewerk met God om die gebroke wêreld rondom die mens te genees. Stoop & Masteller (1996:163) sien die vergifnisproses as dat dit drie aspekte insluit naamlik:

- God, die finale Regter, aan wie die mens rekenskap ten laaste verskuldig is ten opsigte van sy "skulde";
- Die oortreder wat aanstoot gegee het deur sy optrede, woorde of gedrag;
- Die slagoffer in wie daar bitterheid groei teenoor die oortreder. Hierdie bitterheid doen skade aan die een wat dit huisves. Die enigste wyse waarop ontslae geraak kan word van die gif van bitterheid in jou sisteem, is deur vergifnis.

Wat uitstaan in hul beskrywing is dat die vergifnis by God begin omdat Hy ons eerste vergifnis geskenk het. Jesus Christus se opdrag aan die mens is dus om ander te vergeef soos Hy die mens vergewe het. Seamands (2003:143) voel dat die proses van vergifnis die mens weer by die kruis van Christus bring - nie net om genees te word van *emosionele pyn* nie, maar ook om met Hom te versoen.

### 1.3.2.4 Onvergewensgesindheid

Worthington (2003:31-33) omskryf onvergewensgesindheid as vertraagde negatiewe emosies wat 'n mengelmoes van emosies soos wrewel, vyandigheid, vrees, haat, bitterheid en woede insluit. Negatiewe emosies smelt dus saam in 'n gevoel wat 'n mens se geheue etiketteer as "onvergewensgesindheid". Onvergewensgesindheid is dus saamgestelde emosies. Om die proses van onvergewensgesindheid te verduidelik, gebruik die skrywer 'n vloeikaart wat die proses illustreer soos dit beweeg vanaf die aanvanklike oortreding, na eie persepsie van oortreding wat seergemaak het, gevolg deur warm emosies soos woede en vrees, dan bepeinsing. Dit is herhaaldelike reflektering van wat jou seergemaak het, tot by uiteindelike onvergewensgesindheid.

1.3.2.5 Gevolge van negatiewe onderdrukte emosies waaronder onvergewensgesindheid

Ten opsigte van emotiewe dimensie:

Enright en Fitzgibbons (2000:47) huldig die siening dat woede 'n betekenisvolle faktor is in 'n reeks kliniese ongesteldhede soos depressie en angstigheid. Dit voorsien die insig dat terwyl slagoffers wag vir berou van hul oortreders ten einde te kan begin vergewe, dit hulle hul gesondheid kan kos.
Adams (1974:372) noem dat aanhoudende broei (dit is gedagtes sonder aksie of peins oor oortredings teen jou), kan lei tot selfbejammering, depressie, wanhoop, selfs moord en selfmoord, terwyl Stoop & Masteller (1996:228) verduidelik hoe gevaarlik onderdrukte gevoelens kan wees. Hulle noem dat woede wat ontken word bitterheid en haatdraendheid produseer.

*"Resentment is like a poison we carry around inside us with the hope that when we get the chance, we can deposit it where it will harm another who has injured us. The fact is that we carry this poison at extreme risk to ourselves."*

Ten opsigte van die liggaamlike dimensie:

Backus (1996:28-29) meen dat 'n mens se gees en siel (bestaande uit denke, wil en emosies), en jou liggaam, interafhanklik van mekaar is. Daarom bevind Backus (1996:22) dat gedagtes 'n mens fisies siek kan maak. Sulke gedagtes kan ook optimale gesondheid voorkom. Veral gedagtes wat 'n innerlike klimaat van woede, vrees, bitterheid of haatdraendheid meebring. Dit is omdat sulke negatiewe patrone die sielkundige prosesse en die liggaam se immuunreaksies onderdruk. Kenny *et al.* (2000: 68) stem hiermee saam en noem dat lae vlakke van volgehoue chroniese stres en depressie kan lei tot 'n geleidelike immuundisfunksie wat tot gevolg het dat simptome van een of ander siekte later sigbaar kan word.

Ten opsigte van die psigologiese dimensie (sielslewe):

Nieder & Thompson (1992: 23) skryf dat om van harte te vergewe, beteken dat jou denke, wil en emosies daarby betrokke moet wees. Die skrywers noem ook dat vergifnis nie die gevolg van emosionele genesing is nie, maar die **begin** van die genesingsproses is. As ons gaan kyk na die sielsdimensie van die mens wat bestaan uit emosies, denke en die wil, blyk dit uit die voorafgaande dat aldrie aspekte betrokke is by die vergifnisproses. Dit geld veral ook vir eensydige vergifnis wat meer op 'n intrapersoonlike vlak plaasvind.

'n Oorweldigende hoeveelheid literatuur kan gevind word oor die gevolge van emosionele verwondinge. Die meeste skrywers stem saam dat 'n mens se emosionele verwondinge en die gepaardgaande gevoelens gevaarlik kan wees vir sy algehele gesondheid as dit onderdruk sou word.

1.3.2.6 Die kwessie van eensydige vergifnis sonder berou:

Voorafgaande bevestig dus dat vergifnis noodsaaklik is vir die genesing van emosionele wonde by slagoffers. Daar egter nie eenstemmigheid ten opsigte van die nuttigheid en terapeutiese waarde van **eensydige** vergifnis nie. Want by eensydige vergifnis kan geen berou of versoening plaasvind en geen "closure" kom nie (Ransley & Spy 2004: 141). Uit 'n studie van Ransley & Spy (2004: 62-64) word bevind dat omtrent almal van die betrokke respondente aandui dat waar die oortreding erken en berou getoon is, sowel as verantwoordelikheid geneem is deur die oortreder vir sy daad, vergifnis en die aflê van negatiewe emosies makliker was. Ander het weer te kenne gegee dat die sekondêre seer as gevolg van die onwilligheid van die oortreder om berou te toon, erger was as die aanvanklike emosionele verwonding. Ransley & Spy voel dat waar daar geen berou aangebied word nie, word die trauma intenser. Hoe kan jy stop om woede te ervaar as die oortreder ontken dat daar iets is om voor kwaad te wees?

Watts & Gulliford (2004: 53, 56) voel dat die balans tussen die positiewe en negatiewe aspekte van vergifnis duidelik word met die vraag van die verhouding tussen berou en vergifnis. Om vergifnis te beklemtoon en berou te vereenvoudig is te positief en dui op goedkoop genade. Om aan die anderkant berou te beklemtoon en vergifnis uit te sluit is weer negatief. Die vraag ontstaan dus of daar enige vergifnis sonder berou kan wees. Die bogenoemde skrywers sien vergifnis wat nie aan berou verbind is nie as oppervlakkig. Volgens hulle is die verbinding van berou en vergifnis 'n teologiese en psigologiese kwessie. Die skrywers neem sterk standpunt in en sê dat daar geen vergifnis sonder berou en geen berou sonder vergifnis is nie. Hulle haal ook aan dat God onvoorwaardelike vergifnis vir sonde aan die mens skenk, maar voel dat onvoorwaardelike vergifnis op so 'n wyse bo die menslike natuur is en dus nie moontlik is nie.

Adams (1979: 216) se inset kan byna as 'n antwoord op bogenoemde stelling beskou word. Hy voel dat vergifnis en ware berou 'n verandering van denke (in die innerlike mens) voortbring en dat dit geskied deur die Heilige Gees se werking.

Seamands (2003: 142) wys daarop dat die doelwit van vergifnis versoening is. Dit is nie net om ontslae te raak van bitterheid en woede nie. So genesend soos dit mag wees. Vergifnis slegs om genees te word van bitterheid en woede, is die negatiewe kant van vergifnis, want die positiewe kant is versoening. As daar dus geen versoening verkry kan word nie, moet die slagoffer maar tevrede wees met minder as die beste. Op 'n versoeningskaal van een tot tien, sal so 'n eensydige vergifnis volgens hom, 'n drie behaal. Hy voel tog dat die slagoffer nie daar moet bly nie maar verantwoordelikheid vir sy eie lewe moet neem, deur die oortreder aan God te gee.

Worthington (2003: 51) lewer 'n waardevolle bydrae tot die debat. Hy beskryf beide kante se sienings. Die wat berou wil hê voordat hulle bereid is om vergifnis te skenk, wil soos God wees, want Hy vereis berou voordat Hy vergewe. Die anderkant wat eensydig wil vergewe sonder berou, wil ook soos Jesus Christus wees, want Hy het aan die kruis vir sy moordenaars gebid en hulle vergewe. (Luk 23:34)

Die navorser sien beide kante se redenering as ongeldig. 'n Mens kan nie God wees nie, want Hy sien in die mens se hart en vereis berou. 'n Mens kan nie in ander mense se harte hul motiewe sien nie. As berou dus nodig is voordat vergifnis geskenk word, is emosionele verwonde mense, wat nie berou kan verkry van hul oortreders nie, vasgevang in hul verlede en in hul pyn.

1.3.3 Stand van navorsing

'n Uitgebreide bibliografiese soektog is met die hulp van Ferdinand Postma Biblioteek deur die gebruik van databasisse soos: ATLA "religion database", EBSCOhost en NEXUS databasis, gedoen. Daar is duidelik baie geskryf oor vergifnis en daar is ook kennis geneem van die "vergifnisprojek" wat deur Worthington en ander bedryf word en waarin navorsers en universiteite van oor die wêreld betrokke is. Die soektog het verder die volgende resultate opgelewer wat nie aandag gee aan eensydige vergifnis binne die konteks waarin die huidige navorsingsprojek aangepak word nie. Vandaar die nuwe navorsingsarea met betrekking tot eensydige vergifnis.

* 'n Proefskrif van G.A. Lotter met die titel *Counseling divorcees on forgiveness* (1987) wat ingedien is by die Westminster Theological Seminary.
In die studie toon hy aan dat God se vergifnis ook 'n invloed het op die verhouding tussen twee geskeides. Vergifnis is deel van die pastorale begeleidingsproses wat in die studie voorkom.

* 'n Navorsingstudie deur Ds. H.P. Kotze met die titel *Die proses van vergifnis as noodsaaklike element in die herstelproses van die emosioneel verwonde persoon- 'n Pastorale studie.*
In die studie toon hy aan dat vergifnis 'n belangrike bydrae kan lewer in die herstelproses van emosionele verwonde persone.

Vanuit hierdie databasis soektog het dit tog geblyk dat ten opsigte van eensydige vergifnis daar nog nie genoegsame navorsing gedoen is om werklik die terapeutiese waarde van eensydige vergifnis te bepaal nie. Die navorser is gevolglik oortuig dat dit 'n leemte in die praktiese teologiese vakgebied is en dat dit beslis 'n studie soos hierdie regverdig ten einde riglyne te formuleer waarvolgens die probleem op pastorale vlak hanteer kan word.

## 1.4 NAVORSINGSVRAAG

Hoe behoort 'n persoon pastoraal begelei te word met betrekking tot hantering van eensydige vergifnis ?

### 1.4.1 Verdere vrae:

- Watter perspektiewe bied die Skrif ten opsigte van eensydige vergifnis?
- Watter perspektiewe bied die hulpwetenskappe oor eensydige vergifnis en die waarde daarvan/ of verhinderende faktore vir die genesing van die emosioneel verwonde mens?

- Watter insigte, betreffende die aangeleentheid kan deur die empiriese ondersoek na vore kom?
- Watter praktykteoretiese model met riglyne kan geformuleer word om 'n emosioneel verwonde mens in sy hantering van eensydige vergifnis pastoraal te begelei?

## 1.5 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.5.1 Doelstelling:

Om aan te toon hoe 'n persoon pastoraal begelei kan word met betrekking tot hantering van eensydige vergifnis.

### 1.5.2 Doelwitte:

1. Om vas te stel wat die Skrif en die teologiese tradisie oor eensydige vergifnis na vore bring.
2. Om vas te stel wat die deelwetenskappe oor eensydige vergifnis en die waarde daarvan vir die emosionele verwonde persoon, kan byvoeg.
3. Om vas te stel of daar enige deurslaggewende insigte betreffende eensydige vergifnis is, wat deur 'n empiriese ondersoek na vore kom.
4. Om riglyne te formuleer vir die pastorale begeleiding van die emosionele verwonde mens in sy/haar hantering van eensydige vergifnis.

## 1.6 **SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT**

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is:
Die gesonde (geloofsvolwasse) hantering van eensydige vergifnis, in die afwesigheid van die oortreder se berou, is 'n noodsaaklike element in die herstel tot genesingsproses van die emosioneel verwonde mens en daarom behoort so 'n persoon pastoraal begelei te word.

## 1.7 NAVORSINGSMETODES

Vir die metodologie van hierdie studie se doeleindes, sal Zerfass in (Heyns en Pieterse, 1998: 36-40), se metode gebruik word om die doelwitte van die studie te bereik. Hierdie model rus op interaksie tussen basisteorie en metateorie om te kom tot 'n praktykteorie.

1.7.1 Basisteorie fokus op:

Die lig wat die Woord van God en geloofstradisie werp op die aspek van eensydige vergifnis en hoe dit hanteer moet word. Om na te vors watter insigte die kerklike tradisie vir die navorsings-onderwerp bied, word 'n literatuurstudie onderneem. Die ondersoek sal gedoen word vanuit die gereformeerde tradisie. Al die afkortings van Bybelboek verwysings sal volgens die 1983 vertaling gemaak word.

1.7.2 Metateorie fokus op:

Om vas te stel wat die deelwetenskappe getuig oor eensydige vergifnis, sal insigte op die terrein van psigologie, psigiatrie en neurologie nagevors word deur middel van literatuurstudie.

1.7.3 Empiriese navorsing fokus op:

Om vas te stel watter vernuwende insigte empiriese navorsing kan werp op die onderwerp, sal *eensydige* vergifnis by ses beradenes aan die hand van onderhoude en gepaardgaande vraelyste ondersoek word. Drie waarvan terapie reeds afgehandel is en drie wat nog besig is. Hierdie ondersoek sal deur middel van 'n kwalitatiewe navorsing 'n geleentheid bied om by 'n dieper verstaan en kennis uit te kom. Die empiriese navorsing sal ook geskied volgens die riglyne van die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit.

1.7.4 Praktykteorie fokus op:

Basisteorie en metateorie word in hermeneutiese wisselwerking tot mekaar gestel om sodoende by 'n praktykteorie uit te kom.

## 1.8 VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING

In die studie sal verwysing na geslag beide manlik en vroulik insluit. Daar sal ook voortdurend na die respondente verwys word as beradenes.

**Hoofstuk 1.**
Inleiding:

**Hoofstuk 2.**
Basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot eensydige vergifnis.
Skriftuurlike perspektief.

**Hoofstuk 3.**
Metateoretiese perspektiewe met betrekking tot eensydige vergifnis.
deelwetenskaplike perspektief

**Hoofstuk 4.**
Evaluering van die empiriese ondersoek se resultate.

**Hoofstuk 5.**
Praktykteoretiese perspektiewe met betrekking tot eensydige vergifnis.

**Hoofstuk 6.**
Gevolgtrekking
Bronnelys

## 1.9 SKEMATIESE VOORSTELLING

| Probleemstelling | Doelstelling en doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| 1. Hoe kan 'n emosionele verwonde persoon pastoraal begelei word met betrekking tot *eensydige vergifnis* ten einde te genees? | Om aan te toon wat die rol van pastorale begeleiding is ten opsigte van *eensydige vergifnis,* in die emosioneel verwonde persoon, se genesing | Die ondersoek word gedoen vanuit die gereformeerde tradisie. |
| 2. Watter perspektiewe bied die Skrif en die teologiese tradisie ten opsigte van die noodsaaklikheid van *eensydige vergifnis* vir die genesing van emosionele wonde? | Om vas te stel wat die Skrif en die teologiese tradisie oor *eensydige vergifnis* openbaar. | Skrifgedeeltes sal geïdentifiseer word en 'n ondersoek sal gedoen word volgens die openbarings-historiese metode. |
| 3. Watter perspektiewe bied die deelweten-skappe ten opsigte van die nuttigheid en moontlikheid van *eensydige vergifnis* vir die genesing van emosionele wonde? | Om vas te stel wat die deelwetenskappe oor *eensydige vergifnis* en die waarde daarvan vir die emosioneel verwonde persoon, bied. | Literatuurstudie sal gedoen word om die insigte van die deelwetenskappe te bepaal. |
| 4. Watter vernuwende insigte betreffende *eensydige vergifnis* kan deur die empiriese ondersoek na vore kom? | Om vas te stel of daar enige deurslagewende insigte betreffende eensydige vergifnis is wat deur die empiriese ondersoek na vore kom. | Navorsing oor die tema sal deur middel van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys, asook deur onderhoude bekom word. |
| 5. Watter riglyne kan geformuleer word vir die pastorale begeleiding van emosionele verwonde mense in hul hantering van *eensydige vergifnis?* | Om riglyne te formuleer vir die pastorale begeleiding van emosionele verwonde mense in hul hantering van *eensydige vergifnis.* | Riglyne word geformuleer deur die basisteorie en metateorie in hermeneutiese wisselwerking tot mekaar te stel en so by 'n praktykteorie uit te kom. |

# HOOFSTUK 2.

## BASISTEORIE – SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF

(Uit Skrif en teologiese tradisie)

### 2.1. INLEIDING

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om aan te toon wat die Woord van God getuig oor vergifnis wat kan bydra tot vernuwende insigte betreffende veral **eensydige vergifnis** wat die fokus van die studie is. Die navorsingsvraag vir hierdie hoofstuk is dus: watter perspektief bied die Skrif en teologiese tradisie as navorsingsbasis? Binne die prakties-teologiese hermeneuse word gepraat van die basis-teoretiese perspektief, want dit werk teologies en met 'n eksegetiese proses (vgl De Klerk & Janse Van Rensburg, 2005; Bosman, 2007). Die begrippe van vergifnis en berou in die Skrif sal ondersoek word deur 'n literatuurstudie te doen om Hebreeuse en Griekse woorde en hul betekenisse in die Ou Testament na te vors. Dit sal gekontrolleer word deur 'n voorbeeld uit die Ou Testament te neem, naamlik Jona en die rol wat vergifnis in sy lewe gespeel het. Ook die begrippe van vergifnis in die Nuwe Testament sal ondersoek word en vier Skrifgedeeltes, naamlik Lukas 17:3-4; Matteus 18:15,21-22; Markus 11:25; Matteus 6:12-15 sal bespreek word. Verder word vergifnis en berou in Judaisme ondersoek en daarteenoor berou en vergifnis in die Christendom. 'n Ondersoek na interpersoonlike vergifnis, die Goddelike dimensie maar ook die menslike kant, sal gedoen word. Laastens word God se doel met vergifnis ondersoek en bespreek.

### 2.2. DIE BEGRIPPE VAN VERGIFNIS EN BEROU IN DIE OU TESTAMENT

In Olivier *et al.* (1997:260-262) gee die skrywer 'n omvattende uiteensetting van vergifnis of "*salah*". God se vergifnis van sonde is fundamenteel tot die Bybelse geloof. Alhoewel die Ou Testament nie 'n sistematiese uiteensetting van die Goddelike vergewing bevat nie, is niks so belangrik as dat God sonde vergewe en dat die mens 'n voortdurende behoefte het aan sy vergifnis nie. Vergifnis word basies verstaan as die bewaring en herstel van die verbondsgemeenskap en word gebruik in die totale konsep

van God se verlossing. Vergifnis is nie eksklusief beperk tot geestelike seën nie, maar word ook ervaar in die herstel van aardse seëninge soos gesondheid, eer en kinders. God se vergifnis veroorsaak die verwydering van sonde, die afkeer van straf en die herstel van mense.

Twee begrippe word ook deur Adams (1979: 186-187) verduidelik wat vir vergifnis in die Ou Testament gebruik word. Die belangrikste begrip van die twee, *Salach*, dui op "om te verlig deur opheffing" en word altyd gebruik ten opsigte van Goddelike vergifnis. Die woord word vertaal deur die Griekse woord, *aphiemi* wat verbind word met boetedoening (Lev 4:20). Boetedoening volgens hierdie skrifgedeelte lei tot vergifnis. Die tweede term, *Nasa* beteken "om weg te neem deur op te lig". *Nasa* sluit vergifnis van God (Ps 25:18) sowel as interpersoonlike vergifnis tussen mense in (Gen 50:17). Terwyl *Salach* dus fokus op verligting deur die *ophef van die las*, fokus *nasa* op die *wegneem* van die las. Vanuit Renn (2005:406) word ook verwys na "*salah*". Dit kom vyftig keer in die Skrif voor, onder andere in Numeri 14:19; 1 Konings 8:30; en Daniël 9:19 in verband met pleitredes vir vergifnis van God. Die Mosaïese verbondswette maak voorsiening vir vergifnis aan die Israeliete ná hul geskikte boetedoenings-offers. Offers alleen het egter nie outomaties vergifnis gewaarborg nie – 'n gepaste gesindheid van berou moes ook teenwoordig wees (vgl bv. 2 Kron 7:14).

Nog twee begrippe wat in die Skrif voorkom en wat die betekenis van vergifnis verduidelik word bygevoeg deur Lotter (1987: 1-2) naamlik: *Kaphar* wat "om sonde te bedek" beteken en dui op 'n losprys (Lev 16:21-22). Ook *Machach* beteken " wat was bestaan nie meer nie, dit is weggeneem" (Jes 43:25)

Olivier *et al.* (1997:263) waarsku ook dat, omdat daar nie 'n eenvormige begrip van vergifnis in die Ou Testament is nie, daar maklik identifikasie kan voorkom tussen die Ou Testamentiese begrip van vergifnis en die latere Christelike verstaan daarvan. Die tema van onvoorwaardelike vergifnis het eers duidelik geword by die belofte van die nuwe verbond (Jer 31:34), waar God al Israel en Juda se sondes sou verwyder en daaroor nooit weer gepraat sal word nie. God se genadige en onvoorwaardelike vergifnis vorm

die essensiele band tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament, aldus Olivier *et al.* (1997:263)

## 2.3 OU TESTAMENTIESE VOORBEELD VAN VERGIFNIS

Volgens Die Bybel in Praktyk (1993:1289) kan mens die volle spektrum van God se liefde en genade sien in die verhaal van Jona en besef dat niemand, nie eers die diere, vir God onbelangrik is nie en dat Hy graag sy genade aan almal wil toon, vir almal wat berou toon en glo. Net soos Jona beoordeel die mens die ander mense vanuit die mens se eie bevooroordeelde perspektief. Die verhaal van Jona gee 'n ander perspektief, God se perspektief oor vergifnis. Vir die navorser is dit belangrik in hierdie studie dat die Goddelike perspektief oor vergifnis ondersoek moet word, daarom word die boek Jona spesifiek gebruik omdat dit die fokus van die studie (eensydige vergifnis) na vore bring en ondersteun.

Die boek Jona staan vyfde op die lys van die twaalf kleiner profete in die Hebreeuse Bybel. Collins (2004:536) meen dat die boek Jona verskil van al die ander profetiese boeke deurdat dit die verhaal oor 'n profeet vertel en nie konsentreer op sy profesie nie. Jona se boodskap aan die mense van Nineve word trouens in 'n enkele vers saamgevat: "Nog net veertig dae en Nineve word verwoes"(Jona 3:4). Ten opsigte van Jona se identiteit meen Harrison (1975:904) en Stuart (1987:431) dat 2 Konings 14:25 die profeet Jona, seun van Amittai van Gath-hepher naby Nasaret, beskryf. Die profeet Jona was 'n profeet van hoop in die koninkryk van Jeroboam II. Die interpretasie van die boek Jona kan egter vanuit twee benaderings gemaak word, naamlik die van 'n *gelykenis* of vanuit 'n *tradisionele historiese oogpunt* en elkeen hiervan bied weer sy eie probleme. Vir Harrison (1975: 918) bevat Jona geen nasionaal-historiese element nie, en ook niks oor die stryd tussen Israel en die heidense wêreld nie. Die kwessie was moreel van aard en hanteer gevolglik vrae van sonde, straf, berou en vergifnis. Die boek dra 'n boodskap vir al die Jode dat God se genade baie verder strek as net die uitverkose volk. Die sentrale tema van die boek is egter dat Jona uitgedaag word om gehoorsaamheid en vergifnis te leer, aldus Gaines (2003:8).

Volgens Gaines (2003: 8) is die boek van Jona 'n hoogtepunt in die Hebreeuse Skrif, (*Tanak*) 'n toppunt in Goddelike openbaring oor die dilemma van vergifnis. Dit vertel die verhaal van Jona, 'n suksesvolle Joodse profeet ( 2 Kon 14:28) wat die opdrag van God kry om na Nineve toe te gaan en te waarsku dat God hul gaan vernietig as gevolg van hul sonde. In Nineve bly, volgens die Skrif, 120 000 Assiriers, vyande van die Israeliete en bekend vir hul wreedheid. Jona weier die opdrag en vlug met 'n skip na die weste waar Tarsis geleë is. God laat egter nie sy profeet wegkom nie en stuur 'n kwaai storm op see. Terwyl die matrose spook om die skip en hul eie lewens te red, verkeer Jona in 'n diepe slaap. Tydens hierdie insident is en bly Jona passief. Die kaptein moet hom wakker maak en aansê om te bid tot sy God. Daarna wys die matrose hom met die lot aan as die rede vir die storm, en so kom hy tot 'n belydenis. Laastens moet die matrose hom vra wat om met hom te doen sodat die see kalm kan word.

Uiteindelik erken Jona sy skuld en bied 'n oplossing: "Vat my en gooi my in die see" (Jona 1:12). God gryp egter met 'n wonderwerk in en stuur 'n groot vis om Jona te red deur hom in te sluk. In die vis bid Jona 'n dankgesang en ontvang vergifnis vir sy ongehoorsaamheid en weereens dieselfde opdrag van God. Stuart (1987: 439) meen dat hierdie uitdrukking van dank eerder 'n treurgesang moes wees. Die dankgesang blyk uit sy plek te wees in die maag van 'n vis. Die vis was egter in hierdie geval 'n redding van verdrinking vir Jona en gevolglik is die Psalm 'n danksegging vir verlossing wat reeds ervaar is. Jona het dus reeds verlossing (vergifnis?) in die vis se maag ervaar, daarom sy dankpsalm. Nêrens in die Skrif is daar egter 'n aanduiding dat Jona belydenis gedoen het of berou getoon het vir beide sy fisiese en psigologiese "verraad" nie.

Alhoewel profete normaalweg gehoorsaam was aan God se Woord, was Jona se haat vir die Assiriers (wat tog vir God waardevol was) te groot, daarom sy ongehoorsaamheid. Dit wil dus vir die navorser voorkom of God Jona se ongehoorsaamheid hier **eensydig** vergewe het terwyl hy eintlik die dood verdien het.

Hierna beveel God die vis om Jona op die droë grond uit te spoeg. Hierdie keer gaan Jona om sy opdrag uit te voer en lewer sy kort boodskap waarop Nineve se mense dadelik glo

en berou toon. Sodoende vergewe God hulle en weerhou Sy straf tot Jona se ontnugtering en teen sy sin (Jona 3:8-10). Stuart (1987: 479) meen dat ook die mense van Nineve die dood verdien het en dat daar 'n sterk ooreenkoms tussen Jona en die Nineviete is. Martin (1978:260) ondersoek die berou van Nineve en gee veral aandag aan die oorsprong en die aard van hul berou. Martin bevind dat die oorsprong van hul berou eerstens gevind kan word in hul geloof in God (Jona 3:5). Hierin kan God se hand duidelik gesien word en ook die werking van die Heilige Gees. Hierdie geloof was nie "van hulself nie" want hulle was heidene, maar dit was 'n gawe van God. Verder het die Nineviete ook hoop gehad, gegrond op die waarskuwing wat van Jona ontvang is. God kon die stad verwoes het sonder 'n vooraf waarskuwing. Hierdie hoop was ook gegrond op die teken van Jona (vgl. Luk 11:30). Die Nineviete moes Jona se geskiedenis geken het. Sonder kennis dáárvan kon Jona nie vir hulle 'n teken gewees het nie. Hul hoop was voldoende ten einde te voorkom dat hul vrees vir die verwoesting in wanhoop sou verander. God het dus reeds vanaf die vroeë begin inisiatief geneem ten opsigte van die redding van die Nineviete.

Vir Martin (1978:261) is die aard van ware berou geleë in die beginsel dat daar 'n totale verandering plaasvind van verstand en van hart. Dit ontstaan normaalweg by wedergeboorte en behels die vorming van 'n nuwe hart, en opregte gees, in 'n nuwe skepsel deur die werking van die Heilige Gees. Die Bybelse teks gee geen aanduiding dat dit met die Nineviete gebeur het nie.

Die Nineviete het wel berou getoon in 'n sin en weggedraai van hul sondige weë na veiliger grond, maar het nie ware geestelike verandering ondergaan nie. Geen Bybelse getuienis bestaan dat die Nineviete Jode geword het deur besnydenis nie. Hulle het ook nie hulle afgodediens opgegee of vrede gemaak met die Israeliete nie. Die sonde waaroor hulle aangespreek is, was die verbreking van moraliteit net soos deur Sodom en Gomorra. Die Nineviete het alleenlik berou getoon vir die deel van hul sondige dade waarvoor hulle aangespreek was. God het skynbaar ook niks anders van hulle verwag nie, daarom vergewe Hy hulle en weerhou sy straf, aldus Gaines (2003:92). Stuart ( 1987:497) noem dat die berou van die Nineviete nie permanent was nie, dat hulle heelwaarskynlik vir Jona as 'n verteenwoordiger van een van hul eie gode gesien het. Hulle toon egter berou

alleenlik op daardie punt waaroor hul aangespreek is en hierdie **onvolmaakte berou** is genoeg vir God om Sy wagtende genade te betoon en vergifnis te gee. Nineve het 'n menigte sondes begaan voor Jona se besoek en sou weer vir die volgende eeu, tot hul val in 611vC, terugval in sonde. God bied egter aan mense, wat niks anders as sonde ken nie, 'n keuse uit hul sonde deur sy eensydige inisiatief tot redding, deur suiwer genade. God behou die reg, die mag en die outoriteit. Hy manifesteer sy soewereiniteit nie in onversetlikheid nie maar in genade en gewilligheid om alle mense te vergewe. Die burgers van Nineve kon glo en berou toon maar kon nie beheer wat God vry was om aan hulle te doen of nie te doen nie. Hulle kon hoop vir verlossing maar kon dit nie verwag nie. Smith & Page (1995: 273) meen dat die "draai" van die Nineviete op die minste 'n erkenning van hul sondige omstandighede voor God demonstreer en nie algehele oorgawe nie, soos Jona se Goddelike voorsiening die skaduwee van die plant was, wat hy nie verdien het nie. So was Nineve se Goddelike voorsiening verlossing en vergifnis wat hulle nie verdien het nie gebaseer op 'n berou wat hulle nie verstaan het nie. Uit laasgenoemde aanhaling kan daar aanvaar word dat ook die vergifnis wat God aan die Nineviete betoon het as eensydige vergifnis beskou kan word. Volgens Gaines (2003:134) word daar drie tipes vergifnis in die boek Jona beskryf, naamlik:

- God se eensydige vergifnis van Jona binne die vis (sonder enige berou);
- God se vergifnis van Nineve;
- Jona se vergifnis van Nineve (of dit gerealiseer het is 'n ope debat) waar die Skrif nie 'n duidelike antwoord voorsien nie.

In die Hebreeuse Skrif behoort die volmaakte vergifnis aan God. God se opdrag aan die Ou Testamentiese gelowiges is om te vergeef. So moes Jona die Nineviete eensydig vergewe het, al was hulle nie berouvol teenoor hom of die Isrealiete nie. Die Bybel in Praktyk (1993:1289) meen dat die verhaal juis afsluit sonder om Jona se antwoord te gee, ten einde daarmee elke gelowige te betrek om self die antwoord te gee. Hierdie gedeelte kan belangrike riglyne vir hierdie studie bevat, ten opsigte van eensydige vergifnis.

## 2.4. DIE BEGRIPPE VAN VERGIFNIS EN BEROU IN DIE NUWE TESTAMENT

Louw & Nida (1989: 503) verwys na vergifnis in die Nuwe Testament en waarsku dat dit baie belangrik is dat die fokus in die vergifnisproses val op die *skuld* van die oortreder en nie op die *oortreding* self nie. Die handeling van die oortreding word nie ongedaan gemaak nie, maar die skuld wat daarmee gepaard gaan, word verwyder deur vergifnis. Daarom beteken om sonde te vergeef letterlik om skuld te vergeef. Alhoewel die betekenis van vergifnis soms letterlik is om "uit te vee" of "uit te wis" (vgl Jes 1:18), is dit nie moontlik om die oortreding uit te wis nie, maar wel moontlik om die skuld te verwyder.

Twee begrippe as vertalings van vergifnis word weereens deur Adams (1979: 188-189) gegee. *Aphiemi* fokus op die *skuld*konsep wat ten volle betaal is en beteken "om te laat gaan, te bevry of te skenk ". Die woord word letterlik en figuurlik op hierdie wyse in die Nuwe Testament gebruik. *Aphesis* is die selfstandige naamwoord van *aphiemi.* Volgens Renn (2005:406) beteken die woord "*aphiemi*" "vrylating van gevangenis" en dit kom honderd en vyftig keer voor in die Skrif, onder andere ook in Lukas 4:18 en Jesaja 61:1-2. *Charizomai* beteken "om vergifnis vrylik en onvoorwaardelik te skenk". Die geskenk van vergifnis is altyd onverdiend deur die een wat dit ontvang. Die oortreder verdien straf en skuld maar vergifnis eis 'n offer van die gewer en nie die ontvanger nie, want die ontvanger se skuld word vrywillig gekanselleer (Efes 4:32 en Kol 2: 13). Cioni (2007:387) voeg hierby dat selfs vir goeie en normale mense, selfliefde gekwes word deur vergifnis te gee. Die vergewer kry dus seer. Die een wat vergewe, dra die gevolge van die sonde. Renn (2005:406) noem dat *Charizomai* twintig keer in die Skrif voorkom en dit bevestig bestaande betekenis van "vryelik gee". Dit verwys ook na beide menslike en Goddelike vergifnis soos gevind in Kolossense 3:13 en 2:13. Renn (2005:406) brei ook uit omtrent die betekenis van die woord. Terwyl God se genade en vergifnis duidelik teenwoordig was in die Ou Testament, was dit eers met die koms van Jesus Christus dat die volle impak van sy barmhartigheid sigbaar geword het. God vereis berou van sy mense maar selfs daardie handeling (berou) is geïnisieer deur sy handeling uit sy soewereine genade, soos God se optrede met die Nineviete 'n bewys daarvan is (vgl Rom

5:6-8). Vanuit hierdie perspektief vind alle gelowiges as mense van God hulself verplig deur Sy weldaad, om op *hul* beurt weer menslike vergifnis te verleen. Louw & Nida (1989: 582) toon ook aan dat die mens onder verpligting is om te vergewe as gevolg van die feit dat hulself 'n waardevolle gawe, naamlik Jesus Christus se offer, ontvang het. Volgens Adams (1979: 192) is die basis van vergifnis dat dit God sy enigste Seun gekos het vir die kwytskelding (*aphesis* = vergifnis) van sonde, omdat God heilig en regverdig sowel as genadig en barmhartig is, en beide heiligheid en regverdigheid moes bevredig word (Rom 9:22 –23).

Daar kom volgens Watts & Gulliford (2004:54) 'n teenstrydigheid in die vertaling van woorde soos vergifnis en berou in die Nuwe Testament voor. In die Engelse vertaling verkry "forgiveness" die betekenis van kwytskelding of suiwering van morele tekortkominge, terwyl die Griekse woord *aphesis* dui op vrymaking van skuld wat voorkom op die diepste persoonlike vlak van die mens. Die kernverskil hier, is dat vergifnis nou meer moralisties verstaan word as wat die bedoeling in die Ou en Nuwe Testament was. So word ook "repentance" vanaf die Griekse woord *poine* vertaal wat straf beteken, terwyl die Griekse woord vir berou – *metanioa* 'n verandering of hernuwing van die hele psige, dus die hele persoon, omskryf. Watts & Gulliford se gevolgtrekking hiervan is dat in die Engelse vertaling beide vergifnis en berou, 'n meer negatiewe konnotasie verkry het as wat bedoel was deur die Nuwe Testamentiese skrywers. Bogenoemde betekenis word bevestig en aangevul deur Renn (2005:810) waar *"metanoia"* verwys na "om weg te draai van sonde". Dit kom voor in die Skrif in Matteus 3:8 waar dit veral verwys na die vrug van berou en bekering. In Hebreërs 12:21 word berou spesifiek aangedui as 'n totale verandering van gedagte.

Volgens Adams (1979:189) is vergifnis 'n groot multi-dimensionele konsep in die Bybel. Die navorser wil hierby aansluit en byvoeg dat die resultaat van vergifnis ook dieselfde multi-dimensionele aard het.

## 2.5. VERGIFNIS EN BEROU IN DIE NUWE TESTAMENT

Vier Skrifgedeeltes uit die Nuwe Testament sal op grond van verskillende skrywers se interpretasies bespreek word, naamlik Lukas 17:3-4; Matteus 18:15,21-22; Markus 11-25 en Matteus 6:12-15. Die Skrifgedeeltes is verteenwoordigend maar dek nie alle fasette van vergifnis in die Nuwe Testament nie. Die betrokke gedeeltes word gebruik omdat dit op verskeie wyses vir die gelowige riglyne bied ten opsigte van vergifnis. Dit is onvermydelik dat mense oortredings sal begaan wat ander sal seermaak, en sou dit gebeur, gee die Skrif riglyne van hoe konflik en vergifnis hanteer moet word.

### 2.5.1 Lukas 17:3-4

Die navorser ondersoek deur middel van 'n literatuurstudie hierdie Skrifgedeeltes ten einde vas te stel of daar riglyne afgelei kan word van hoe vergifnis hanteer moet word **as die oortreder berou sou toon**.

In die Bybel in Praktyk (1993: 1558) se bespreking van die gedeelte word bevind dat as iemand tereggewys word, dit nie beteken dat elke oortreding onderstreep word nie. Nee, dit beteken dat sy aandag op 'n *betrokke* oortreding gevestig word en die doel van so 'n teregwysing is dat hy ná berou, by God en sy medegelowiges herstel kan word. Die teregwysing in die Skrifgedeelte is dus direk gekoppel aan die oortreding, ten einde vergifnis mee te bring, anders is dit nie vir die betrokkenes van enige nut nie.

Berou vind plaas deurdat die skuldige sy oortreding erken. Dan is die geskikte respons onvoorwaardelike liefde, nie vergifnis nie, aldus Augsburger (1982: 69).
Onvoorwaardelike liefde inisieer egter vergifnis. Liefde verkies om die ander persoon as waardevol te sien ten spyte van sy oortreding, maar impliseer steeds dat niks teen die ander persoon gehou kan word nie. Augsburger verwys na bogenoemde Skrifgedeelte Lukas 17:3-4, en die uiteensetting van opeenvolgende gebeure:

- Daar is 'n oortreding;
- Die oortreder word steeds beskou as 'n geliefde broer;
- Daar vind 'n konfrontasie plaas;

- As hy berou het;
- Vergewe hom sonder om dit teen hom te hou;
- Selfs as die oortreding sewe maal herhaal word;
- Met n gewillige gesindheid om telkens sy berou as waar, opreg en eerlik te sien.

Opsommend blyk dit volgens Augsburger (1982:69) dat die pynlike oortreding eers plaasvind, dan herstelde liefde, daarna konfrontasie, berou en dan vergifnis soos dit mekaar opvolg. Dit is anders as met eensydige vergifnis waar 'n persoon eerstens vergewe sonder dat die ander eers berou moet toon.

Dit kan lesers daartoe lei om te dink dat die Skrifgedeelte beteken dat 'n mens moet wag totdat die oortreder berou kry voor jy vergewe. Volgens Nieder en Thompson (1992: 50) praat die Here hier van 'n situasie wat elke mens te wagte moet wees, want geen mens kan deur die lewe gaan sonder om ooit seergemaak te word nie en Hy wil hê dat elkeen in liefde daarop moet reageer. 'n Mens kan derhalwe nie van Sy woorde aflei dat die oortreders altyd eers berou sal hê voor hulle vergewe kan word nie. Die Griekse woord wat hier met "as" vertaal is, dui daarop dat die oortreder nie noodwendig berou sal hê nie. Jesus Christus impliseer met ander woorde dat die oortreder miskien berou sal hê maar miskien ook nie. Jesus Christus sê ook dat die mense wat 'n mens te nakom, in liefde tereggewys moet word sodat die oortreder daaruit kan leer voordat hy nog meer mense seermaak. Vergifnis is egter ook nie afhanklik van so 'n teregwysing of van berou nie. Die skrywers Nieder & Thompson (1992:50) meen dat die gelykenis van die verlore seun 'n goeie voorbeeld is waar die pa se verwelkoming 'n duidelike teken was dat hy klaar die seun vergewe het, voordat hy nog berou getoon het of dit selfs kon uitspreek. Vir die navorser is liefde 'n belangrike komponent van vergifnis. Sonder vergifnis, al het die vader nie geweet of die seun finaal teruggekom het nie, of dalk net weer kom geld vra het nie, sou die vader nie sy liefde kon toon nie. 1 Korintiërs 13:5 leer dat liefde nie boek hou van die kwaad nie.

Die Skrifgedeelte, Lukas 17:3-4 toon dat <u>as</u> die oortreder berou het hy vergewe moet word. Dit sê nie dat berou <u>vereis</u> word voordat 'n mens moet vergewe nie. Dit sê ook nie

wat 'n mens moet doen as die oortreder geen berou toon nie. Gebaseer op die gewig van die Nuwe Testamentiese getuienis en die getuienis van Jesus Christus se lewe, wil dit voorkom of daar in elk geval elke keer vergewe moet word, selfs voordat die skuldenaar om vergifnis vra. Volgens Matteus 18:22 het Jesus ook nie gepraat van die oortreder se berou toe Hy aan Petrus gesê het om sewentig maal sewe keer te vergewe nie (vgl. Worthington 2003:52)

Adams (1979: 226-229) verduidelik Lukas 17:3-4 so:

1. Van die slagoffer word vereis om inisiatief te neem en na die oortreder te gaan;
2. daar word van hom verwag om dan in liefde die oortreder tereg te wys/te berispe;
3. ook word van hom/haar vereis om die oortreder te vergewe as;
   3.1 hy berou het;
   3.2 so dikwels as hy berou het (tot sewe maal 'n dag);
   3.3 op die aanvaarding van sy woord alleen;
   3.4 of die slagoffer daarna voel of nie;
   3.5 omdat God dit beveel.

Die basiese Ou Testamentiese term vir "rebuke" is *yakach,* volgens Adams (1979:226). Dit beteken om jou saak te stel deur logiese argumente en nie met sterk emosies nie. Dit moet in liefde geskied (1 Kor 13:7) "glo alle dinge en hoop alle dinge". Die een wat berispe, moet 'n gewilligheid toon om nuwe getuienis aan te hoor en om sy broer die voordeel van die twyfel te gee. Die Skrifgedeelte maak dit baie duidelik dat vergifnis nie 'n emosie is nie. Die skrywer verwys ook na die gelykenis wat op die Skrifgedeelte volg van die slaaf wat 'n ete moes voorberei. Hy moes dit doen omdat dit sy plig was en nie om iets te verdien nie. Vergifnis moet gegee word op grond van gehoorsaamheid aan God. In Lukas 17:3-4 word <u>berou genoem in ooreenstemming met vergifnis</u>. Die teksvers dui ook aan wat die gesindheid van die gelowige slagoffer moet wees ten opsigte van vergifnis. As 'n onberouvolle broer/suster berispe moet word ten einde berou en versoening na te jaag, is dit duidelik dat die proses in Matteus 18:15 gevolg moet word as daar geen berou is nie.
Vervolgens kom die bespreking van laasgenoemde teks ter sprake.

### 2.5.2 Matteus 18:15, 21-22

Hierdie Skrif is gerig aan God se kinders en gee riglyne hoe hulle konflik en vergifnis moet hanteer, as daar 'n onberouvolle oortreder sou wees.

Adams (1979: 219) meen dat die Skrifgedeelte die proses van moontlike versoening reël **waar daar geen berou is nie**, soos in 'n konfliksituasie. Eers moet die slagoffer die oortreder in privaatheid gaan berispe. Daarna, as elke poging op daardie vlak misluk, kan hy een of twee arbiters saamneem as getuies. As dié pogings ook misluk, dan eers kan die saak voor die gemeente gelê word. Die belangrike aspek hier is dat die probleem geopper moet word totdat berou getoon word. Slegs indien dít nie gebeur nie, word die oortreder soos 'n heiden behandel. Dit is die heel laaste uitweg. Die Bybel in Praktyk (1993: 1417) beklemtoon dat dit in alle gevalle 'n liefdevolle teregwysing moet wees en verder dat die doel van Jesus Christus se lering in die Skrifgedeelte juis was dat daar versoening en herstelde verhoudings moet wees tussen mense wat van mekaar verskil, sodat daar *na* vergifnis ook uiteindelik vrede en harmonie onder gelowiges kan wees.

Lamerson (1999: 4) noem dat die Skrifgedeelte 'n opdrag, gevolg deur 'n voorwaarde, weergee. Christus sê dat as jou broer na jou luister en berou het, daar 'n broer gewen is. Die implikasie hiervan is dat as hy nie luister en nie berou toon nie, daar nie 'n broer gewen is nie. Die oortreding kan nie toegelaat of slegs oorgesien word nie.

Nieder & Thompson (1992: 55) meen dat Jesus vir sy volgelinge volgens vers 22 wou sê dat daar geen einde aan vergifnis moet wees nie, dat 'n mens weer en weer en weer moet vergewe. Die skrywer meen dat die Bybel juis hier leer om nie net te vergewe as die ander persoon berou het nie, maar ook as hy nie berou het nie en daarom is dit eensydige vergewing.

### 2.5.3 Markus 11:25

Daar is ook die gevalle waar daar **geen kans is vir versoening nie** en waar eensydige vergifnis al is wat oorbly.

Wanneer hierdie Skrifgedeelte deur Adams (1979: 229) bespreek word, is dit duidelik dat hierdie teks slagoffers nie toelaat om in selfbejammering of bitterheid te verval as daar geen berou van die oortreder is nie. As daar geen kans is dat daar berou gaan wees nie, kan jy die saak in gebed voor God uitmaak. Jy mag nie daaroor broei nie, maar moet aan God jou gewilligheid om te vergewe en om te versoen, weergee. Dit doen jy voor God en nie voor die oortreder nie. Die Skrifgedeelte vereis nie dat jy aan die onberouvolle oortreder jou vergifnis moet openbaar nie. Die gedeelte spreek slegs van vergifnis van die hart. Alhoewel vergifnis van die hart essensieel is tot alle vergifnis gevalle, is die enigste verbintenis in die Skrifgedeelte ten opsigte van vergifnis teenoor God en voor God. Ingevolge hierdie Skrifgedeelte kan een persoon ten minste een deel van die probleem dadelik oplos deur *eensydige vergifnis* voor God aan te bied of te verleen. Govier (2002:63) gee meer inligting ten opsigte van vergifnis van die hart. Die innerlike voorbereiding van die slagoffer is sentraal tot die herstel van sy selfrespek, wat beskadig is deur die oortreding. Die slagoffer moet sy negatiewe emosies erken en identifiseer en dan deeglik daardeur werk. Dit behels die laat gaan van negatiewe emosies en die aanneem van positiewe emosies.

Volgens die *Encyclopaedia Judaica* (1971:1433) is belydenis en berou integrale komponente vir gebede ten opsigte van vergifnis. In 'n poging om die begeerde verhouding met God te herstel, sal die slagoffer na God in gebed soek (vgl 2 Sam 12:16) en sy hart in gebed rig tot God (vgl 1 Sam 7:3)

### 2.5.4 Matteus 6:12-15 en Lukas 11:4: Die Onse Vader

Die Skrifgedeeltes openbaar aan die mens die geheimenis, soos God wil hê, dat 'n gelowige sy oortreders moet vergewe. 'n Literatuurstudie word ook hier onderneem om dit te ondersoek.

Augsburger (1982: 34 –35) meen dat dit in die Skrifgedeelte voorkom of God soos 'n boekhouer is wat boek hou van ons gedrag en besluite. Hierdie is egter die enigste voorwaarde wat God stel: dat 'n mens ander hul oortredings in liefde moet vergewe.

Die verskil tussen bogenoemde twee Skrifgedeeltes word deur Watts & Gulliford (2004: 34-35) verduidelik. Matteus se evangelie is geskryf vir Joodse Christene. Vir hulle wat God se liefde en genade *ontvang en ervaar* het onder die ou verbond as Jode en ook onder die nuwe verbond as Joodse Christene. Gevolglik kan gesê word dat 'n ware ervaring van God se vergifnis 'n afdruk sal laat op die karakter van die ontvanger en hom/haar instaat stel om ander se oortredinge teen hom/haar te vergeef. Watts & Gulliford (2004: 35) meen dat 'n onvergewensgesinde menslike hart, met 'n gebrek aan liefde of barmhartigheid of genade, mag aandui dat die persoon nog nooit werklik God (se liefde) en sy vergifnis eerstehands ervaar het nie. 'n Gebrek aan vergifnis by so 'n mens sou twyfel meebring, wat sou beteken dat so 'n persoon buite die verbond en dus buite die gemeente kon wees. Daar kan egter nie ontken word dat daar wel mense is wat God se vergifnis ontvang het, maar dit nie toepas teenoor ander mense nie. Volgens Matteus 6:14 staan sulke mense onder die oordeel. Matteus se evangelie as geheel gee egter te kenne dat vergifnis voorwaardelik is. Dit blyk dus dat God se vergifnis afhanklik is van die mens se vergifnis vir mekaar aldus Watts & Gulliford (2004:35). Die navorser meen egter dat God se vergifnis nie 'n gevolg is van die mens se vergifnis teenoor ander nie, want mense kan niks verdien nie. God se weerhouding van sy vergifnis vir die mens is gebaseer op Jesus Christus se standaarde en nie menslike werke nie. 'n Mens as 'n gelowige moet op 'n sekere wyse optree en oortreders vergewe.

Watts & Gulliford toon in die lig van Matteus 5:23 aan dat ook die oortreder die inisiatief moet neem om versoening te soek, want dit geniet prioriteit bo Christelike pligte soos byvoorbeeld om offers te bring. Lukas se evangelie is weer geskryf vir lesers vanuit die heidendom. Lukas sien nie vergifnis van sonde as deel van die verbond wat met die mensdom by die kruis gemaak is nie – vir hom kom vergifnis en verlossing van sonde deur geloof van die evangelie van die Koninkryk. Die ervaring van God se vergifnis *verander* mense sodat hulle dieselfde voorbeeld stel teenoor hul oortreders en hulle ook vergewe (Watts & Gulliford, 2004:34)

Adams (1979: 212) bevind dat mense die gebed verkeerd verstaan soos dat God mense vergewe op die basis van hul *eie* vergewensgesindheid. Daar is egter geen verdienste vir menslike werk nie. Daar is maar een wyse van verlossing en dit is genade deur geloof in

Jesus Christus. In die gebed verwys Jesus Christus nie na geregtigheidsvergifnis (vergifnis aan 'n sondaar) nie, maar na vaderlike vergifnis. Hy praat met diegene wat Hom alreeds "Vader" noem. Vergifnis gegee deur God as Regter is reeds by hul wedergeboorte verkry deur diegene met wie Hy praat. God vergewe aaneenlopend die sonde van diegene wat alreeds geregverdig (wedergebore) is omdat hulle onder sy Vaderlike tugtiging val.

Dit wat uitstaan in die Skrifgedeelte is juis dat vergifnis by God begin. Stoop & Masteller (1996:163) meen God sê nie "Vergewe of Ek sal julle nie vergewe nie" Wat Hy wel sê is: "Vergewe ander soos Ek julle vergewe het". 'n Mens ontvang Sy barmhartigheid en vergifnis en stuur dit aan na ander wat ook vergifnis benodig.

Die afleiding wat mens kan maak is dat Jesus Christus deur die gebed nie 'n voorwaarde wil stel nie, maar eerder leer dat die persoonlike ervaring van God se liefde en vergifnis elkeen sal noop om uit dankbaarheid ook vergewensgesind te wees teenoor hul medemens. Die gebed kan ook vergifnis van die hart (dus voor God alleen) of vergifnis en versoening met die oortreder insluit omdat dit glad nie na berou verwys nie.

Wat uitstaan in die bespreking van bogenoemde Skrifgedeeltes vir die navorser is dat:

- 'n mens vrede en dus versoening moet *najaag* deur liefdevolle teregwysing (Luk 17: 3) en (Matt 18: 15-17);
- en onmiddellike vergifnis gee sou daar berou wees;
- dat daar geen einde is aan hoeveel keer 'n mens moet vergewe nie (Luk 17:4) en (Matt 18:22);
- dat indien daar glad nie berou getoon sou word nie, vergifnis van die hart voor God en nie voor die oortreder gedoen kan word (Mark 11:25);
- dat vergifnis 'n groter prioriteit moet geniet as ander Christelike aktiwiteite soos byvoorbeeld offer. (Matt 5:23) ;en
- dat die persoonlike ervaring van God se vergifnis en liefde 'n mens noop om ander wat teen 'n mens oortree ook te vergewe (Matt 6:12-15).

Ook Watts & Gulliford (2004: 56-57) meen dat om vergewe te wees deur God, noodwendig menslike vergifnis meebring. Hoe sterker die gevoel is wat mense ervaar van Goddelike vergifnis vir hulself, hoe meer stel dit hulle instaat tot vergifnis van ander. 'n Mens kan egter nie soos God word nie, want onvoorwaardelike vergifnis vloei nie vanuit die mens se vleeslike natuur soos van God nie. Vir die mens is vergifnis 'n "kunsvorm" wat aangeleer word in die heiligmakingsproses, waardeur die Heilige Gees 'n mens bring tot heelheid.

## 2.6 VERGIFNIS EN BEROU IN JUDAÏSME

Die verskil in die bespreking van die Ou Testament en Judaïsme lê nie in die Tanak, die Joodse Bybel en die Ou Testamentiese geskrifte nie want die inhoud is dieselfde al verskil die volgorde en rangskikking van die boeke. Die verskil kom voor in die **Judaïstiese sienings** omtrent interpersoonlike verhoudings waarby vergifnis betrokke is, wat gevorm word deur hul teologiese idees. Judaïsme vorm ook deel van die Christendom se geskiedenis en kan derhalwe nie geïgnoreer word nie. Daarom konsentreer die navorser veral op die verhouding tussen geestelike vergifnis en menslike berou in die Hebreeuse Bybel, via Watts & Gulliford, voordat daar gekyk word na die Joodse leer aangaande die verhouding tussen vergifnis en berou op die interpersoonlike vlak. Uit Watts & Gulliford (2004: 11-12) se navorsing blyk dat die Hebreeuse woord vir berou, *teshuva,* beteken "draai weg, draai terug of keer terug vanaf julle sondige rigting". Die Hebreeuse Bybel is oorvol versoeke/eise van God dat die Joodse volk berou moet toon en terugkeer sodat hulle vergewe kan word (Jer 3:12-13 en ook Eseg 18:21-23). Sonder berou kon hulle nie vergewe word nie. Navolging van God is 'n sentrale tema in Judaïsme. As God dan slegs vergewe na berou betoon is, het die Jode dieselfde gedoen. In Judaïsme is berou, geregtigheid en vergifnis sentrale waardes, waar berou en geregtigheid bo vergifnis geprioritiseer is. Om 'n onberouvolle oortreder te vergewe kan vir die Jode lei tot bevordering van ongeregtigheid. Daarom hou berou en geregtigheid verband met mekaar, veral waar herstel of boetedoening inkom.

Daar kan onderskei word tussen twee aspekte van vergifnis in Judaïsme naamlik:

a) *Mehilah* – die beginsel dat vergifnis net toegestaan kan word as dit verdien word – of voorafgegaan kan word deur berou. Vir Watts & Gulliford (2004: 20) dui dit op die groot Joodse "nee" vir maklike, goedkoop vergifnis. Vergifnis kan nie toegestaan word sonder berou nie, anders sal die sondaar nooit waarlik berou toon nie en sal die sondige verkeerde optrede voortgesit word.

b) Die tweede aspek van vergifnis naamlik *Selihah* – dui op 'n handeling van die hart om die sondaar beter te probeer verstaan. Tog dui dit nie op versoening of op 'n omarming van die oortreder nie. Dis eerder 'n gevolgtrekking dat die oortreder menslik en kwesbaar is en simpatie verdien. *Selihah* dui op 'n handeling van barmhartigheid eerder as van genade. Berou is dus die noodsaaklike eerste stap tot vergifnis in Judaïsme.

Volgens Worthington (2003:48) toon die Hebreeuse Skrif dikwels dat God barmhartig is, maar ook terselfdertyd verbind bly aan die beginsel van geregtigheid (Eks 34 : 6-7) Binne die Hebreeuse Skrif is baie voorbeelde van interpersoonlike vergifnis, byvoorbeeld Josef vergewe sy broers (Gen 50 :20) en David vir Saul (1 Sam 18). Dit is egter op God se vergifnis van Israel wat die Joodse tradisie fokus.

Die Joodse tradisie voel so sterk oor berou dat Govier (2002: 160) meen dat daar 'n verpligting rus op die slagoffer om te vergewe en die verhouding te herstel as die oortreder sou bely en berou toon. Indien die oortreder die slagoffer drie keer nader en berou sou toon en die slagoffer sou drie keer vergifnis weier, dan word die slagoffer die oortreder wat sondig. Die rasionaal agter die voorwaardelike verpligting om te vergewe, binne Judaïsme, is na aanleiding van die beginsel dat God se weë deur die mens nagevolg moet word. Nog 'n rede wat deur Judaïsme aangevoer word vir vergifnis, is die verhouding tussen die verbondsgemeenskap ( Israel se mense) en God. Die verbond plaas 'n plig op gemeenskapslede tot berou en vergifnis teenoor mekaar en teenoor God.

In die Joodse tradisie is die gewoonte om vergifnis te soek van die teenoor wie jy oortree het, op die Dag van Boetedoening aldus Govier (2002:161) Uit die *Encyclopaedia Judaica* (1971:1433) word bevind dat die Joodse Godsdiens rituele nie inherent

doeltreffend was nie. Dit word onderskryf deur die offer formule van vergifnis. Die priester het die ritueel uitgevoer, maar kon slegs boetedoen vir sondes, terwyl God alleen kon vergewe. Nog 'n beperking ten opsigte van offers was dat dit slegs aangewend kon word vir onopsetlike sondes (vgl. Num 15:22-29). Vir blatante minagting kon geen boete deur offers gedoen word nie. God se vergifnis -volgens Joodse tradisie- sluit net die sonde in wat direk teen Hom gedoen is. Oortredings teen mense kan net vergewe word as die slagoffer die oortreder vergewe het. Dit word dan op Boetedoeningsdag gedoen, gebaseer op Levitikus 16:29-34. Die Psalmis is getuie dat innerlike bydraes van belydenis en berou, integrale komponente is vir alle gebede om vergifnis (vgl Ps 32:5) maar moet ook opgevolg word deur uiterlike handeling. Jones (1995:107) beskryf die ritueel van *Yom Kippur*, die Dag van Boetedoening waar die priesters boetedoen vir hulself, vir alle mense en vir sondes- onopsetlik en opsetlik – wat vergewe word. Die gevolgtrekking wat 'n mens hieruit kan maak is dat in die Judaïsme vergifnis voorwaardelik en altyd gekoppel is aan berou. Hierdie standpunt het radikale implikasies vir hierdie studie, want dit sou beteken dat eensydige vergewing nie geldig is nie, maar eers voorafgegaan moet word deur berou van die sondaar.

Jones (1995:107) bied egter 'n ander siening oor die verhouding tussen vergifnis en berou. In beide Ou en Nuwe Testament word God se karakter beskryf as 'n God van oordeel en genade wat Goddelike geregtigheid en barmhartige vergifnis behels. Bepaalde aannames word gemaak ten opsigte van vergifnis. As dit met reg aangeneem word dat onvoorwaardelike vergifnis die hart is van die Christelike Teologie en Christelike lewe, en dit word verkeerdelik aangeneem dat onvoorwaardelike vergifnis 'n kenmerk van Christelikheid moet wees, dan kon onvoorwaardelike vergifnis nie in die vorige godsdiens (Judaïsme) waaruit die Christelike leer ontwikkel het, teenwoordig gewees het nie. Na alles voorsien Jesus Christus se kruisiging 'n deurslaggewende vergifnis deur sy boetedoening. Vermoedelik lei die argument dan dat die enigste rede waarom Jesus Christus gekruisig is, was dat Hy 'n onvoorwaardelike vergifnis verpersoonlik en 'n offer gebring het wat volkome onbekend was aan Judaïsme. God se vergifnis was nog altyd ook in die Ou Testament beskikbaar vir die wat terugkeer na God se weë. Dit was bekend aan alle eerste eeuse Jode. In die Torah hernu God die verbond met Israel, selfs ná Israel

dit verbreek het, onmiddellik na die eksodes (Eks 34:6-7). God se vergifnis vir sy mense van Israel, word dramaties geillustreer in Hosea 11:1-9 waar beskryf word dat God gevul is met geregverdigde oordeel, maar dit is die woede van 'n ouer wat sukkel met Sy ongehoorsame kind. Straf en oordeel is dus nie God se eerste of sy laaste, finale woord vir sy kinders nie. God se oordeel en geregtigheid is waar, net soos God se straf, maar dit is in die diens van sy versoenende, verbondsliefde vir sy kinders. 'n Prominente tema in God se vergifnis vir individue is Sy vergifnis van spesifieke oortredings waarvoor hulle berou toon (vgl Ps 51). Hierdie oortredings kan onopsetlike sondes wees wat begaan is uit 'n gebrek aan kennis, maar ook opsetlike sonde as gevolg van 'n dieper blindheid ten opsigte van God se grootheid. Selfs ten opsigte van sulke sonde is God se vergifnis nie volkome uitgesluit nie. God se woorde aan Jona omtrent die Nineviete openbaar God se vergifnis ten spyte van hul blindheid. Die Nineviete is gespaar ten spyte van hul gebrekkige berou, omdat hulle nie in 'n dieper sin geweet het wat hulle doen nie. Die navorser se gevolgtrekking hiervan is dus dat God soewerein is en dat 'n mens nie sy liefde of sy vergifnis kan beperk nie. Nie vanuit die Ou of die Nuwe Testament nie want Hy tree op soos sy voorneme van die begin van die Skepping af was.

## 2.7 VERGIFNIS EN BEROU IN CHRISTENDOM

Navorsing bevind dat vergifnis sterk met die Christendom geassosieer word, aldus Worthington (2003: 61-65).Dit toon ook dat Christene as geheel meer vergewensgesind is as mense van ander gelowe, wat weer meer vergewe as mense *sonder* enige geloofs-orientasie. Daar word drie redes hiervoor aangevoer:

- Die kenmerkende bestaanswyse van die Christen gemeenskap as liggaam van Christus stimuleer vergifnis;
- *Agape* liefde is die Christen se respons op God se liefde wat ons inspireer tot vergifnis van ander;
- Deur navolging van Jesus se instruksies, voorbeeld en bevele uit dankbaarheid vir wat Hy vir die mens gedoen het, is Christene verplig om selfs hul vyande te vergewe;

- Crabb (1988:149) meen dat die mens nie 'n verhouding met God kan begin sonder berou nie en ook nie die verhouding kan verdiep sonder voortdurende berou nie;
- Dit bring 'n mens by die vraag: Is berou nodig ten einde te vergewe?

### 2.7.1 Voorwaardelike of onvoorwaardelike vergifnis (Met of sonder berou)

Nog 'n rede word deur Govier (2002: 160) bygevoeg waarom Christene meer vergewensgesind is as mense uit ander gelowe: Christene vergewe ander omdat hul God se vergifnis self ervaar en benodig. Hierdie aspekte van die Christen tradisie maak vergifnis **onvoorwaardelik** en universeel goed. Die implikasie daarvan is dat Christene altyd moet probeer vergewe, sonder inagneming van die erns van die oortreding of van die berou van die oortreder. Om woede of wraak te voel sowel as dit wat daaruit voortvloei, word dus beskou as *onChristelik.*

Adams (1979: 195) meen dat die Christendom as geloof gebaseer is op vergifnis. Wat die mens dus wil of nie wil doen nie, is nie belangrik nie. Wat wel belangrik is, is wat *God wil hê* dat gelowiges sal doen. In gehoorsaamheid aan God moet Christene vergewe, maar Bybelse vergifnis is **voorwaardelik** en is gekoppel aan berou ten opsigte van sonde. Dit blyk dus dat Adams in hierdie uitspraak nie ten gunste van eensydige vergifnis is nie. Vergifnis moet nooit sonde ignoreer of verdra deur die oortreder te aanvaar soos hy is nie. Sodra dit gedoen word, sê 'n mens dat God verkeerd was om Jesus te stuur om vir sondaars/oortreders te sterf in 'n poging om hulle te verander. Dit blyk dus dat volgens Adams (1979:195), vergifnis moet fokus op die feit dat daar 'n oortreding was – vergifnis is vergifnis van skuld en moet die sonde/oortreding sodanig erken en dit hanteer. Van voorwaardelike vergifnis verskil Ransley & Spy (2004: 13-14) radikaal en meen dat God se liefde en vergifnis 'n sentrale gawe aan die gelowiges is en dat eensydige vergifnis dus die geldige benadering behoort te wees. Vergifnis is en gaan oor liefde. Ransley & Spy se onderstaande omskrywing van vergifnis dui vir die navorser op onvoorwaardelike vergifnis as 'n gawe waarin berou geen rol speel nie:

*"Fore-give-ness is love given before another has either given it, earned it, accepted it, or even understood it."*

Vergifnis is dan 'n verantwoordelikheid en 'n wyse om oop te wees vir God se liefde. Dit word saamgevat in die Here se gebed (Matt 6:12, 14 –15) van die Onse Vader. Anders as by Judaïsme waar berou moet plaasvind voor vergifnis gegee word, *is Christelike vergifnis van 'n gelowige slagoffer aan 'n oortreder nie afhanklik van berou van die oortreder nie.* Opregte vergifnis kan meebring dat 'n oortreder sy oortreding verstaan en dat dit hom/haar lei tot berou. Berou word derhalwe nie as 'n voorloper van vergifnis soos by die Joodse tradisie gesien nie maar as 'n stap nader aan die Koninkryk van God. Die siening is dus dat vergifnis **onvoorwaardelik** geskenk moet word. Om bogenoemde stelling te ondersteun, verwys Ransley & Spy (2004: 14) na Jesus Christus se laaste woorde aan die kruis (Luk 23:34) waar dit beskryf word dat Jesus Christus Sy moordenaars onvoorwaardelik vergewe het.

Adams (1979: 194-195) het egter radikaal anders geleer. Volgens hom is die waarheid dat Christus se gebed aan die kruis vir vergifnis, nie vergifnis self was nie, maar 'n versoek aan Sy Vader om hulle te vergewe. Vergifnis het wel plaasgevind: sommiges is vergewe op Pinksterdag as gevolg van Petrus se diens of by ander geleenthede, maar nie apart van veroordeling van sonde (Hand 2:37) of apart van die boodskap van verlossing nie. Hulle moes berou toon en die Evangelie glo. Vergifnis het na hulle gekom as gevolg van boetedoening en nie daarsonder nie.

In 'n artikel van Kleijn (2006:1-2) word Calvyn se standpunt ten opsigte van hierdie vraag weergegee in sy algemene omskrywing van menslike vergifnis: "Nie dat dit ons toekom om die skuld vir 'n oortreding of vergryp te vergewe nie, want dit is God se voorreg alleen. Die mens se vergifnis is daarin geleë dat hulle die toorn uit hul harte moet laat vaar en vrywillig moet vergeet." Calvyn maak egter 'n tweevoudige onderskeid betreffende die manier waarop vergrype vergewe moet word. Eerstens moet vergrype **onvoorwaardelik (sonder berou)** vergewe word. Die vergewing behels geen wraakgedagtes nie, onreg moet met vriendelikheid beantwoord word, daar mag geen haat

gekoester word nie, die slagoffer moet die oortreder liefhê, daar moet gepoog word om die oortreder se guns deur goeie werke te wen. Aangesien daar geen berou is nie, kan daar geen versoening wees nie en mag 'n mens nog 'n ongunstige opinie van die oortreder hê, volgens wat hy verdien (2 Tim 4:14). Volgens Calvyn, aangehaal deur Kleijn (2006:1-2), sal hierdie vergifnis gevolglik baie beperk wees en verwys na 'n **vorm** van eensydige vergifnis. Die vraag kan natuurlik gevra word of 'n mens nog 'n "ongunstige opinie" van die oortreder kan hê nadat daar volledige vergifnis plaasgevind het.

In Calvyn (1991:1296) reageer Calvyn self op opvattings van die Novatiane dat as iemand na sy doop/wedergeboorte sondig, daar vir hom geen verdere vergifnis kan wees nie. Calvyn meen dat aangesien daar elke dag deur God se kinders gebid word soos Hy geleer het "vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe" hulle daarmee juis bely dat hulle skuldenaars is. Die Here vereis van die heiliges hulle hele lewe lank sondebelydenis en Hy beloof aan hulle vergifnis. Calvyn verwys dan ook na interpersoonlike vergifnis en sê: " maar wie wil Hy hê moet ons sewentig maal sewe keer vergeef? Is dit nie ons broeders nie? Waarom skryf Hy ons dit voor anders as dat ons sy sagmoedigheid moet naboots?" Volgens Calvyn, soos verwys in Kleijn (2006:1-2) kan vergrype tweedens **voorwaardelik (waar daar berou is**) vergewe word. Hierdie tipe vergifnis behels dat jy die oortreder gunstig ontvang, dat die onreg vergeet word, dat jy gunstig aan die oortreder dink omdat die herinneringe van sy vergryp voor God uitgewys is. 'n Mens moet dus gereed en bereid wees om vergifnis te skenk, so dikwels as nodig.

Die Sinode van Rockingham het, volgens die artikel van Kleyn (2006:1-2) besluit, dat vergifnis die sónde van die oortreding nie moet ignoreer of tolereer nie. Vergifnis vra erkenning en berou van die sondige oortredings. Aan die anderkant beteken dit nie dat 'n mens in die aardse gebrokenheid 'n oortreding nie in liefde kan bedek nie. Gelowiges moet gewillig wees om in hul hart die oortreder te vergewe, ook voordat die oortreder sy skuld erken (Rom 12:9-21) maar die einddoel is, dat die oortreder nie toegelaat word om met sy sondes aan te gaan nie, aangesien dit net veroordeling oproep. Dit gaan dus ook om die terugkeer van die oortreder en sy bekering (vgl. die doel van tug in die kerk).

Ten opsigte van die vergewe en vergeet van 'n oortreding meen Stoop & Masteller (1996:201) dat vergifnis nie beteken dat 'n mens ook kan vergeet nie. Slagoffers wat probeer om hulself af te sny van die verlede, het ook geen toekoms nie. Dit beteken dat as 'n mens die verlede wil ignoreer ten einde te probeer vergeet, word die houvas daarvan op jou net sterker. Slegs deur die seer van die verlede te onthou, is 'n mens instaat om negatiewe gevoelens te identifiseer en te verwerk. Die sleutel van onthou is aanvaarding. Die krag lê daarin dat vergewe kan word ten spyte van die onthou. Aanvaarding is 'n handeling van integrasie en is 'n beweging na heelheid. Govier (2002:61) meen dat die probleem van vergeet by vergifnis dus nie is of die seerkry van die oortreding onthou word of nie, maar eerder hoe dit onthou word sonder enige negatiewe emosies teenwoordig.

In 'n artikel van Kleijn (2006:1-2) word Calvyn se standpunt ten opsigte van hierdie vraag weergegee in sy algemene omskrywing van menslike vergifnis: "Nie dat dit ons toekom om die skuld vir 'n oortreding of vergryp te vergewe nie, want dit is God se voorreg alleen. Die mens se vergifnis is daarin geleë dat hulle die toorn uit hul harte moet laat vaar en vrywillig moet vergeet." Calvyn maak egter 'n tweevoudige onderskeid betreffende die manier waarop vergrype vergewe moet word. Eerstens moet vergrype **onvoorwaardelik (sonder berou)** vergewe word. Die vergewing behels geen wraakgedagtes nie, onreg moet met vriendelikheid beantwoord word, daar mag geen haat gekoester word nie, die slagoffer moet die oortreder liefhê en daar moet gepoog word om die oortreder se guns deur goeie werke te wen. Aangesien daar geen berou is nie, kan daar geen versoening wees nie en mag 'n mens nog 'n ongunstige opinie van die oortreder hê, volgens wat hy verdien (2 Tim 4:14). Volgens Calvyn, aangehaal deur Kleijn (2006:1-2), sal hierdie vergifnis gevolglik baie beperk wees en verwys na 'n **vorm** van eensydige vergifnis. Die vraag kan natuurlik gevra word of 'n mens nog 'n "ongunstige opinie" van die oortreder kan hê nadat daar volledige vergifnis plaasgevind het.

**Onvoorwaardelike** vergifnis is slegs moontlik, volgens Watts & Gulliford (2004: 46), as die slagoffer weet dat met God daar finale geregtigheid bestaan en dat, tensy die

oortreders dus berou toon, God hulle gaan oordeel. In die lig van die literatuurstudie en insette van onderskeie skrywers, meen die navorser dat gelowiges onvoorwaardelike vergifnis kan gee aan hul oortreders op grond van God se liefde, genade en barmhartigheid wat reeds aan hulle *betoon is*. Hierdie vergifnis sou selfs eensydig kon wees al sou versoening en berou nie moontlik wees en noodwendig gebeur nie. Solank as die slagoffer nog hoop op finale geregtigheid van God se oordeel en sodoende nog 'n ongunstige opinie en selfs wraak koester teen die oortreder, dan het vergifnis nog nie werklik plaasgevind nie. Vergifnis beteken om "skuld uit te wis". Die vraag waarvoor enige een gestel word: Is enige mens daartoe instaat?

## 2.8. VERSKILLENDE DIMENSIES VAN VERGIFNIS

### 2.8.1 Goddelike dimensie

Vergifnis begin by God en die mens kan dit nie alleen doen vanuit sy menslike natuur nie. Worthington (2003: 57-59) noem verskillende rolle waarin die Drie-eenheid interpersoonlike vergifnis stimuleer:

God, die Vader se liefde is die bron van vergifnis. God se fundamentele karakter sluit egter geregtigheid sowel as barmhartigheid in. Jesus Christus se dood kon God se geregtigheid bevredig deurdat Jesus Christus die mens se sondes op Hom geneem het ten einde sondaars te genees. Die offer kon God se geregtigheid bevredig, omdat Jesus Christus sondeloos was en nie straf verdien het nie en omdat Jesus Christus nie net menslik was nie, maar ook heilig. Vanuit die Nederlandse Geloofsbelydenis (s.a.:6) vind die navorser dat God wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het en die mens se sondelas op Hom gelê het, om so sy goedheid en barmhartigheid op die mens uit te stort, wat skuldig was en straf verdien het. Daarna het Hy sy Seun tot die mens se regverdiging uit die dood opgewek, sodat die mens deur Hom die ewige lewe kan hê.


Jesus Christus het deur middel van sy opofferende dood vir die gelowige 'n voorbeeld geword van hoe elkeen, hul regte moes neerlê as teen hulle oortree word en dan onvoorwaardelik vergifnis moet skenk. Jesus Christus is deel van die Drie-eenheid en is

die Seun van God. Hy verpersoonlik die liefde en barmhartigheid van God die Vader se liefdevolle hart. Seamands (2003:143) meen dat die proses van vergifnis vir iemand wat 'n mens seergemaak het, altyd 'n slagoffer weer terugbring na die kruis van Jesus Christus. As hy sukkel om te vergewe, kan hy bid: "Jesus u lewe in my. Daarom spreek die woorde in en deur my en help my om saam met u te sê: 'Vader vergeef hom' ". Die Heilige Gees is dus die toepasser van Jesus Christus se werk aan die kruis. Volgens Worthington (2003:57-59) openbaar die Heilige Gees as deel van die Drie-eenheid vier funksies wat relevant is vir vergifnis:

- Die Gees bevorder die ontvangs van God se vergifnis by mense ten einde *wedergeboorte* voort te bring;
- Die Heilige Gees bring gelowiges tot heelheid deur middel van 'n *Heiligmakings-proses* waar aaneenlopende belydenis en Goddelike vergifnis nodig is;
- Die Gees bemagtig gelowiges *vir diens* deur agape-liefde in hul harte te plant wat vloei vanaf God die Vader, sodat hulle ander daardeur kan dien en vergewe;
- Die Heilige Gees bevorder gemeenskap en roep mense tot een liggaam van God (1 Kor 12:27). Vergifnis is essensieel vir die herstel en eenheid van die *verenigde liggaam van God.*

Die rol van die Drie-eenheid by vergifnis word soos volg deur Lotter (1987:60) beskryf:

1. God oortuig die mens van sy sonde. God → mens
2. Die mens soek na vergifnis by God deur berou. Mens → God
3. God gee vergifnis op grond van Christus se offer. God → Mens
4. Die vergifnis, ontvang vanaf God, moet reflekteer na ander mense. God→ mens → → ander mense.




Diagram

Worthington (2003: 66-67) vat bogenoemde mooi saam. Die mens se eie poging en strewe na vergifnis of om ander te vergewe, is nie voldoende nie. 'n Mens kan vergifnis nie vasgryp nie, want dit is 'n gawe van barmhartigheid, genade en liefde van God. 'n Mens kan enigiets doen deur Hom wat jou krag gee (Fil 4:13) 'n Mens moet net met Hom saamwerk ook ten opsigte van vergifnis. Alleenlik met God se hulp kan die mens die ou natuur van onvergewensgesindheid aflê en die nuwe, verloste natuur van vergifnis en liefde "aantrek" (vgl Efes 4:22-24). God is en bly dus die bron van enigste vergifnis en sonder Hom is die mens nie instaat tot enige ware vergifnis op 'n geestelike betekenisvolle wyse nie.

### 2.8.2 Menslike dimensie

Die navorser meen dat menslike en Goddelike vergifnis ooreenstemmend maar tog verskillend van mekaar is. Mense kan nie soos God wees nie. God ken mense se motiewe, want Hy kyk in hul harte en ken hulle berou. Die mens kan nie in 'n ander se hart kyk en sy ware motiewe ken nie. Die Skrif vereis nie berou van 'n oortreder in interpersoonlike vergifnis, ten einde te vergewe nie. Aandag word dus hier gegee aan die menslike kant van vergifnis.

Worthington (2003: 53-55) noem dat daar twee vlakke van interpersoonlike vergifnis is, naamlik *besluitnemings- en emosionele vergifnis*. Besluitnemings vergifnis verander 'n mens se intensies om op te tree. Dit kan onmiddellik gegee word deur 'n wilsbesluit. Instede van om wraak te neem, toon 'n mens barmhartigheid teenoor jou oortreder. Emosionele vergifnis is die positiewe emosies teenoor die negatiewe onvergewensgesindheid. Met emosionele vergifnis neutraliseer die positiewe emosies onvergewensgesindheid en verplaas dit met *agape*-liefde. Emosionele vergifnis neem normaalweg langer as besluitnemings vergifnis om te realiseer. Beide besluitnemings- en emosionele vergifnis word in die Skrif gevind.

*Besluitnemings- en emosionele vergifnis is twee kante van vergifnis en beide moet ervaar word voordat werklike vergifnis kan realiseer.* God wil nie hê die mens moet teensinnig vergewe nie. Hy verwag van gelowiges om besluitnemings vergifnis onmiddellik toe te staan (Matt 6:12) en ook met hul hart te vergewe (Matt 18:35). Dit beteken die oortreding is vergewe maar ook om 'n hartsverandering te ervaar waar negatiewe gevoelens verplaas word met die liefde en empatie van emosionele vergifnis. Beide kante van vergifnis is ook nodig vir vergifnis en versoening met die oortreder sowel as met eensydige vergifnis voor God, soos in (Mark 11: 25) beskryf. Volgens Coini (2007:391) beteken besluitnemings-vergifnis 'n oopheid tot 'n nuwe wyse van optrede wat ongebonde en onbelemmerd is deur die oortreding van die verlede en wat fokus op die herstelproses. Vergifnis verander die oortreder en heroriënteer die individu tot vrede en vryheid. Die oortreding sal nie verdwyn nie maar dit bring nie meer spanning, angs en woede mee nie. Na die bewustelike besluitneming vir vergifnis, kom 'n proses in beweging wat beide dinamies en misterieus is – emosionele vergifnis. Die mens wat só wil vergewe benodig 'n brug vir die gaping tussen sy eie ego vermoë om te kan vergewe en die werklike realiteit van vergifnis. Die God van Lewe is sy Bron van bemagtiging in hierdie emosionele vergifnisproses. Coini (2007:393) beskryf hierdie innerlike vergifnisproses so:

"*a process of going* ***through*** *the formerly hated offender to the Creator who is radiance – the light of the world. The offender, a human being nevertheless, is made in the image of God. He or she can be re-imaged as such when brought into the light of God's love and forgiveness.*"

Coini (2007:393) meen dat daar in hierdie emosionele vergifnisproses, wat ook eensydig kan wees innerlike versoening plaasvind met die oortreder en met God wat lig is (1 Joh 1:5).

### 2.8.3 Intrapersoonlik

Intrapersoonlike vergifnis word deur Watts & Gulliford (2004:85) gedefinieer met

"gevoelens, gedagtes en gedrag geassosieer met vergifnis *binne* die persoon wat wil vergewe". Beide besluitnemings- en emosionele vlakke van vergifnis is dus ook betrokke by intrapersoonlike vergifnis. Worthington (2003:51) meen dat daar van mense vereis word om te vergewe en dat hulle verantwoordelik gehou word daarvoor (vgl. bv. Matt 6:12, 14-15; Luk 6:37-38). As berou vereis word voordat 'n mens kan vergewe, dan skep dit probleme as die oortreder onberoulik is of selfs nie meer leef nie. God sal mense egter nie verantwoordelik hou vir iets wat nie onder hul beheer is nie. Seamands (2003: 143) verwys na Paulus se verklaring in dié verband (2 Kor 2:10):

*"Anyone whom you forgive, I also forgive. What I have forgiven, if I have forgiven anything, has been for your sake* ***in the presence of Christ.****"*

As mens dan moet vergewe sonder dat daar enige berou of versoening van die oortreder verwag kan word, behoort dit aan die voet van die kruis en in Christus se teenwoordigheid gedoen word. Daar kan die seer bely word; gewilligheid om te vergewe getoon word en daar sal gelowiges ook krag kan ontvang om ten volle te vergewe, al is die proses eensydig.

## 2.9 GOD SE DOEL MET VERGIFNIS

Vir die navorser is God se doel met vergifnis belangrik, want daarmee kan bepaal word of slegs vergifnis wat versoening insluit aanvaarbaar is en of ook eensydige vergifnis hierby ingesluit kan word.

Augsburger (1982: 26-31) spreek hom sterk uit teen 'n eenrigting ("eensydige") vergifnis en voel dat dit realiteit uitsluit. Liefde is die eerste en basiese deel van vergifnis **met versoening as oogmerk**. Hy sien vergifnis as 'n onvoorwaardelike gawe van liefde tot versoening. Enige verwagting van berou as 'n deel van vergifnis word gesien as 'n stel van voorwaardes. Hy verwys na Matteus 22:39, Markus 12:31 en Lukas 10:27 waar die sentrale beginsel is dat die gelowige sy naaste moet liefhê soos homself. Hierdie liefde beskryf hy as *agape*-liefde waar vergifnis plaasvind in gehoorsaamheid aan die Woord.

Vergifnis begin met 'n persepsie van herstelde liefde en die siening van die oortreder as waardevol, ten spyte van sy oortreding. Augsburger (1982:26-31), meen dat God se doel met vergifnis, versoening met ander is en nie verlossing van jou eie negatiewe gedagtes nie. Die taak van vergifnis is die herstel van die verhouding en herwinning van die oortreder: Dus, vergifnis en versoening van gelowiges in 'n lewe saam as die liggaam van Christus binne die kerk. Augsburger meen dat eensydige vergifnis slegs 'n liefdeshandeling is maar dat dit nog nie vergifnis is nie, slegs die eerste stap daarvan, want ware vergifnis is 'n wederkerige interaksie. Augsburger (1982:31) sien dat eensydige vergifnis lei tot intrapersoonlike konflik waar die seer geïnternaliseer word deur die slagoffer. So word die probleem slegs geskuif en nie verwyder nie.

Adams (1979: 232) meen ook dat vergifnis nie die einde behoort te wees nie maar ook 'n nuwe begin. Vergifnis sluit sekere verhoudings af, maar open die moontlikheid vir nuwes en is deel van die groter geheel van versoening. Hierby sluit Seamands (2003: 142) aan. Die allerlaaste doel van vergifnis is versoening, of herstel en hernuwing van gebreekte verhoudings. Vergifnis gaan dus nie net oor verlossing van negatiewe emosies nie, alhoewel dit baie genesend vir slagoffers kan wees, maar dit gaan ook oor versoening. Watts & Gulliford (2004:56) skryf dat menslike vergifnis se inspirasie gevind kan word in die mens se ervaring van God se vergifnis. God se vergifnis moet uitdrukking vind in die mens se vergifnis vir ander. Vergifnis is 'n eskatologiese gebeure: wat aan die mens die belofte van sy begin en die hoop van sy einde voorsien. Dit het 'n eskatologiese krag as 'n visie, belofte, ideaal en roeping. Vergifnis werk op die horisontale vlak van menslike verhoudings en is ook sentraal op die vertikale vlak van geloofslewe en gedagtes ten opsigte van God. Die eskatologiese konsep rakende vergifnis is 'n ryk en omvattende begrip wat 'n afsonderlike studie regverdig maar dit lê buite die fokus van hierdie studie.

Die artikel van Gordon Rumford Ministries (s.a.:2-3), stel dit duidelik dat die satan die mens wil mislei om oortredings en sonde oor te sien en te vergewe sonder berou. Dit is egter sondig en onbybels. Die Skrif is baie duidelik oor God se riglyne vir vergifnis (Luk 17:3-4) & (Matt 18:15) Wanneer iemand teen jou oortree, is dit baie moeilik om so 'n

persoon te konfronteer of tereg te wys. Die moeilike weg is egter die regte weg. Die navorser meen ook dat vergifnis nooit sondige oortredings moet ignoreer en aanvaar nie. Vergifnis fokus reeds op die feit dat daar 'n oortreding was en dat daarmee gehandel moet word. Daar is egter tog gevalle waar die oortreder nie beskikbaar is of nie bereid is om berou te toon nie en waar vergifnis die slagoffer kan genees. Lamerson (1999:7) se bevinding is dat die gebrek aan berou van die oortreder nooit 'n verskoning moet wees vir sonde by die slagoffer nie. Geen wraak en bitterheid mag ervaar en gekoester word nie. Lamerson meen God ervaar geen bitterheid nie, al versoen Hy nie met onberouvolle sondaars nie.

Welborn (s.a.:3) beklemtoon dat 'n mens enige tyd in jou hart (intrapersoonlik) in die teenwoordigheid van Christus kan vergewe maar nie nodig het om vergifnis te gee of bekend te maak aan die onberouvolle oortreder nie. Vergifnis kan die oortreder moontlik weerhou om te bely en berou te toon aan God, en dit kan die slegste wees wat 'n mens kan doen. 'n Mens moet egter altyd genade betoon.

Volgens Worthington et al.(2006: 33) is interpersoonlike vergifnis bedoel om **eensydig** te wees, onvoorwaardelik sonder om te wag vir berou (Luk 23:34). In teenstelling is Goddelike vergifnis verbind aan menslike berou (Luk 7:33-50). Waarom die verskil? Eerstens God is onbegrens en ken elke oortreder se motiewe maar mense kan nie ander se motiewe ken nie, daarom stel God die mens vry daarvan om elke oortreder se ware motiewe te probeer onderskei voordat 'n mens kan vergeef. Tweedens as 'n slagoffer moet wag vir berou voor hy kan vergeef, kan die oortreder voorkom dat die slagoffer Goddelike vergifnis ontvang deur sy berou te weerhou, want interpersoonlike vergifnis en Goddelike vergifnis is verbind met mekaar. God maak dit eenvoudig. Die mens moet vergewe so gou as moonlik, met 'n suiwer hart, onvoorwaardelik en dus sonder om te wag vir berou, selfs al is dit soms eensydig.

## 2.10. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die volgende aangetoon: Die begrip vergifnis beteken in

die Ou Testament primêr die opheffing of kwytskelding van sonde en verwydering van skuld. Vergifnis word ook basies verstaan as noodsaaklik vir die bewaring van die verbondsgemeenskap. God se vergifnis bring mee dat sonde verwyder word, straf afgekeer word en dat mense herstel word deur verlossing. Die tema van **onvoorwaardelike** vergifnis het eers duidelik geword by die belofte van die nuwe verbond waar God Israel en Juda se sondes verwyder het om dit ooit weer te noem nie (Jer 31:34). In die gedeelte oor die Ou Testament is aangetoon dat die volmaakte vergifnis aan God behoort en word dit goed geïllustreer deur die voorbeeld uit die Ou Testament, naamlik Jona. Die verhaal gee ook 'n ander perspektief, God se perspektief. Jona dra 'n les vir al die Jode dat God se genade verder strek as net die uitverkore volk. Hierdie gedeelte kan belangrike riglyne vir hierdie studie na vore bring, as dit aanvaar word dat Jona die Nineviete eensydig vergewe het al was hulle nie berouvol teenoor hom of die Israeliete nie. Die verhaal sluit egter af sonder om Jona se antwoord te gee ten einde die gelowiges te betrek om self antwoord te gee.

In die Nuwe Testament beteken die begrip vergifnis om te laat gaan, te bevry of te skenk. God se genade en vergifnis was teenwoordig in die Ou Testament, maar eers met die koms van Jesus Christus het die vervulling van Sy barmhartigheid sigbaar geword en is dit verpersoonlik deur Jesus Christus self. Die basis van vergifnis is juis dat God sy enigste Seun gegee het vir kwytskelding van die mens se sonde. Dit het God sy enigste Seun gekos, ook vir die slagoffer sou daar dus 'n bepaalde koste aan vergifnis verbonde wees. Vier Skrifgedeeltes is vanuit die Nuwe Testament ondersoek. Lukas 17:3-4 dui op 'n liefdevolle gesindheid waarmee die gelowige slagoffer sy oortreder moet teregwys. Berou is in hierdie geval deurslaggewend, maar daar is geen riglyn in die teks gegee as die oortreder onberouvol sou bly nie. Vergifnis vind egter plaas op grond van gehoorsaamheid aan God en gevoelens word buite rekening gelaat. As 'n onberouvolle broer/suster berispe moet word ten einde berou en versoening na te jaag, is dit duidelik dat die proses in Matteus 18:15 gevolg moet word as daar geen berou is nie. Eers moet die slagoffer, die oortreder in privaatheid berispe. As die poging misluk, kan hy een of twee getuies saamneem, dan eers kan die saak voor die gemeente gelê word. Alhoewel die Skrif leer dat 'n oortreding nie toegelaat of oorgesien moet word nie, leer Jesus

Christus vir sy volgelinge dat daar **geen einde aan vergifnis** moet wees nie. In Markus 11:25 vind 'n mens die antwoord van hoe hierdie (sonder einde) vergifnis moet plaasvind indien daar geen berou of versoening sou wees nie. Die enigste verbintenis is dan tot God en eensydige vergifnis van die hart kan dan plaasvind teenoor en voor God. Die laaste Skrifgedeelte Matteus 6:12-15 kan as 'n dreigement ervaar word of 'n mens kan reken dat jy deur jou vergifnis iets kan verdien. Die waarheid is egter dat die ervaring van God se vergifnis, mense *verander* sodat hulle dieselfde voorbeeld stel deur onvoorwaardelik vergifnis aan hul oortreders te skenk.

Uit die literatuurstudie ten opsigte van vergifnis en berou in Judaïsme, is die gevolgtrekking andersins gemaak dat vergifnis in Judaïsme **voorwaardelik** moet wees en dus altyd gekoppel behoort te wees aan berou. Dit is gebaseer daarop dat God van 'n sondaar berou vra voordat Hy vergewe. Die standpunt kan ook radikale implikasies vir hierdie studie hê, want dit beteken dat eensydige vergifnis nie geldig is nie, maar eers voorafgegaan moet word deur berou van die oortreder. In Judaïsme plaas die verbond 'n plig op gemeenskapslede tot berou en vergifnis teenoor mekaar en teenoor God. Ten opsigte van vergifnis en berou in die Christendom word bevind dat God van Christene verwag om **onvoorwaardelik** te vergewe omdat Hy hulle eerste vergewe het. Sondige oortredings kan egter nie geïgnoreer of getolereer word nie, daarom die teregwysing in liefde. Indien die oortreder egter onberouvol sou bly en versoening onmoontlik blyk te wees, moet gelowiges gewillig wees om sonder einde in hul hart voor God en teenoor God te vergewe – **eensydige vergifnis**.

Dit sal negatiewe emosies soos haat en woede voorkom. Dit maak vergifnis dus onvoorwaardelik en universeel goed, wat die fokus van hierdie studie is. Die vraag is of die mens daartoe instaat sou wees. Vergifnis begin by God en die mens kan dit nie alleen doen vanuit sy menslike natuur nie.

Aan die Goddelike kant word interpersoonlike vergifnis egter deur die Drie-eenheid geïnisieer. God die Vader se liefde is die bron van vergifnis. Jesus Christus verpersoonlik die liefde en barmhartigheid van God se liefdevolle hart en verwerf ook die totale

skuldvrystelling vir die mens. Die Heilige Gees bring die sondaar by oortuiging van sonde (vgl Joh 16:13), wedergeboorte en bevorder die heiligmakingsproses in gelowiges se lewens. Die Gees bemagtig gelowiges vir diens deur die *agape*-liefde in hul harte te lê en roep gelowiges tot eenheid in die verenigde liggaam van God. As God dan berou vereis voordat Hy vergewe, waarom verwag Hy van gelowiges om onvoorwaardelik te vergeef?

Daar is twee vlakke van interpersoonlike vergifnis, naamlik *besluitnemings- en emosionele* vergifnis. God verwag van gelowiges om 'n wilsbesluit te neem ten opsigte van vergifnis maar ook emosioneel te vergewe ten einde 'n hartsverandering te beleef. Beide besluitnemings en emosionele vlakke van vergifnis is betrokke by intrapersoonlike vergifnis. God se doel met vergifnis is 'n onvoorwaardelike gawe van liefde vir mekaar, tot versoening. Dit het 'n eskatologiese krag as 'n visie, belofte, ideaal en roeping en werk in horisontale menslike verhoudings, maar ook in die mens se vertikale verhouding tot God. Beide eensydige vergifnis en bilaterale vergifnis is dus van pas in die Skrif, want dit bevorder beide of ten minste een van die verhoudings. Dit is derhalwe aangetoon in hierdie hoofstuk dat eensydige vergifnis nie net belangrik is nie, maar ook 'n opdrag van God.

Die volgende hoofstukke sal aan ander fasette van eensydige vergifnis aandag gee: literatuurstudie uit die deelwetenskappe (hfs 3) en die empiriese ondersoek (hfs 4) .

# HOOFSTUK 3

# METATEORIE - DEELWETENSKAPLIKE PERSPEKTIEWE

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om 'n metateoretiese ondersoek te doen. Onder metateorie word verstaan "'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek" (Prinsloo 2009:37). Daar sal dus vasgestel word wat die deelwetenskappe getuig oor eensydige vergifnis. Insigte op die terreine van die psigologie, psigiatrie en neurologie sal nagevors word deur middel van literatuurstudie, sonder dat die spesifieke deelwetenskappe telkens aangedui word.

Volgens De Wet (2006:64) was teologie die leidende wetenskap en was sosiale wetenskappe (deelwetenskappe) beskou as "hulpwetenskappe" - blote hulp by die toepassing van teologiese waarhede in die praktyk. Mettertyd het die deelwetenskappe egter hul eie navorsingsmetodes ontwikkel en funksioneer nou selfstandig as volwaardige vakgebiede naas teologie. In hierdie hoofstuk sal daar eerstens gekyk word na die verband tussen teologie en psigologie ten opsigte van vergifnis en daarna kortliks die geskiedenis van psigologie rakende vergifnis. Definisies van vergifnis sal ondersoek word, aangesien dit die basis vorm waaruit vergifnisterapie, waar dit veral belangrik is om te weet wat vergifnis is of nie is nie, aangebied word ( Enright & Fitzgibbons, 2000:24-25).

Daar sal vervolgens aandag geskenk word aan die rede vir vergifnis wat gaan bepaal watter tipe vergifnis nodig sal wees. As die rede van vergifnis slegs versoening sou wees, sou dit eensydige vergifnis geheel en al uitsluit. Die woede element in onvergewensgesindheid en die uitwerking daarvan op die totale mens word ook ondersoek. Vergifnisterapie sowel as twee modelle van vergifnis, soos benut deur die deelwetenskappe in hul werk met kliënte, word hanteer. Die fases van vergifnis in die

betrokke modelle word deur middel van 'n literatuurstudie ontleed. Laastens word vergifnis, en versoening en daarteenoor eensydige vergifnis, bespreek.

## 3.2 'n KORT GESKIEDENIS VAN PSIGOLOGIE VAN VERGIFNIS

Die geskiedenis van vergifnis in psigologie en die sosiale wetenskap kan volgens McCullough *et al.* (2000:3) verdeel word in twee periodes. Die eerste periode dek vyf dekades tussen 1932 en 1980 en bestaan uit baie teoretiese verhandelinge en empiriese werk wat ontwikkel is om lig te werp op aspekte van vergifnis. Die tweede periode dek die twee dekades vanaf 1980 tot nou en dit reflekteer meer ernstige oorweging van die konsep van vergifnis. Dit wil voorkom of daar werklike vordering gemaak is in die verstaan van vergifnis. Alhoewel daar saamgestem word oor wat vergifnis nie is nie, word daar nie noodwendig saamgestem oor wat vergifnis werklik is nie. 'n Definisie waaroor almal saamstem kon egter nog nie gevind word nie en elkeen toets sy voorstelling van vergifnis teen sy eie definisie. Vervolgens word gekyk na definisies van vergifnis vanuit die deelwetenskappe, om die verstaan van vergifnis te bevorder.

## 3.3 DEFINISIE VIR VERGIFNIS.

'n Definisie van vergifnis vorm die basis van vergifnisterapie aangesien dit belangrik is om te weet wat vergifnis is of nie is nie. Meek (1996:206) meen dat vergifnis soms verwar word met ander terme. Die eerste hiervan is "verskonings" wat toevallig, informeel en onverskillig gebruik word in alledaagse gesprekke. Vergifnis benodig volgehoue pogings oor 'n lang tydperk. Vergifnis kan ook verwar word met ontkenning of passiewe aanvaarding. Passiewe aanvaarding fokus egter daarop om ten alle koste vrede met ander te hou. In teenstelling hiermee vereis vergifnis erkenning van seer gevoelens, om te rou oor die skade wat berokken is en ook die verwerking van negatiewe emosies, geassosieer met die oortreder. Selfblamering skep ook verwarring, want vergifnis vereis nie van slagoffers om verantwoordelikheid te aanvaar vir al die verkeerde dade nie. Vergifnis word nie altyd geassosieer met berou en selfverwyt by die oortreder nie. Eensydige vergifnis kan egter suksesvol plaasvind sonder die oortreder se

samewerking. Meek (1996: 207) verduidelik dat vergifnis en versoening nie dieselfde is nie. Versoening vereis vergifnis om plaas te vind, dog vergifnis vereis nie altyd versoening nie. Dit is soms onwys om, nadat vergifnis plaasgevind het, met 'n onberouvolle persoon te probeer versoen wat gewelddadig optree.

Enright & Fitzgibbons (2000 : 22) noem twee idees wat vergifnis konstitueer – moraliteit en transformasie. Vergifnis is gesentreerd in <u>moraliteit</u> wat 'n interpersoonlike aard het. Dit beteken dat die fokus op verhoudings en ander mense is, met goeie voornemens teenoor ander. Moraliteit het twee vorms, naamlik geregtigheid en barmhartigheid wat soms voorkom asof dit in konflik is met mekaar. Geregtigheid gaan barmhartigheid vooraf wanneer 'n slagoffer sy oortreder vergewe. Geregtigheid gaan egter nie net vooraf nie, maar vind ook soms *gelyktydig* met vergifnis plaas, want dit is moontlik vir 'n slagoffer om vergifnis te gee maar ook om geregtigheid toe te pas. Vergifnis is dus die barmhartige reaksie op die onreg wat geskied het. Vergifnis beteken ook <u>transformasie</u> wat 'n kwalitatiewe afwisseling of verandering in 'n paar areas inhou:

- Die vergewer verander sy vorige reaksies teenoor die oortreder;
- Die vergewer se emosionele toestand verander en verbeter;
- Die verhouding tussen die oortreder en die slagoffer mag ook verbeter.

Transformasie in vergifnis beteken dus om in 'n nuwe rigting te begin beweeg.
Vervolgens definieer Enright & Fitzgibbons (2000: 24) vergifnis as dat die mens rasioneel bepaal wanneer hulle onregverdig behandel is en dan vrywilliglik vergewe deur hul haatdraendheid en ander verwante gedrag (waartoe hulle 'n reg het) af te lê en dan poog om teenoor die oortreder op te tree in ooreenstemming met die morele beginsels van liefde wat empatie, onvoorwaardelike waardering, grootmoedigheid en morele liefde insluit (waartoe die oortreder as gevolg van sy onregverdige optrede nie die reg het nie)
Die skrywers, Enright & Fitzgibbons (2000:24) maak ook verfynings in die definisie gebaseer op psigologie:

- Vergifnis is 'n kontinuum. Elke keer as 'n persoon vergewe, word 'n hoeveelheid woede verwyder. Daar is dus grade van vergifnis vanaf gering tot voltooid;
- Vergifnis kan varieer tussen onstabiel tot stabiel;

- Vergifnis kan ook varieer van oppervlakkige tot diepe vergifnis;
- Die kwaliteit van die oortreding mag verskil en kan fisiese, sielkundige, emosionele of morele skade meebring;
- Die diepte van die seer van die oortreding mag verskil.

Volgens Ransley & Spy (2004:16-18) is daar 'n skynbare teenstrydigheid in bostaande definisie van vergifnis. As Enright & Fitzgibbons se definisie aanvaar word dat daar weggedoen moet word met negatiewe gevoelens teenoor die oortreder, hoe kan dit gedoen word sonder om die onaanvaarbare gedrag van die oortreder kwyt te skeld? Die kwaliteit van vergifnis sluit dus in dat die slagoffer sy siening rakende die oortreder moet hersien en 'n eerlike besluit moet neem dat die oortreder steeds 'n morele welvoeglike wese is, ten spyte van sy gedrag. Op geen manier beteken dit dat die oortreder se gedrag goedgekeur word nie. Die verklaring is nodig vir twee redes. Eerstens is dit moontlik om te vergewe en steeds regstappe te neem vir vergoeding. Tweedens bied dit geleentheid tot aanvaarding en versoening met die individu met die duidelike wete dat sy gedrag onaanvaarbaar is en bly.

Vir Watts & Gulliford (2004 : 85) is die vermindering van negatiewe gevoelens en emosies en die vermeerdering van positiewe emosies beide belangrik ten einde vergifnis ten volle te verstaan. Hulle verskaf 'n omvattende definisie van vergifnis, wat deur die navorser vertaal is, as *"'n bereidheid om 'n mens se reg op haatdraendheid, negatiewe oordeel en onverskillige gedrag teenoor die oortreder prys te gee en deur die onverdiende eienskappe van empatie, grootmoedigheid en liefde teenoor die oortreder te openbaar."* Hierdie definisie sluit die kognitiewe, emosionele en gedragskomponente in. Dit beklemtoon ook dat vergifnis 'n vrye keuse van die slagoffer is. Die definisie suggereer verder deur hul aandrang op die eienskappe van empatie, grootmoedigheid en liefde wat die slagoffer teenoor die oortreder moet openbaar, dat vergifnis nie slegs vir eiebelang alleen gegee kan word nie.

'n Definisie van vergifnis wat vergifnis beskryf as *"'n poging om liefde en vertroue in verhoudings te herstel sodat slagoffers en oortreders 'n einde kan maak aan destruktiewe*

*regte en met mekaar kan versoen",* vanuit Enright & Fitzgibbons (2000:315), dui op sekere aannames:

1. 'n Voortgesette verhouding;
2. Dit sluit eensydige vergifnis, waar versoening ontmoonlik is, uit;
3. Dit sluit ook gevalle uit waar daar nie meer vertroue in die voortgesette verhouding is nie. Dit is wel moontlik om iemand te vergewe maar nie meer in sekere areas te vertrou nie.

Ransley & Spy (2004:16) noem dat die psigologie en psigoterapeutiese literatuur 'n hele reeks definisies bied vir vergifnis. Dit sluit twee elemente in naamlik:

- Bevryding van haatdraendheid teenoor die oortreder;
- Herstel van die verhouding en genesing van innerlike emosionele wonde.

In dié terme is vergifnis 'n psigologiese samestelling sowel as 'n sosiale een. Dit sluit verandering binne die persoon sowel as verandering van die verhouding van die twee partye in. As 'n mens dus aan vergifnis dink, is dit belangrik om bewus te wees van beide elemente, alhoewel verandering soms slegs in een element kan plaasvind byvoorbeeld binne die persoon wat vergewe het. Vergifnis word omskryf deur Ransley & Spy (2004:113) as "die bevryding van die mag wat die oortreder en die oortreding oor die slagoffer het, sodat dit nie meer die slagoffer domineer en beheer nie." Sonder die ervaring van vergifnis wat "closure" bring, sweer die wond en neem die oortreding die slagoffer se bewussyn en lewe oor. Werklike vergifnis is 'n handeling van bemagtiging en genesing en help 'n mens om van slagoffer na oorwinnaar te beweeg. McCullough *et al.* (2000:9) huldig dieselfde standpunt as Ransley & Spy dat vergifnis 'n psigologiese samestelling is. Wanneer 'n slagoffer 'n oortreder vergewe, is dit die vergewer wat (spesifiek, in sy gedagtes, gevoelens, motiverings, of gedrag) verander.

Vergifnis het 'n tweeledige karakter omdat dit sowel interpersoonlik as intrapersoonlik is. Interpersoonlik, omdat die slagoffer vergewe in reaksie op 'n interpersoonlike skending, en die slagoffer vergewe noodwendig in verhouding tot iemand anders. Intrapersoonlik, omdat daar ook 'n proses binne die persoon se innerlike plaasvind. Daarom definieer McCullough *et al.* (2000:9) vergifnis as *"intra-persoonlike prososiale verandering*

*teenoor 'n waargenome oortreder wat geleë is binne 'n spesifieke interpersoonlike konteks".* Die Skrywer uiter 'n versugting dat alle navorsers die definisie moet aanvaar, sodat hulle in staat en verseker kan wees dat hulle oor dieselfde verskynsel (vergifnis) praat en dieselfde taal gebruik ten opsigte van vergifnis.

Gaines (2003:160) meen dat 'n meer byderwetse definisie van vergifnis nodig is: een wat bou op, maar tog afwyk van Bybelse bronne en godsdienstige tradisies. Teologiese vergifnis en psigologiese vergifnis is nie identies nie. Vier tipes vergifnis word deur Loewen in Gaines (2003:160) geïdentifiseer: geestelike, godsdienstige, sosiaal en self. 'n Noue verband bestaan tussen die verskillende tipes, maar almal mag nodig wees om vergifnis tenvolle te ervaar en te voel. 'n Duidelike onderskeid word gemaak deur Govier (2002:voorwoord) in die definisies van bilaterale en eensydige vergifnis. In die konteks van bilaterale vergifnis erken die oortreder sy oortreding en vra vergifnis wat deur sy berou betoon word. Nou kan die persoon wat vergewe, wel vergewe op grond van die feit dat die oortreder sy verkeerde optrede gaan stop. In die konteks van eensydige vergifnis gebeur dit nie so nie. Die slagoffer onderneem om te vergewe sonder enige erkenning van skuld. Oortreders mag afwesig of dood of, alhoewel aanwesig, tog onberouvol wees. Vanuit 'n morele oogpunt is eensydige vergifnis duidelik meer omstrede. Govier (2002 : voorwoord) noem dan ook 'n welbekende voorbeeld van eensydige vergifnis ter illustrasie, naamlik Nelson Mandela. Mnr. Mandela het 'n eensydige inisiatief geneem om sy vergifnis aan te bied en daaruit het bilaterale vergifnis voort- gevloei. Vir die navorser was die rede vir sy optrede daarop gerig dat hy versoening begeer het en dat hy verhoudings wou herstel. Watts & Gulliford (2004 : 165) verwys ook na Mnr Mandela se gesindheid wat van groot betekenis was vir die volk toe hy vry uit die gevangenis tot in 'n leiersposisie kon stap. Dit het 'n rolmodel van waardigheid en vergifnis aan sy volk voorsien.

## 3.4 VERBAND TUSSEN TEOLOGIE EN PSIGOLOGIE TEN OPSIGTE VAN VERGIFNIS.

Tot onlangs is vergifnis as 'n eksklusiewe teologiese konsep beskou. Daar is egter vasgestel dat vergifnis 'n besondere waarde inhou as terapie en het 'n sekulêre psigologie van vergifnis het spoedig begin ontwikkel. Volgens Watts en Gulliford (2004:2-3) is die huidige posisie tussen die twee benaderings in die literatuur die volgende: dit is waardevol om beide 'n psigologiese en teologiese benadering tot vergifnis te hê. Die benaderings kan nie totaal van mekaar geskei word nie, omdat die benaderings verskillende aspekte van dieselfde verskynsel van vergifnis toon. Verder is die psigologiese en teologiese benaderings verenigbaar met mekaar en is daar nie noodwendig konflik tussen hulle nie. Dieselfde outeurs, Watts en Gulliford, bevind egter dat Teologie en Psigologie nie vergelykbare dissiplines is nie. Psigologie is meer gefokus op veral psigologiese prosesse, terwyl Teologie 'n meer breër perspektief op dinge bied, omdat alles gesien kan word binne die raamwerk van die Godsopenbaring. Die een benadering kan dus nie oor die ander gesien word nie. Die ontmoeting van die twee dissiplines moet dus op die basis wees van dat hulle mekaar se selfstandigheid en onderskeie bydraes kan respekteer. Daar is menslike aspekte van vergifnis wat die beste toegelig word deur Psigologie en breër aspekte wat weer die Teologiese perspektief vereis. Sodoende kan die benaderings mekaar verryk. Die navorser meen egter dat alhoewel daar geen vergifnis kan wees sonder God nie, moet daar toegegee word dat 'n menslike aktiwiteit soos vergifnis gebruik kan word en voorgestel kan word vanuit verskillende oogpunte.

Meek (1996: 207-212) meen dat daar ten minste na drie psigologiese perspektiewe gekyk moet word ten opsigte van vergifnis as terapie. Hierdie benadering is noodsaaklik, veral omdat Psigoloë verskillende sterk opinies het omtrent die plek van vergifnis in psigologie.

### 3.4.1 Teenstand teen vergifnisterapie

'n Verteenwoordiger van hierdie perspektief, Psigodinamieka terapeut, Alice Miller glo dat vergifnis skadelik is vir pasiente en dat vergifnis altyd gedoen word uit 'n valse morele verpligting.

### 3.4.2 Vergifnis as 'n kliniese tegniek

Vergifnisterapie word gebruik as 'n tegniek omdat die kliënt se geestesgesondheid daardeur bevorder kan word as die kliënt bevry word van destruktiewe gevolge van verhoudingsprobleme soos woede, bitterheid en haatdraendheid. Die skrywer, Meek (1996:208) waarsku egter dat 'n definisie wat eksklusief fokus op vergifnis as slegs 'n afname van negatiewe emosies soos wraakgierigheid en haatdraendheid, 'n koue neutraliteit is wat nog nie vergifnis is nie.

### 3.4.3 Vergifnis as 'n Christelike plig

Vergifnis word in hierdie perspektief gesien as 'n Christelike plig vir die wat 'n Christelike lewe wil lei. Vergifnis vind juis lewe en betekenis in die Christelike leer, want dit kan nie geskei word van die geloofstruktuur nie. Hierdie tipe vergifnis is lewegewend en transformerend. Daar is dus 'n behoefte aan 'n geïntegreerde perspektief in vergifnis wat vereis dat die waarde van elk van die drie perspektiewe gevind en geïntegreer word tot een perspektief vir vergifnisterapie.

## 3.5 DIE REDE VIR VERGIFNIS

In die psigologiese en psigoterapeutiese literatuur is daar 'n aantal redes wat gegee word vir vergifnis. Sommige het etiese ondertone en ander neig na eiebelang.
Ransley & Spy (2004:20-21) onderskei tussen twee redes naamlik: vergifnis as 'n geskenk vir die self en vergifnis as 'n geskenk vir die ander persoon.

### 3.5.1 Vergifnis as 'n geskenk vir die self (eensydige vergifnis)

In 'n navorsingstudie, beskryf deur Watts & Gulliford (2004:101), word twee enerse groepe respondente gebruik met die enigste verskil, *die rede vir hul vergifnis*: 1ste groep – interpersoonlik gefokus op versoening wat die verhouding bevoordeel. 2de groep – intrapersoonlik gefokus op genesing en bevoordeling van die self. Beide groepe het die 83-item Wade Forgiveness Scale (1989) voltooi. Die bevinding van die toetsresultaat was dat die groep wat moes vergewe tot hul eie voordeel en genesing, méér gemotiveerd was om wel te vergewe vir die self, eerder as vir versoening in die verhouding.

Ransley & Spy (2004:20-21) noem dat vergifnis 'n mens daarvan bevry om die onderwerp van 'n ander se negatiewe aksies te wees. Wanneer die slagoffer besluit om te vergewe, neem hy beheer van sy lewe terug en dit verhoog sy *selfbeeld*. 'n Belangrike vraag of 'n slagoffer sou kon aanbeweeg sonder om vergifnis te skenk aan diegene wat teen hom oortree het, word deur Ransley & Spy (2004:61-64) gevra. Hulle verwys na 'n navorsing, onderneem deur Mary Baures waarin die meeste van die deelnemers die waarde van die vermoë om met negatiewe emosies soos woede en bitterheid te deel en dit te verwerk, as baie belangrik vir *persoonlike welstand* beskou het. Sy het met 20 slagoffers, wat groot trauma en verlies ondervind het en daarna 'n positiewe lewensverandering gemaak het, onderhoude gevoer. Geeneen van hulle het hul negatiewe gevoelens onderdruk nie, maar dit verwerk en laat vaar en voortgegaan met hul lewe. Baie van hulle het nie empatie met hul oortreders ontwikkel nie, dus het daar geen versoening plaasgevind nie. Wanneer 'n onberouvolle oortreder konfronteer word, kan dit soms meer pyn meebring en baie traumaties wees vir die slagoffer. Die slagoffer word agtergelaat met beide die verskrikking van die oortreding en die feit dat die realiteit ontken word deur die oortreder. Hoe kan 'n mens ophou om woedend te wees as die oortreder ontken dat daar iets is om oor kwaad te wees? Ongeveer almal het egter aangedui dat waar die oortreders berou getoon het, hulle beter instaat was om gevoelens van woede en seer te verwerk. Vanuit die bostaande studie is dit egter duidelik dat berou en versoening nie 'n vereistes vir vergifnis is nie. Selfs as die oortreder onberouvol bly, kan 'n mens steeds vergewe en vrede en welstand tot jou lewe voeg (Enright, 2002 : 43).

Enright (2002:15) wys op die voordele wat enige tipe vergifnis inhou vir die slagoffer self. Richard Fitzgibbons, 'n psigiater, uit die staat Pennsylvania, het bevind dat mense wat vergewe se *vrees verminder* en dat *fisiese gesondheid* ook *verbeter* na vergifnis, omdat hul woede verminder. Morton Kaufman, 'n Israeliese psigiater, bevind dat ware vergifnis lei tot 'n algehele *verbetering* in die persoon se *emosionele volwassenheid.* Die voltooiing van die vergifnisproses maak mense dus *psigologies gesonder.* Ook Govier (2002:65) vra of 'n slagoffer se eensydige vergifnis, wat die slagoffer alleen bevoordeel, 'n morele argument kan meebring, omdat dit te selfgesentreerd sou wees. Die slagoffer moet egter self besluit of hy/sy wil vergewe of nie. 'n Positiewer reaksie teen die kritiek dat eensydige vergifnis te selfgesentreerd is, is egter dat eensydige vergifnis 'n dimensie het wat uitreik na ander en wat 'n eensydige inisiatief kan word vir bilaterale vergifnis, soos in Mnr. Mandela se geval.

### 3.5.2 Vergifnis as 'n geskenk aan die ander persoon (versoening word ingesluit)

Enright (2002: 202) meen dat selfsugtigheid (om net aan jouself te dink) selde in die vergifnisproses inkom, omdat vergifnis en selfsug onversoenbare benaderings tot die lewe is. Soos 'n mens jou pyn hanteer deur te vergewe, sal jy vind dat jou motivering verander vanaf 'n fokus op jou eie pyn na die oortreder.

Ransley & Spy (2004:85) se siening is dat eensydige vergifnis nie ware vergifnis is nie. Vir die skrywers is vergifnis die innerlike chirurgie van die hart, die proses waardeur 'n individu besluit om die seer te laat vaar terwille van die *verhouding*.

Vergifnis volgens Enright (2002:25) is 'n handeling van barmhartigheid tot 'n oortreder wat nie noodwendig barmhartigheid verdien nie. Dit is 'n geskenk aan die oortreder met die doel om die verhouding tussen die slagoffer en die oortreder te herstel. Ten spyte van wat die oortreder gedoen het, is die slagoffer gewillig om hom te behandel soos 'n lid van die gemeenskap wat waardig is om gerespekteer te word deur elkeen in die gemeenskap. Dr. McGary, 'n filosoof van Rutgers Universiteit soos aangehaal in Enright (2002:36), glo nie dat medelye, welwillendheid en liefde, gerig tot die oortreder, noodsaaklike elemente van die vergewingsproses hoef te wees nie. Enright verskil egter hiervan en

noem dat so 'n beperkte vergifnis daartoe kan lei dat die haatdraendheid vervang kan word met vervreemding.

## 3.6 WOEDE EN VERGIFNIS

Vir Gaines (2003:161) is sterk emosies soos woede, deel van haatdraendheid en onvergewensgesindheid. **Om iemand te vergewe is om te stop om kwaad te wees**; om 'n emosionele verandering te ondergaan sodat vyandige aksies soos wraak en teenbeskuldigings verbode is. Vergifnis elimineer haatdraendheid en woede en maak herstelde verhoudings moontlik.

Volgens Enright & Fitzgibbons (2000:15) is 'n kern sleutel in die vergifnisproses om woede te verstaan, te konfronteer en te verminder. Woede is 'n interne toestand wat beide gevoelens en gedagtes insluit en 'n eksterne toestand wat verbaal en deur gedrag uitgedruk word. Wanneer 'n persoon woedend is, ervaar hy psigologiese opwekking en verwante emosionele pyn as gevolg van onregverdige behandeling. Die tipe woede in die kern van die vergifnisproses word gekenmerk deur sewe punte:

- Die woede is gefokus op ander mense;
- Die woede is intensief, ten minste op korttermyn;
- Die woede lei soms tot 'n aangeleerde patroon van irritasie met ander mense wat nie maklik gebreek kan word nie;
- Woede kan heftig wees in onderdrukking of in openlike vyandigheid;
- Die woede is soms regressief;
- Woede is blywend en veroorsaak self-destruktiewe gedrag.;
- Woede is gewoonlik gebaseer op werklike onreg en seer.;

Enright (2002:47-55) meen dat woede, as 'n onmiddellike reaksie op onreg normaal en gesond is. Hy omskryf dit so:

*"Anger is like alcohol: A little bit can be beneficial, but too much of it is a problem, even addictive".*

Woede is dus 'n emosie wat gevoelens en gedagtes raak en wat die mens liggaamlik affekteer. Dit verander na verloop van tyd in smeulende haatdraendheid. In **die**

**vergifnisproses word woede egter hanteer en verwerk.** Enright noem dat navorsing op fisiese gevolge van diep woede wat lank aanhou, bevind dat woede bloeddruk en hartprobleme meebring. Onderdrukking of aanhoudende ventilering van woede is dus fisies ongesond. Stoop en Masteller (1996: 223) meen dat woede en vergifnis intiem verbind is met mekaar. In die meeste gevalle kan 'n mens nie werklik vergewe as jy nie jou woede hanteer het nie. Die skrywers, Stoop en Masteller maak dan ook die volgende stelling:

*" Without anger, most forgiveness is superficial. Genuine forgiveness almost always includes anger".*

3.6.1 Neurologiese siening van woede

Psigoneuroimmunologie (PN1) bestudeer die impak wat negatiewe emosies en lewensgebeure op die mens se senuweestelsel, hormone, immuniteitstelsel en uiteindelik die gesondheid kan hê. Die skrywers, Coetzer & Kotze (2008:2) meen dat geen persoon 'n emosie net in sy hart of gedagtes ervaar nie. Dit word ervaar in die vorm van chemiese reaksies in die liggaam en brein. Hierdie chemiese reaksies vind in die organe, maag, hart, spiere en bloedselle plaas. Die verskillende areas van die liggaam is onderling verbind en negatiewe gedagtes en emosies van haatdraendheid en woede bring verandering in die brein se werking mee. Hierdie veranderings wysig sekere endokriene funksies asook die aktiwiteit van die outonome senuweestelsel wat orgaanfunksies reguleer en wat 'n impak het op die funksionering van die immuunsisteem. Hoe 'n persoon emosioneel voel bepaal hoe hy fisies voel. Backus (1996:63-64) meen dat elke deel van die immuunsisteem op een of ander manier met die brein, verbind is hetsy deur 'n direkte senuweeweefsel-verbinding of neuropeptides. Die brein produseer die neuropeptides en stuur dit deur die senuweeselle regdeur die liggaam (vgl. Bylae 5). Op dié wyse kommunikeer die brein met die immuunselle in die liggaam en is die immuunstelsel dus in direkte kontak met die hipotalamus in die brein. Die mens se gesondheid en genesing kan beter of slegter gemaak word deur wat in jou gedagtes aangaan. Navorsing oor die neuropeptides toon dat die chemiese boodskappers wat in die brein voorkom, ook aktief is oor die hele liggaam. 'n Mens moet dus onthou: wat jou

omkrap en spanning meebring, sal jou brein affekteer en wat jou brein (gedagtes) doen - veral oor 'n lang tyd – sal 'n kragtige uitwerking hê op jou immuunsisteem hetsy in 'n positiewe of negatiewe sin.

Die emosies met die mees destruktiewe invloed op die mens se liggaam, word deur Coetzer & Kotze (2008:5) geïdentifiseer as woede, onvergewensgesindheid, bitterheid, haatdraendheid, depressie, frustrasie en skuld. Die oorsprong van talle van hierdie emosies hou verband met negatiewe ervarings in so 'n mens se verlede. Dit is dus duidelik dat 'n persoon se fisiese gesondheid negatief beïnvloed kan word wanneer hy aan vernietigende gedagtes "verslaaf" geraak het. Voorbeelde van fisiese siektes wat dui op psigiese faktore volgens, Coetzer & Kotze (2008:7), is asma, hartsiektes en ook kanker. Hulle wys ook op resultate van studies wat daarop dui dat daar 'n verhouding is tussen die onvermoë om uitdrukking te gee aan emosies soos veral woede en die voorkoms van kanker.

Backus (1996:22) som dit so op: gedagtes en gelowe kan jou siek maak en negatiewe gedagtes kan optimale gesondheid voorkom. Veral gedagtes wat 'n innerlike klimaat van woede, vrees, ontmoediging, bitterheid, jaloesie, frustrasie en haatdraendheid voortbring, bedreig 'n mens se optimale gesondheid. Dit gebeur omdat die negatiewe patrone in werklikheid die werking van psigologiese prosesse onderdruk, sowel as die liggaam se immuunstelsel. Dit is 'n formule vir 'n ramp. Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat die **vergifnisproses, waar woede hanteer en verwerk word,** saam met ander negatiewe emosies wat gevaarlik is vir die mens se liggaamlike en psigiese gesondheid, **noodsaaklik skyn te wees vir die slagoffer self**. Al sou die hantering en verwerking van sodanige negatiewe emosies ook geskied tydens 'n eensydig vergifnisproses waar die oortreder onberouvol of onbeskikbaar sou wees en versoening nie moontlik is nie. Hierdie aspek het belangrike implikasies vir die verloop van die studie en uiteindelike riglyne wat gegee gaan word met betrekking tot eensydige vergifnis.

3.6.2 Psigiatriese siening van woede

In die bogenoemde gedeelte is die verband tussen woede en vergifnis bespreek. Hierdie aspek kry nou verder aandag wanneer die psigiatriese siening van woede hanteer word. Die vraag van die navorser hier is: Watter plek het woede in kliniese afwykings en kan die vergifnisproses herstel bevorder? Enright & Fitzgibbons (2000:108) huldig die siening dat woede 'n betekenisvolle rol kan speel in 'n reeks kliniese ongesteldhede soos depressie, angstigheid, paniekaanvalle, sosiale fobies, obsessiewe-kompulsiewe siektes, post-traumatiese stressindroom en selfs anoreksia.

Enright & Fitzgibbons (2000: 114) noem dat woede en vyandigheid algemeen is onder pasiënte met **depressie**. In 'n ondersoek is bevind dat woede gewoonlik kort na 'n pynvolle onreg ontwikkel by sulke depressiewe persone. Mense met depressie het egter 'n gewoonte om die woede te onderdruk eerder as om dit uit te druk. Daar is ook betekenisvolle vlakke van woede in pasiënte met **angsneuroses**. Terapeutiese effektiwiteit word slegs bereik deur die verwydering van woede. Dit word geassosieer met seerkry vanuit verskillende lewensfases, wat 'n persoon se basiese vermoë aangetas het om te vertrou of veilig te voel. Vergifnis sal angstigheid direk verminder as 'n resultaat van die verwerking van woede. Soos woede ten opsigte van seerkry uit die verlede verminder word deur die vergifnisproses, en genesing geskied, word 'n groei in vertroue ook gefasiliteer. Volgens Enright & Fitzgibbons (2000:229,249) kan die vergifnisproses 'n nuwe metode voorsien vir hantering van woede en kan ook 'n belangrike rol speel om kliënte met **bipolêre gemoedsversteuring** te stabiliseer deur vermindering van intense gevoelens van woede. Ook hou vergifnis baie voordele in vir kliënte met **persoonlikheidsversteurings.** Die vermindering van hul verhoogde woede en haatdraendheid teenoor hul oortreders kan hulle stabiliseer en gevolglik hul interpersoonlike verhoudings verbeter. So kan vergifnis ook hul impulsiewe en selfdestruktiewe gedrag verminder en dit kan help om hul afwyking te genees. Woede word dus met baie van die kliniese afwykings geassosieer. Uit navorsings-studies is bevind dat meer woede in kliniese afwykings teenwoordig is as wat tot dusver erken word. Enright & Fitzgibbons (2000:325) sê nie dat woede die dominante oorsaak van alle

kliniese afwykings is nie, maar dit word as bydraende faktor gesien. Die bevinding is dat as daar vanuit die kliniese perspektief gekyk word, dit gewoonlik die meer kwesbare mense is wat spesifiek nodig het om te vergewe terwille van sy emosionele en persoonlikheids stabiliteit en gesondheid. Enright & Fitzgibbons omskryf "Kwesbare persone as persone waar woede so intens manifesteer dat hulle hul eie emosionele welwees in gevaar stel." 'n Persoon se kwesbaarheid word bepaal deur sy gesinsagtergrond, hanteringsvaardighede, geloofservaring, ondersteuningshulpbronne en vermoedelik ook die senuweestelsel en veral die produksie van sekere brein chemikalieë wat 'n rol kan speel. Kan dit dus wees dat 'n persoon met minder en swakker gemeenskaphulpbronne, familiesteunstelsels en vriendskaps-ondersteuning meer as ander nodig het om te leer omtrent die vergifnisproses? Of kan dit wees dat mense wat meer onder druk geplaas word deur hul fisiologiese instellings 'n groter risiko word vir intense woede en diepgaande haatdraendheid sodat hulle hulp benodig daarvoor? Nog 'n vraag wat by die skrywers ontstaan het, is: As woede al die afwykings deurtrek, waarom is die simptome van almal nie dieselfde nie, maar varieer oor al die kliniese afwykings heen? Waarom raak sommige depressief en ander angstig as hulle onregverdig behandel word? Dit is vrae wat Enright & Fitzgibbons vra en hulle meen dat, ten spyte van ander bydraende faktore, daar veral op woede gefokus moet word om 'n bevredigende antwoord te kry. Die skrywers neem 'n kliniese perspektief in, nie 'n filosofiese of teologiese perspektief nie, wanneer hulle bevind dat 'n meer kwesbare persoon spesifiek meer vergifnis benodig vir emosionele en gemoeds-stabiliteit.

Die navorser se gevolgtrekking hieruit is dat selfs eensydige vergifnis woede kan verminder en gevolglik bydra tot die verbetering van kliniese afwykings in kliënte en in sommige gevalle selfs herstel meebring. Eensydige vergifnis kan dus ook bydra tot die slagoffer se emosionele gesondheid. Enright & Fitzgibbons ( 2000:329) stel selfs voor dat kinders in die skool en in gesinne geleer word oor die vergifnisproses. So kan voorkomend opgetree word om emosionele gesondheid oor te dra na die opvolgende generasie.

### 3.6.3 Psigologiese siening van woede

Volgens Watts & Gulliford (2004: 86) is die psigologiese gevolg van volgehoue woede die verhoging in die moonlikheid van **drank- en dwelm afhanklikheid** waar psigososiale funksionering probleme skep. Onvergewensgesindheid mag dus bydraende omstandighede wees tot verslawingsprobleme soos dwelm-, alkohol- en nikotienverslawing. Volgens Enright & Fitzgibbons (2000:156) is dwelmverslaafdes die persone met die hoogste telling op die "State and Trait Anger scales" en openbaar hulle die meeste woede-uitvalle teenoor ander mense of objekte. Hulle het ook die minste selfbeheer ten opsigte van hul woedegevoelens teenoor die algemene publiek. Baie terapeute identifiseer dwelm- en drankafhanklikes as hul kwaadste, mees beledigende, gewelddadigste pasiënte. Hul haatdraendheid meng in met beide binnepasiënt en buitepasiënt-herstelprogramme en speel ook 'n rol in hul terugval. Baie afhanklikes besef dat hulle drank misbruik om hul woede te beheer, maar soms ook as metode om hul verdedigingsmeganismes te verminder sodat hulle makliker hul woede kan ventileer. Alkoholiste in Alkohol Anoniem, aangehaal deur Enright & Fitzgibbons (2000:156), stel dit so:

"Resentment is the number one "offender." It destroys more alcoholics than anything else...It is plain that a life that includes deep resentment leads only to futility and unhappiness...With the alcoholic, this business of resentment is infinitely grave. We found that it is fatal....If we were to live, we had to be free of anger."

Die komplekse en kragtige emosies van woede binne die **huwelik** is een van die hoofredes waarom egpare berading soek. Veral omdat egpare dikwels nie in staat is om hul oormatige woede te verstaan of te hanteer nie. Enright & Fitzgibbons (2000:194-195) meen dat kliniese ervaring aandui dat elke huweliksmaat met 'n aantal onderdrukte woede in die huweliksverhouding inkom. Hierdie onderdrukte woede kom gewoonlik uit hul kinderjare of uit vorige verhoudings. Die oplossing van woede vanuit verskillende fases van die lewe is essensieel en kan slegs bereik word deur die gebruik van vergifnisterapie. Daar is baie hoofoorsake van huwelikskonflik soos emosionele mishandeling, gewelddadigheid, ontrouheid onder andere en elkeen daarvan dra weer by

tot die reeds bestaande onderdrukte woede van die huweliksmaats. Die woede, geassosieer met vervreemding en egskeiding, kan net so intens en skadelik wees vir beide egliede en kinders. Die egskeidingsproses word dikwels geassosieer met kragtige gevoelens van hartseer, woede en wantroue. Alhoewel sommige verlig voel om weg te wees van 'n gewelddadige eggenoot, gaan hulle ook deur 'n rouproses waar sterk gevoelens van woede en verraad hanteer moet word. Ander word geteister deur wraakgedagtes en haat. Die vermoë om die woede gedurende die egskeidingsproses te hanteer is baie belangrik vir die instandhouding van emosionele gesondheid. Lotter (1987: 59) toon aan dat die proses van vergifnis tussen huweliksmaats ná 'n egskeiding baie moeilik, stadig en pynlik is, omdat dit baie seer ontbloot en baie slegte herinneringe oopgrawe. Die laaste fenomeen wat die navorser graag wil ondersoek ten opsigte van die woede-element, is **eetversteurings**. Enright & Fitzgibbons (2000:215) meen dat die woede in pasiënte met eetversteurings die oorsprong het in negatiewe gebeure met hul ouers. In hul kliniese ervaring is opgemerk dat pasiënte met bulimie en pasiënte met anoreksie hul woede op verskillende wyses uitdruk. Pasiënte met bulimie is meer eerlik oor hul woede en laat dit op 'n meer aktiewe manier los, terwyl pasiente met anoreksie hul haatdraendheid probeer wegsteek en eerder op 'n passief-aggressiewe wyse loslaat. Prinsloo (2009:55) meen ook dat eetversteurings sy oorsprong kan hê in die persoon se jeugjare of volwassenheid, maar ook deur chemiese wanbalanse in die brein. Faktore soos onvergewensgesindheid en bitterheid kan ook 'n rol speel.

## 3.7 TERAPIE EN VERGIFNIS

Vergifnisterapie behels volgens Enright & Fitzgibbons (2000: 15), dat kliënte gehelp moet word om te bepaal dat sekere gedrag verkeerd en onregverdig is. Die persoon moet ook gehelp word om te besluit dat ander gedrag soos barmhartigheid in sekere omstandighede soms reg en goed is

Volgens Enright & Fitzgibbons (2000:4-5) word vergifnisterapie om vier redes deur sielkundiges en ander terapeute toegepas:

- Vergifnis is effektief in die vermindering van kliënte se woede, angs en depressie, terwyl dit hul hoop en selfbeeld vermeerder;

- Vergifnis is 'n direkte wyse om met woede gebore uit onreg, te handel op 'n wyse wat konstruktief en genesend is;
- Die beginsels van vergifnisterapie is nie moeilik om te bemeester nie en kan verstaan word vanuit 'n interdissiplinêre perspektief, insluitend filosofie, psigologie en psigiatrie;
- Die meerderheid kliniese terapeute hoef nie hul oriëntasie te verander nie. Vergifnisterapie kan plaasvind in 'n wye verskeidenheid oriëntasies deur slegs 'n aanpassing tot hul eie bekende benadering te maak.

Die doelwit van 'n terapeut is om 'n kliënt deur sy eie, vrywillige en eensydige wilsbesluit, te help om die verlede te laat gaan en innerlike genesing te ervaar. So kan hy voortgaan met sy lewe, aldus Watts & Gulliford (2004:43). Hulle terapeutiese model sluit in: Die erkenning van die onreg wat plaasgevind het; 'n Vrywillige eensydige besluit om nie vergelding af te dwing nie; 'n Vrywillige intrapersoonlike besluit om onvoorwaardelik (sonder dat berou getoon is) vergifnis te gee, met gevolglike moontlikheid van herstel en versoening in die verhouding.

## 3.8 PROSES VAN VERGIFNIS

Alhoewel daar verskillende modelle beskikbaar is vir vergifnis binne die deelwetenskappe (benewens teologiese modelle), gaan die navorser slegs twee verskillende modelle van bespreek, nl. die "Pyramid Model to REACH forgiveness" van Worthington en die "Fase prosesmodel van vergifnis" van Enright & Fitzgibbons. Die twee modelle sal spesifiek bespreek word, omdat hulle omvattend is en alle aspekte van vergifnis dek.

### 3.8.1 Die Pyramid Model to REACH forgiveness (Worthington, 2003:73-77)

Die model is gebaseer op die verplasing van negatiewe emosies wat geassosieer word met woede, vrees en onvergewensgesindheid, met positiewe emosies wat geassosieer

word met empatie, medelye en liefde. Die model help pasiënte deur vyf stappe wat die woord REACH uitspel.

1. Herroep die pyn (**R**ecall the hurt)

Slagoffers probeer hulself dikwels beskerm met verdedigingsmeganismes soos ontkenning, onderdrukking, vermyding en selfblamering. Wanneer 'n slagoffer emosioneel seergekry het, kan hy op verskillende wyses emosioneel daarop reageer deur woede, vrees, haatdraendheid, wraakgedagtes, bitterheid en onvergewensgesindheid. Worthington beveel egter aan dat daar nie gebroei moet word oor hierdie negatiewe gevoelens nie maar dat dit herroep moet word sodat die pyn beleef kan word. Daar kan hiermee begin word deur te bid, die negatiewe gevoelens kan dan ervaar of uitgedruk word, maar die persoon moet selfbeheersing toepas. Daar moet onthou word wat gebeur het, maar ook hoe die gebeure hom laat voel het. Soos die pyn herroep word, kan diep en rustige asemhaling help om die slagoffer kalm en rustig te hou. Seamands (2003:113-127) stel dit dat geen genesing geskied deur die vermyding van pyn nie maar deur die aanvaarding en aktiewe aanhou met die volle ervaring daarvan. Diegene wat wil herstel moet gewillig wees om daarin en daardeur te gaan - nie weg of rondom - die pyn nie. Seamands gee verskeie stappe vir verwerking van pyn:

- Begin by die aanvanklike ontkenning van die pyn;
- Erken dan dat jy seergekry het en breek so deur die ontkenning;
- Beleef die pyn deur negatiewe emosies te identifiseer, pynvolle herinneringe op te diep, te rou oor verliese en selfs neer te daal in depressie.

2. Empatiseer (**E**mpathize)

Empatie is om dinge uit 'n ander persoon se gesigspunt te sien. Om te vergeef, moet daar probeer word om die oortreders se gevoelens te ervaar. Al is dit moeilik, kan probeer word om die druk wat deur die ander persoon ervaar word, te beleef. Empatie plaas 'n menslike gesig op die pyn. Ander positiewe gevoelens wat gebruik kan word om die negatiewe emosies te vervang, is liefde en barmhartigheid of medelye. Empatie het drie

vlakke waardeur gegaan word nl. begrip, emosionele identifikasie en dan medelydende empatie. Volgens Seamands (2003:113) is daar in 'n navorsingstudie bevind dat slagoffers wat wel teenoor hul oortreders empatie kon ontwikkel, makliker en gouer kon vergewe.

3. Offer die onselfsugtige gawe van vergifnis (**A**ltruistic gift of forgiveness)

Worthington (2003:114) meen dat 'n mens net hierdie besluit kan neem deur nederig na jou eie onvolmaaktheid te kyk. Die besef van 'n mens se eie skuld en dat jy self vergifnis van God nodig het. Ook om in dankbaarheid te onthou hoedat jy ook al deur ander mense in jou lewe vergewe is, kan die vergifnis besluit vergemaklik.

4. Verbind jou in die openbaar om te vergewe (**C**ommit publicly to forgive)

Volgens Worthington word hierdie stap gedoen, omdat twyfel dat jy werklik vergewe het, jou telkens kan teister. Wat as jy die persoon in die straat sou sien, of weer deur hom seergemaak word, of selfs deur 'n ander persoon seergemaak word, of selfs as jy onder spanning verkeer? Daarom moet die besluit om vergifnis te skenk nie net in die slagoffer se hart bly nie, maar moet dit bekend gemaak word in die openbaar. Wanneer al die stappe voltooi is, het die slagoffer emosionele en besluitnemings vergifnis voltooi en het daar 'n verandering binne die slagoffer gekom wat kan oorloop na die oortreder, in 'n versoeningsdaad.

5. Houvas aan vergifnis (**H**old on to forgiveness)

As die vergifnis net binne die slagoffer se hart bly, kan twyfel hom weer onderkry. As die slagoffer egter in die openbaar getuig dat hy vergewe het, word sy woorde en dade 'n openbare getuienis, wat hy dan sal glo. Die slagoffer kan vir vriende of selfs vir God vertel van sy vergifnis. Worthington waarsku egter dat daar nie weer tyd spandeer moet word aan negatiewe emosies of gedagtes nie. Hy moet homself daaraan herinner dat vergifnis reeds gegee is. Dis afgehandel!

Die navorser bevind dat hierdie model ook in die proses van eensydige vergifnis gebruik kan word. Die eerste drie stappe kan intrapersoonlik voltooi word. Die vierde en vyfde stap, wat die openbaarmaking van die vergifnis behels, kan ook voltooi word al sou die oortreder onberouvol of afwesig wees. Die vergifnis kan gedeel word met betekenisvolle ander in die slagoffer se lewe, of met God.

3.8.2 Die Fase prosesmodel (Enright & Fitzgibbons, 2000:65-68)

Enright (2002: 79) beskryf onvergewensgesindheid, bitterheid, haatdraendheid en woede as die vier mure van 'n tronksel. Vergifnis is die sleutel wat dit kan oopsluit en die slagoffer uitlaat. Om buite te wees, bring aanpassings en 'n nuwe wyse van dink en voel, mee. Vergifnis kan daarmee help en bring nuwe insigte in die betekenis van lyding.
Vier fases van hul vergifnis-prosesmodel word deur Enright & Fitzgibbons (2000:18-19) beskryf:

**1. Ontdekkingsfase**

Dit beskryf die kliënt se insig ten opsigte van hoe die onreg sy lewe geraak het. Indien die kliënt sy pyn, emosionele lyding as gevolg van die onreg, negatiewe emosies en verdedigingsmeganismes kan erken, kan dit dien as 'n motiveerder om te verander. Die volgende wegwysers (*guideposts*) word deur Enright (2002:78) bekend gemaak vir die ontdekkingsfase van woede:
Het die persoon sy woede vierkantig in die oë gekyk?
Is die persoon bang om sy woede en skuld te ontbloot?
Het die woede die persoon se gesondheid beïnvloed?
Is die persoon obsessief met die seer of met die oortreder wat die pyn veroorsaak het?
Vergelyk die persoon sy omstandighede met dié van die oortreder?
Het die seerkry die persoon se lewe, of beskouing van die wêreld verander?

**2. Besluitnemingsfase**

Dit is die tyd vir die kliënt om te dink aan wat vergifnis is of nie is nie. 'n Wilsbesluit om te vergewe is 'n kognitiewe proses en is net die begin van die vergewingsproses. Die volgende wegwysers geld in hierdie besluitnemingsfase, aldus Enright (2002:78):
Besluit dat dit wat tot nou toe gedoen is, nie gewerk het nie;
Wees gewillig om met die vergewingsproses te begin;
Besluit om te vergewe.

**3. Werkfase**

Die fokus verskuif vanaf die self en die eie seer na die oortreder. Die slagoffer begin nou verstaan dat die oortreder meer is as sy oortreding, deurdat die gebeure herstruktureer word. Die kliënt kan nou begin om medelye te hê met die oortreder, maar veral om hom te verstaan. Die kognitiewe besluit om te vergewe en om insig ten opsigte van die oortreder te kry, kan opgevolg word deur emosionele transformasie. Soos die vlak van woede verminder, verkry die kliënt meer begrip en medelye en voel meer vergewensgesind. Die uitdrukking van weldadigheid teenoor die oortreder, voltooi die proses van vergifnis en psigologiese heling. Enright (2002:78) verduidelik dat 'n mens aktiewe, konkrete aksies moet uitvoer ten einde vergifnis werklik te maak. Die wegwysers van die werksfase is dan ook ingestel op aksie.
Die slagoffer moet:

- Werk na vergifnis toe;
- Werk na medelye toe;
- Sy pyn erken;
- 'n Daad van goedhartigheid aan die oortreder bewys, of sy eie keuse om te vergewe aanprys.

## 4. Verdiepingsfase

Insig teenoor die oortreder stimuleer ook die gedagtes oor hoe die slagoffer self deur ander vergewe is. Ook gedagtes omtrent interaksie met die oortreder, op 'n nuwe wyse, dus versoening. Die kliënt vind betekenis in sy lyding –'n hernude doel in die lewe. Ook die laaste verdiepingsfase se wegwysers word deur Enright (2002:78) uiteengesit:
Die slagoffer ontdek die betekenis van lyding;
Moet sy eie behoefte aan vergifnis ontdek;
Moet ontdek dat hy nie alleen is nie;
Moet die doel in die lewe ontdek;
Moet die vryheid van vergifnis ontdek.
Ook hier bevind die navorser dat al vier fases intrapersoonlik voltooi kan word deur die slagoffer in die geval van eensydige vergifnis. Die aktiewe, konkrete aksies wat deur Enright (2002:78) aanbeveel word, kan wees soos die skryf van 'n vergifnisbrief en dan die opskeur en verbranding daarvan, omdat dit nie gepos kan word nie. Dit dien as bevestiging van die verwydering van alle negatiewe emosies. Dit kan ook 'n gebed van sëen vir die oortreder insluit waar die oortreder opgedra word aan God.

Hodgson & Wertheim (2007: 934-935) meen dat die proses van empatie wat in Enright & Fitzgibbons se vier-fase model en in Worthington se pyramid model voorkom, 'n kern element is van die vergifnisproses. Meervoudige dimensies van empatie word bespreek:

- **empatiese besorgdheid** is 'n ander-georiënteerde, emosionele dimensie, soortgelyk aan medelye;
- **persoonlike meelewing** is 'n self-georiënteerde, emosionele dimensie, wat voorkom waar ander mense seergemaak word of in gevaar verkeer;
- **perspektief vorming** is 'n ander-georiënteerde, kognitiewe proses, met betrekking tot die vermoë om die oortreder se siening in ag te neem.

Dit is moonlik dat verskillende dimensies van empatie op verskillende wyses en in verskillende kontekste funksioneer. Die skrywers, Hodgson & Wertheim (2007:934-935), bevind dat slagoffers meer dikwels 'n perspektief van die oortreder se siening kan vorm, maar selde empatiese besorgdheid of persoonlike meelewing ervaar. Empatie korreleer

ook positief met emosionele bestuur. Daarom kan van diegene wat oor 'n vaardigheid beskik om hul emosies goed te bestuur, verwag word om 'n groter empatiese vermoë ten opsigte van hul oortreders te hê.

## 3.9 VERSOENING EN VERGIFNIS

Lotter (2000:224) gee 'n uiteensetting van drie fasette van versoening:

- Tussen God en mens op grond van Jesus Christus se verlossing by Sy kruisiging;
- Tussen mense onderling wat vroeër vyande was;
- Versoening wat spruit uit God se versoeningsdaad in Jesus Christus om die vervreemding uit die weg te ruim.

Versoening impliseer dus in die eerste plek versoening met God.

Ransley & Spy (2004:100) bevind dat vergifnis en versoening nie dieselfde is nie maar die hoop is dat die een sal lei na die ander. Vergifnis het waarde selfs al sou versoening nie plaasvind nie. Versoening anders as vergifnis, is voorwaardelik en vereis berou van die oortreder. Enright & Fitzgibbons (2000: 41) beskryf die verskil tussen vergifnis en versoening baie duidelik. Vergifnis is een persoon se individuele keuse om sy haatdraendheid en woede te hanteer en te verwerk, en 'n vriendelike gesindheid teenoor die oortreder te openbaar. Omdat vergifnis 'n vrye keuse is van die slagoffer, kan dit onvoorwaardelik wees ten spyte van wat die oortreder ookal wil doen. By versoening is twee mense betrokke – die slagoffer en die oortreder. Versoening, wanneer daar 'n groot onreg was, is voorwaardelik verbind aan die oortreder se gewilligheid tot berou en sy vermoë om die slagoffer te beïnvloed. Versoening is verder ook hoofsaaklik afhanklik van die vermoë van die betrokke individue om vertroue weer tussen hulle te ontwikkel, sodat daar weer sekuriteit in die verhouding kan wees. Dit moet veral ingedagte gehou word, omdat haastige versoening met 'n fisies gewelddadige persoon, lewensbedreigend kan wees. Vergifnis is 'n innerlike proses, terwyl versoening 'n openlike gedragsproses is van twee mense wat besig is om 'n bestaande misverstand in hul verhouding uit te werk, volgens Enright & Fitzgibbons (2000:41).

In Watts & Gulliford (2004:163) vind die navorser 'n goeie voorbeeld van versoening soos dit tydens die verrigtinge van die Suid Afrikaanse Waarheid en Versoenings-kommissie – WVK, toegepas is. (Engels: Truth and Reconciliation Commission -TRC). Die proses van die WVK het met goeie resultate deur al die fases van Enright & Fitzgibbons se prosesmodel beweeg.

Die kommissie het vanaf 1996 bestaan en het vir 30 maande gefunksioneer. Dit het gefokus op die massa-skendings van menseregte wat tussen 21 Maart 1960 en 10 Mei 1994 gepleeg is. Gedurende hierdie tyd het die kommissie 21400 slagoffers toegelaat om te getuig, waarvan 2000 in die openbaar getuig het oor die gebeure wat hulle veronreg en seergemaak het, maar ook van hoe hulle daaroor voel. Met die amnestie-proses het 7000 van die oortreders na vore gekom om belydenis en berou te toon.

Die eerste fase van die model: **ontdekking van woede**, is bereik toe die slagoffers besluit het om na die WVK te gaan en te getuig. Daarmee het hulle hul woede en negatiewe emosies erken en dit begin verwerk deur daaroor te praat. In die **besluitnemingsfase** het die oortreders amnestie gevra en het gevolglik hul skuld bely en berou getoon ten opsigte van hul oortredings. Die slagoffers kon hierna luister, vrae vra en kon dan vrywillig besluit om te vergewe of nie. Met die kon die slagoffers werklik begin verstaan dat die oortreder meer as sy oortreding is, deurdat die gebeure herstruktureer is en die omstandighede waaronder die oortreding plaasgevind het ook verduidelik is. So kon die slagoffers ook betekenis vind in hul lyding in die verdiepingsfase met 'n hernude doel vir die lewe. Interaksie kon nou ook op 'n nuwe vlak plaasvind tussen die slagoffers en die oortreders – versoening hét dus plaasgevind. Die WVK slagoffers het finansiële kompensasie van R17 000 – R21 000 per persoon ontvang vir hulle verlies en van die afgestorwe familielede is opgespoor en herbegrawe. Alhoewel die kompensasie nie kon opmaak vir hul verlies nie, is daar tog 'n gevoel van "closure" bereik. Waar die oortreders nie opgedaag het om te bely of berou te toon nie, is die vergifnisproses eensydig voltooi met bevredigende resultate, want die slagoffers kon deur hul pyn beweeg, daaroor praat en dit hanteer. Daar is in die openbaar kennis geneem van hul pyn en verlies en hulle het kompensasie ontvang.

## 3.10 INNERLIKE VOORBEREIDING TOT EENSYDIGE VERGIFNIS

Die toepaslikheid van vergifnis het volgens Govier (2002: 62-63) niks te doen met die aksies, gesindhede, of posisie van die oortreder nie. Dit hang af van die **innerlike voorbereiding** van die persoon wat vergewe. Die innerlike voorbereiding van die slagoffer is sentraal met die herstel van sy selfbeeld wat beskadig is tydens die oortreding teen hom. As die deurwerk van negatiewe gevoelens by die slagoffer onvoltooid is, is vergifnis ontoepaslik vir beide etiese en psigologiese redes. As die voorbereiding en deurwerk van negatiewe gevoelens voltooi is, is vergifnis altyd toepaslik met of sonder die oortreder se berou. Indien 'n slagoffer in die afwesigheid van berou deur die oortreder vergeef, beteken dit nie dat sy/hy dan die erns van die oortreding onderskat nie. Geen slagoffer word egter psigologies of moreel bevoordeel, deur vas te klou aan sy eie haatdraendheid en die verlede nie.

Enright (2002: 31) meen dat vergifnis die morele aksie van een individu is wat begin as 'n private handeling, 'n **onwaarneembare besluit binne die menslike hart**. Slegs as die vergifnis groei kan dit oorloop na die oortreder.'n Mens kan vergewe en nie versoen nie, maar kan nie waarlik versoen sonder dat vergifnis plaasgevind het nie. As die oortreder onberouvol bly, is versoening onmoontlik. Die geskenk van medelye, welwillendheid en liefde kan geoffer word, en die slagoffer kan wag in die hoop dat die oortreder moontlik kan verander. Hierdie geskenk mag verag word, **maar die geskenk behou sy inherente waarde**.

Vergifnis beteken die oorkoming van haatdraendheid volgens Gaines (2003:160-165) en kan verstaan word as 'n verandering in gesindheid eerder as 'n verandering in gedrag. Wanneer die slagoffer sê: "Ek vergewe jou", dui die verklaring nie aan hoe die slagoffer daarin geslaag het om die gevoel van gekrenktheid en haatdraendheid te verwerk nie. Die proses mag misterieus wees maar die verklaring beteken wel dat die slagoffer geleer het dat bitter gevoelens slegs lyding meebring. Vergifnis is 'n interne proses sowel as 'n eksterne proses. In die slagoffers se harte hou hulle op om vas te hou aan die pyn wat veroorsaak is. Die siening van die vergewers is nie afhanklik van die berou van die

dikwels afwesige oortreder se doen en late nie. Vergifnis is eensydig maar versoening is 'n tweerigting-straat. Wanneer een of meer van die indiwidue, betrokke in die situasie, nie kan of wil saamwerk nie, misluk versoening. Die gee van onverdiende vergifnis is meer 'n gawe vir die slagoffer self, as vir die oortreder. Dit verskaf vertroosting aan die slagoffer, sonder enige vereiste verandering aan die oortreder. Vir die wat gely het, het vergifnis baie voordele. Die neerlê van die las van woede kan 'n verligting vir die slagoffer se emosionele aanpassing wees. Vergifnis gee die vryheid om voort te gaan met die lewe. Gaines (2003:165) sien vergifnis as 'n terapeutiese instrument wat kan help om 'n mens se isolasie, angstigheid, depressie en woede te beëindig. Watts & Gulliford (2004:107) lys vier moontlike kombinasies van vergifnis, gebaseer op die interpersoonlike en intrapersoonlike dimensies:

- "Leë vergifnis" geskied waar die interpersoonlike handeling van vergifnis nie ge-ewenaar word deur die intrapsigiese staat van vergifnis nie;
- "Stil vergifnis" geskied wanneer vergifnis intrapersoonlik plaasvind sonder 'n ooreenstemmende gedrags aanduidende vergifnis;
- "Geen vergifnis" van enige soort het plaasgevind as daar geen innerlike verandering of uiterlike uitdrukking van vergifnis plaasgevind het nie;
- "Totale vergifnis" is wanneer daar beide 'n intrapsigiese vergifnis en dan 'n interpersoonlike handeling plaasvind, wat aandui dat vergifnis wel plaasgevind het. Die interpersoonlike handeling dui op versoening. Hierdie laaste is die mees ideale staat van vergifnis, maar dit is nie die enigste geldige tipe vergifnis nie. "Stil vergifnis" is ook geskik omdat dit in sommige kontekste die enigste moontlikheid verteenwoordig in terme van vergifnis. Daar kan dus vergifnis wees sonder versoening – eensydige vergifnis.

Watts & Gulliford (2004:122) meen dat interpersoonlike vergifnis 'n poging verteenwoordig om verder as die individuele ervaring van eie innerlike genesing te beweeg, na 'n dieper ervaring van vergifnis waar 'n volledige herstel en versoening van die verhouding kan plaasvind. Die belangrikheid van intrapersoonlike vergifnis (vergifnis van die hart) mag egter nie uitgesluit word deur die ideale oplossing van konflik wat versoening meebring nie. Die mens bewoon 'n onvolmaakte wêreld en is net in staat om

sy eie wil en gesindheid tot ander mense te verander en nie die wil van ander teenoor hom nie. Eensydige vergifnis mag dus al wees wat oorbly.

## 3.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die volgende vanuit 'n deelwetenskaplike perspektief behandel: Daar is ondersoek ingestel na die definisie van vergifnis en bevind dat daar tans geen definisie van vergifnis bestaan waaroor navorsers saamstem nie, wat natuurlik die verstaan van die konsep bemoeilik. Vervolgens is daar gekyk wat vergifnis nie is nie, wat verwarring kan skep. Twee elemente van vergifnis kan uitgelig word, naamlik moraliteit en transformasie wat werklik lig werp op die konsep *vergifnis* en sy funksionering. In die bespreking van die verband tussen teologie en psigologie word besef dat die twee dissiplines selfstandig funksioneer maar tog mekaar kan aanvul. Dieselfde waarneming word ook gemaak met die beskouing van die drie psigologiese perspektiewe in vergifnisterapie.

Die rede vir vergifnis kan bepaal of eensydige vergifnis kan plaasvind of slegs bilaterale vergifnis. Slegs die twee dominante redes word bespreek. Die bevinding dat selfsugtigheid selde in die vergifnisproses inkom omdat vergifnis en selfsug onversoenbare benaderings tot die lewe is, is ook bespreek. Daar word dus aanvaar dat iemand wat deur die vergifnisproses worstel nie 'n probleem met versoening gaan hê as dit moontlik sou wees nie. Uit die literatuurstudie ten opsigte van die effek van woede ('n belangrike element van onvergewensgesindheid) op die mens, is bevind dat woede skadelik is vir die mens. Dit kan aanleiding gee tot fisiese siektes soos kanker en hartsiektes maar ook kliniese afwykings soos angsneuroses en depressie. Verder het dit ook 'n uitwerking op jou psigologiese funksionering, byvoorbeeld verslawing en eetversteuring.

Outeurs wat in hierdie hoofstuk bespreek is, definieer kwesbare persone "as persone waar woede so intens manifesteer dat hulle hul eie emosionele welwees in gevaar stel."

"Kwesbaarheid" kan deur fenomene soos gesinsagtergrond, hanteringsvaardighede, geloofservaring, ondersteuningshulpbronne, senuweesisteem en die produksie van sekere brein chemikalieë bepaal word. Baie navorsing sal nog hieroor gedoen moet word. Kwesbare persone moet egter meer dikwels deur die vergifnisproses werk om hul geestesgesondheid te bevorder. Daar is dus geen twyfel dat die vergifnisproses baie effektief is om slagoffers se woede te verminder en hulle hoop te gee vir die toekoms nie. Twee vergifnisterapie-modelle is bespreek en wel die "Pyramid Model to REACH forgiveness" van Worthington, sowel as die "Fase prosesmodel" van Enright & Fitzgibbons. Laasgenoemde is ook prakties toegepas op die Suid-Afrikaanse Waarheid en Versoeningskommissie. Die bevinding van die navorser is dat versoening die allerlaaste doelwit van die vergifnisproses is, maar as daar geen moonlikheid is om hierdie doel te bereik nie as gevolg van 'n afwesige oortreder of onberouvolle oortreder, kan eensydige vergifnis ook vir die slagoffer "closure" bring. Die slagoffer wat eensydige vergifnis moet doen ten einde ook verlos te word van sy negatiewe emosie, sal deur dieselfde stappe/fases van die vergifnisproses moet werk.

Die gevolgtrekking van hierdie hoofstuk is derhalwe dat eensydige vergifnis, in gevalle waar versoening nie moontlik is nie, noodsaaklik is vir die slagoffer se liggaamlike, emosionele, psigologiese en geestelike welvaart. In die volgende hoofstuk word die empiriese ondersoek metode aangewend, om te kontroleer of die saak van eensydige vergifnis ook in die empiriese lewenspraksis goeie vrug kan dra.

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE NAVORSING

## 4.1 INLEIDING

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om vas te stel watter vernuwende insigte empiriese navorsing op die onderwerp, eensydige vergifnis, kan werp. Die empiriese navorsing vloei uit die voorafgaande hoofstukke waar die probleme en fasette van eensydige vergifnis ge-identifiseer is. Vervolgens word gekyk na watter waarde die empiriese metodologie vir die onderwerp kan hê. Daar word ondersoek ingestel na die verskillende paradigmas van benaderings. Die keuse van 'n benadering sal bespreek word. Gevolglik sal gekyk word na die aard en kenmerke van kwalitatiewe navorsing. Die empiriese navorsingsdata word versamel deur 'n voorafopgestelde, persoonlike onderhoud en die onderhoud as tegniek sal ondersoek word. Daar sal ook gekyk word na die keuse van respondente. Die identifikasie van temas vir onderhoude sal ook aandag geniet en daarna sal die onderhoudsresultate bespreek word. Hierdie empiriese navorsing sal geskied volgens die riglyne van die Etiekkomitee van die Noordwes Universiteit.

## 4.2 WAARDE VAN EMPIRIESE NAVORSING

Volgens Heyns & Pieterse (1990:69) stel die empiriese metodologie 'n mens in staat om tendense, assosiasies en vergelykings in presiese terme te omskryf. Verder het empiriese metodologie verklarende waarde in die praktiese teologie. Wetenskaplike kennis is verklarend, ondersoekend en beskrywend. Empiriese metodologie het ook 'n derde voordeel: dit stel 'n navorser in staat om sy teorieë in verband te bring met die aksie. Die resultate is dus verbeterde aksie. 'n Meer presiese houvas op praktiese realiteite (wat deur die empiriese metodologie moontlik gemaak word) help die navorser om beter te verstaan hoe die onderwerp in 'n werklike lewenssituasie gekommunikeer moet word.

Dit sal ook begrip en groter insig ten opsigte van die onderwerp, *eensydige vergifnis* verseker.

## 4.3 VERSKILLENDE PARADIGMAS

In die sosiale wetenskappe word volgens Larney (2009:99) hoofsaaklik twee hoofbenaderings gebruik vir die beplanning en insameling van data van empiriese navorsing, naamlik die *kwantitatiewe* en *kwalitatiewe* benaderings. Kwantitatiewe benadering is 'n produk van positivisme waar die klem veral op die tegnieke van waarneming en meting, die gebruik van wiskundige ontleding en die maak van afleidings daaruit, geplaas word.

Die kwalitatiewe benadering het weer uit die interpretivisme ontwikkel wat gekenmerk word deur die ontologiese uitgangspunt dat die kenbare werklikheid dié is van betekenisse wat deur individue daaraan toegeken word. Deur die uitgangspunt dat die skeiding tussen die navorser en die studie-objek vervaag en dat navorsing nie meer eksperimenteel op soek na wette is nie, maar interpretatief op soek is na betekenis. Nuwe metodologiese insigte ontstaan ook hieruit, naamlik dat die interaksie tussen ondersoeker en ondersoekte juis positief is en dat die ondersoekmetode van geval tot geval mag wissel.

Op epistemologiese vlak word onderskei tussen kwantitatiewe navorsing se nomotetiese kennis en kwalitatiewe navorsing se idiografiese kennis wat die standpunt handhaaf dat betekenisvolle kennis in unieke en nie-herhaalbare ervarings ontdek kan word. Steyn & Lotter (s.a.: 5) meen dat kwalitatiewe navorsing help om die leefwêreld van 'n respondent te verstaan en daarom is die werklike doel van kwalitatiewe navorsing nie om opinies of mense te tel nie, maar om 'n verskeidenheid opinies en verskillende weergawes van die saak te ondersoek. In praktiese terme sistematiseer Larney (2009: 101) die hoofverskille tussen die kwantitatiewe en die kwalitatiewe benadering soos in die tabel hieronder in verskillende aspekte:

| Aspek | Kwantitatiewe navorsing | Kwalitatiewe navorsing |
|---|---|---|
| Navorsingsbeplanning | Gestruktureerd, logiese opeenvolgende fases. Afstandelike benadering met passiewe objekte. | Oop, interaktief met noue kontak met aktiewe navorsingsobjekte. |
| Dataversameling | Gestruktureerd, statisties verteenwoordigend. Gestandaardiseerde metodes met 'harde' data. | Oop en gevorm in loop van navorsing. Dikwels enkele gevalle en verskillende metodes met 'sagte', en diep data. |
| Data-ontleding | Analise aan hand van veranderlikes, met intensiewe gebruik van statistiese tegnieke om verskille te verduidelik. | Analise van navorsings-objekte (meesal individue) self, met die oog daarop om te verstaan. |
| Aanbieding van bevindings | Korrelasie van gegewens, dikwels deur tabelle, met die oog op veralgemening. | Uittreksels uit onderhoude en tekste. Konstruksie van ideaaltipes. Gemik op spesifiekheid. |

By kwantitatiewe benadering word hoofsaaklik diskrete veranderlikes gebruik wat hulle leen tot kwantifisering. Daarteenoor leen kwalitatiewe benadering, met die klem op beskrywing, hom tot omvattender en meer geïntegreerde oorweging en beskrywing van sake in hul samehang, met minder noodsaak vir diskrete onderskeide.

## 4.4 KEUSE VAN 'N BENADERING

Larney (2009:103) identifiseer drie **situasies** waarin die gebruik van 'n kwalitatiewe benadering veral aangewese is, naamlik waar metodes nie so sterk geformaliseer is nie; waar die bestek van die navorsing minder gedefinieerd is; en waar 'n meer filosofiese instelling gevolg word. Larney verwys ook na drie tipes **kennis** wat verkry word deur

kwalitatiewe navorsing:

- Kennis van ander mense;
- Kennis van verskynsels;
- Refleksiewe kennis, waar navorsers bewustelik hul aandag rig op hul eie prosesse om die wêreld te konstrueer en te verstaan.

Die navorser bevind dat die kwalitatiewe benadering dus die geskikste is om te kies vir hierdie navorsingstudie. Steyn & Lotter (s.a.:7) meen dat die proses van kwalitatiewe navorsing, eerder as die getrouheid aan moderne vereistes, geloofwaardigheid aan die studie verleen. Kwalitatiewe navorsing gebruik 'n induktiewe prosedure volgens Heyns & Pieterse (1990:77). Dit beteken dat bevindings induktief op 'n basis van materiaal, vanuit onderhoude met mense, verkry word. 'n Hipotese kan ook nie eers vooraf geformuleer word nie, omdat dit gebaseer word op bestaande kennis. Die nodige kennis moet eers verkry word om by 'n hipotese te kan uitkom soos gesuggereer deur die studie-material, verkry vanuit die onderhoude. Die kennis wat verkry is, moet dan gekontroleer word met die data wat in die voorafgaande hoofstukke ingewin is, en wat handel oor die basis en metateoretiese gedeeltes sodat dit by wyse van'n hermeneutiese wisselwerking kan uitkom by die praktykteorie.

Hierdie ondersoek sal dus deur middel van 'n kwalitatiewe navorsing, 'n geleentheid bied om by 'n dieper verstaan en kennis uit te kom oor die problematiek van eensydige vergifnis.

Daar is vroeër aangetoon dat eensydige vergifnis dikwels gepaard gaan met die afwesigheid van die oortreder. Aspekte van afwesigheid kan byvoorbeeld die volgende insluit: dood of onwilligheid tot berou en versoening van die oortreder. Die probleem is of so 'n tipe vergifnis bestaansreg het en of dit enige positiewe resultate kan lewer. Indien nie moet die slagoffers dan verbonde bly aan die verlede? Indien wel, kan daar riglyne gegee word vir pastorale begeleiding van mense in hul hantering van eensydige vergifnis?

Byna intuïtief moet dit duidelik wees dat dit die tipe onderwerp is wat hom uitstekend leen tot 'n kwalitatiewe benadering, omdat hier sterk met persepsies en ander nie-toetsbare elemente (soos bv emosies) gewerk word. In kwalitatiewe navorsing word sterk gewerk met die ervaarde werklikheid van 'n respondent. Die taak van navorsing is dus om klem te plaas op die beskrywing van die ervaring van respondente maar ook op die navorser se eie betrokkenheid en ervaring tydens die onderhoud volgens Steyn & Lotter (s.a: 6).

## 4.5 DIE AARD EN KENMERKE VAN KWALITATIEWE NAVORSING

Larney (2009:102), sowel as Steyn & Lotter (s.a:6), lig vier kenmerke van kwalitatiewe navorsing uit:

- Daar word 'n verband tussen betekenis en aksie getrek;
- Betekenisvolle aksies word in hul natuurlike konteks bestudeer;
- Die navorser is terselfdertyd betrokke interpreteerder van "interpretive subject". Die klem val op groter wisselwerking tussen dié van wie inligting verkry word, (wat as medenavorsers eerder as studie-objekte funksioneer) en die navorser;
- Respondente is aktief betrokke by betekenisgewing aan die werklikheid of ervaring;
- Ten opsigte van *navorsingsbeplanning* is daar eerstens weinig duidelikheid oor die presiese kwantifiseerbare aard van die inligting wat verkry moet word, en tweedens is die hele onderwerp van eensydige vergifnis van so 'n persoonlike aard, dat 'n positiewe wisselwerking met betrokke deelnemers juis vereis word;
- Wat *dataversameling* betref leen die onderwerp hom nie tot gestandaardiseerde metodes van dataversameling by statistiese verteenwoordigende respondente nie. Dit vra juis vir data wat in die proses van gesprek of onderhoude, nader gespesifiseer en aangevul moet word. 'n Meer verkennende benadering sal groter begrip van die verskynsel veseker;
- By die aspek van *data-ontleding* staan die verstaan van die verskynsel en die verkenning daarvan, met die oog op formulering en definisie, sowel as fasilitering, nou voorop. Die keuse moet dus onvermydelik wees vir **onderhoude**

met bewuste en aktiewe individuele respondente en die subjektiewe betekenis wat hulle aan aspekte uit hul leefwêreld toeken;

## 4.6 DATAVERSAMELING

Die hoofstuk word verdeel in twee afdelings. Afdeling een sal die parameters van die kwalitatiewe studie beskryf en afdeling twee sal poog om ingesamelde inligting op te som en te evalueer, ten einde die bevindings in elke individu se lewensverhaal en ervaring van eensydige vergifnis, na vore te bring en te beoordeel.

### 4.6.1 **Basiese individuele onderhoude**

Volgens Larney (2009:107) is basiese individuele onderhoude gewoonlik 'n oop onderhoud wat die respondent die geleentheid gee om te praat. Dit is gewoonlik deurlopend en plooibaar, en is dus 'n gesprek met 'n algemene plan. In hierdie geval sal die navorser wel 'n vraelys as riglyn gebruik, ten einde die onderhoud met al die respondente dieselfde punte aan te raak. Een van die uitdagings vir die navorser is om die temas vir die onderhoud, wat eintlik maar 'n gesprek is, sodanig te definieer en gedurende die gesprek te hanteer dat dit nie onnodig bindend van aard is nie. Sekere vrae kan dus meer eksploreer word ten einde meer inligting te bekom. Terselftertyd sal die navorser ook verseker dat die volle bestek van die ondersoekveld en die verskillende temas, aan die orde kom.

### 4.6.2 **Die parameters van die onderhoud.**

Ten einde die ondersoek, waarvan in hierdie studie rekenskap gegee moet word, tot 'n sinvolle eenheid saam te snoer, sal die empiriese ondersoek bepaal moet word deur die resultate van die basis- en metateoretiese hoofstukke, aldus Larney (2009:109). Laasgenoemde moet as't ware die agenda vir hierdie hoofstuk daarstel. Die onderstaande vraelys as riglyn vir die onderhoude, is 'n opgaaf van die temas wat reeds na vore gekom

het en afgelei kon word uit die sake wat reeds in die voorafgaande twee hoofstukke aan die orde gestel is.

Die afdeling voorsien 'n riglyn van die ontwerp en parameters van die voorafopgestelde vraelys, soos ontwikkel deur die navorser.

4.6.3 **Die ontwerp van die vraelys**

Volgens Steyn & Lotter (s.a:8) kan die volgende vrae tydens 'n onderhoud gebruik word, ten einde die voorkoms van geslote vrae te verminder:

- Basiese beskrywende vrae: " vertel of beskryf hoe jy voel?"
- Opvolg vrae: "Jy het hierna verwys, verduidelik?"
- Voorbeeld vrae: "Kan jy 'n voorbeeld gee?"
- Verduidelikende vrae: "Wat bedoel jy?"
- Strukturele vrae: "Wat sou jy sê?"
- Vergelykende vrae: "Jy verskil hiervan. Verduidelik? Watter besware het jy?"

Die navorser sal dus poog om die meeste moontlike inligting te bekom deur die voorafgaande tipe vrae in die vraelys te gebruik.

Die parameters van die onderhoude word bepaal deur middel van 'n vraelys wat ten minste vyf dae voor die onderhoud sal plaasvind, aan elke individu gegee word. Die parameters van die onderhoude is soos volg opgestel:

Vraelys

'n Vraelys bestaan uit drie dele:

- 'n Dekbrief (vgl. Bylae 6) wat die motivering en die proses van die navorsings-onderhoud verduidelik;
- 'n vorm (vgl. Bylae 7), "kennisgewing van deelname en toestemming om te publiseer" wat geteken moet word deur beide die beradene en die navorser, wat die onderhoude gaan voer;

- 'n Lys van vrae (vgl. Bylae 8), wat in vier afdelings verdeel is:
  1. Die beradene se familiegeskiedenis;
  2. Die beradene se godsdienstige agtergrond;
  3. Die beradene se persoonlike verhoudings;
  4. Die beradene se persoonlike ervarings.

Die afdeling voorsien die raamwerk van die vraelys wat aan die beradenes voorsien is. Die vraelys word direk by die hoofstuk ingesluit en nie as bylae aangebied nie, aangesien dit die onmiddellike verstaan van geassesseerde data vergemaklik.

### 4.6.4 Steekproefontwerp

Die keuse van proefpersone maak in werklikheid 'n integrerende deel van die beplanning van navorsing uit. In hierdie navorsingsontwerp wat gebruik gaan word, sal 'n enkele ondersoekgroep, aldus Visser *et al.* (1982:43), ten opsigte van eensydige vergifnis bestudeer word ná die toepassing van vergifnisterapie. Die steekproef bestaan uit drie persone wat reeds die vergifnisterapie voltooi het en drie wat besig is met vergifnisterapie (alhoewel die data belangrik is vir die huidige navorsing, sal die finale resultate van hierdie persone uiteraard nie in hierdie studie weergegee kan word nie). In hierdie geval gaan daar geen kontrolegroep in die ware sin van die woord wees nie, maar twee kwasi-eksperimentele groepe wat verskillende vlakke van behandeling (vergifnisterapie) ontvang het. Die aanname word ook gemaak dat alle bekende en onbekende steuringsveranderlikes gelyk versprei is in beide die kwasi-eksperimentele groepe. Volgens Heyns & Pieterse (1990: 77) word daar in Praktiese teologie gepraat van kwasi-eksperimentele navorsing omdat dit nie in wetenskaplike omstandighede plaasvind nie.
Die volgende afdeling voorsien die riglyne vir die vraelys van die onderhoud wat aan die ses beradenes voorsien is. Die vraelys word as bylae aangebied.

Die onderhoud

Die beradenes sal vooraf in kennis gestel word dat hulle geen vrae hoef te beantwoord wat hulle enigsins ongemaklik laat voel nie en ook dat hulle volgens die riglyne van die Etiese Komitee van die NWU te enige tyd kan onttrek van die navorsing. 'n Geskikte tyd sal met die betrokkene onderhandel word wanneer die vraelys deur die navorser en die betrokkene hanteer sal word. Die volgende kriteria sal met elke onderhoud geld:

1. 'n Plek sal vir elke onderhoud bepaal word wat gemaklik is vir elke kliënt;
2. 'n Getekende afskrif van die "kennisgewing van deelname en toestemming tot publisering", sal aan die navorser oorhandig word;
3. Die beradene sal herverseker word van die vertroulike aard van die onderhoud en die beradene se identiteit. Daar sal na die betrokkenes verwys word as A,B,C,D,E,F;
4. Die onderhoud, gerugsteun deur die vraelys, sal in 'n oop, empatiese ondersteunende atmosfeer plaasvind en sal hoogstens 60 minute duur;
5. Die onderhoude sal op die volgende dae, soos uiteengesit op die onderstaande rooster, plaasvind:

| Beradenes | Datum van onderhoud |
|---|---|
| 1. Beradene A | 24-11-09 nog besig met vergifnisterapie |
| 2. Beradene B | 24-11-09 nog besig met vergifnisterapie |
| 3. Beradene C | 26-11-09 |
| 4. Beradene D | 25-11-09 |
| 5. Beradene E | 25-11-09 nog besig met vergifnisterapie |
| 6. Beradene F | 28-11-09 |

### 4.6.5 **Identifikasie van temas vir onderhoude**

Daar is in die hoofstuk, waarin die literatuurstudie van die deelwetenskappe behandel is, verwys na Enright & Fitzgibbons (2000:325) se bevinding dat as daar vanuit die kliniese perspektief gekyk word, dit gewoonlik die meer kwesbare mense is wat spesifiek nodig het om te vergewe. Hierdie noodsaak om te vergewe is terwille van sy emosionele en persoonlike stabiliteit en gesondheid. "*Kwesbare mense*" word omskryf "as persone waar

woede so intens manifesteer dat die persone hulle eie emosionele welwees in gevaar stel" Hierdie *kwesbaarheid* word onder andere bepaal deur 'n mens se familiegeskiedenis, godsdiensagtergrond, ondersteuningshulpbronne, eie persoonlike ervaring en hanteringsvaardighede. Gevolglik sal dit beskou word as die steuringsveranderlikes wat ook die respondente in die studie as "kwesbare mense" kan beïnvloed en sal spesifiek aandag gegee word in die onderhoud aan:

Familie-agtergrond;

Godsdienstige agtergrond;

Persoonlike verhoudings (steunstelsels);

Persoonlike ervarings.

Visser et al. (1982:8) noem dat as die ongewenste veranderlikes nie uitgeskakel of gekontroleer word nie, bestaan daar geen regverdiging om aan te neem dat die onafhanklike veranderlike wel die waargenome effek teweeggebring het nie. Gevolglik gaan die navorser die bostaande veranderlikes kontroleer deur die vrae in dieselfde betrokke afdelings in te deel.

## 4.7 BESPREKING VAN ONDERHOUDRESULTATE.

Onderhoude is met ses individue as deelnemers aan die navorsingsprojek gevoer. Hieronder word 'n kort kernskets van elkeen van die individue gegee, ten einde hulle keuse te verantwoord as verteenwoordigend van fasette in die navorsingstudie oor eensydige vergifnis. Die gesprekke (onderhoude) is gevoer aan die hand van die temas soos uiteengesit in 4.6.5 hierbo en spesifiek deur die gebruik van vrae soos uiteengesit in die vraelys hierbo. Hierdie vraelyste, met aantekeninge, sal gehou word en ter insae beskikbaar wees by die navorser.

**Geslag**: 5 vroulik 1 manlik

**Ouderdomme onderskeidelik**: 27, 46, 49, 50, 52, 59 jr.

**Ras**: 5 blank 1 kleurling

4.7.1 Beradene A

Die beradene is 'n blanke vrou van ses-en-veertig jaar:
Sy is na die geboorte van drie kinders van haar eerste eggenoot geskei, as gevolg van sy buite-egtelike verhoudings met ander vroue. 'n Volgende oorhaastige huwelik het gevolg en weereens is sy geskei van die man. Hierna het sy 'n man ontmoet, werklik lief geraak vir hom, en drie jaar met hom saamgewoon. In dié tydperk was drankmisbruik deur beide, en 'n lewe waarin daar nie 'n tekort aan geld was nie, aan die orde van die dag. Die verbintenis was egter nie gelukkig nie want die betrokke man was jaloers en besitlik. Gesinsgeweld het dikwels plaasgevind en sy is soms met 'n vuurwapen gedreig. **Die ergste was egter dat hy onverwags met haar suster weggeloop en haar net so gelos het,** terwyl hulle al planne vir 'n huwelik begin maak het. Sy het besluit om hom eensydig te vergewe nadat hy, as gevolg van 'n rooftog in die gevangenis beland het en steeds onberouvol was. Vergifnisterapie is voltooi en ook suksesvol afgesluit ten opsigte van die man, maar sy werk nog aan verborge negatiewe gevoelens ten opsigte van haar suster.

4.7.2 Beradene B

Die beradene is 'n nege- en- veertig jarige kleurlingvrou:
Sy was nege jaar en ses maande getroud en een kind is uit die huwelik gebore. Huweliksprobleme het skaars 'n jaar na die huweliksluiting ontstaan en sy is emosioneel en finansieel deur haar man mishandel. **Toe sy egter uitvind dat hy 'n buite-egtelike verhouding het, het sy die huis verlaat**. Vyf maande nadat sy die huis verlaat het, het hy 'n saamleefverhouding met die ander vrou in die gesinswoning begin. Beradene B wou egter nie skei nie en het vir nog drie jaar bly hoop dat die huwelik herstel kon word. Sy het egter besef dat sy moes vergewe, ten einde vry te kom van negatiewe gevoelens en gedagtes en het met haar man daaroor probeer praat. Haar eggenoot was geheel en al onberouvol. Sy het die egskeiding aanhangig gemaak en die eensydige vergifnisproses deur middel van vergifnisterapie begin en suksesvol voltooi. Tans ervaar sy egter dat sy

nog sukkel met vergifnis, nadat haar eks-man haar probeer kul het ten opsigte van hul gemeenskaplike boedel. 'n Nuwe vergifnisproses moes weer begin word.

4.7.3 Beradene C

Die beradene is 'n blanke vrou van sewe-en-twintig jaar:
Die betrokkene het in 'n enkelouer gesin grootgeword. Toe sy sewe jaar oud was, het haar twaalfjarige **broer haar begin molesteer** en dit het vir 'n paar jaar aangegaan. Sy het haar moeder vertel, maar dié het haar nie geglo nie en ook niks daaraan gedoen nie. Dit het eers gestop toe sy aan 'n buurvrou, met wie sy 'n baie goeie verhouding gehad het, dit vertel het. Sy het egter vuil gevoel en het gevolglik begin rook en drank gebruik. Nou, as volwassene, het sy steeds 'n swak verhouding met haar broer en wil hy steeds nie sy oortreding bely of berou toon nie. Sy wil egter vry, en met God versoen wees en het daarom die eensydige vergifnisproses begin deur vergifnisterapie en dit ook suksesvol voltooi. Sy moes ook haar moeder vergewe en met haar het sy wel versoen en 'n goeie ma-dogterverhouding ontwikkel.

4.7.4 Beradene D

Die beradene is 'n blanke vrou van twee-en-vyftig jaar:
Sy en haar eggenoot was baie intiem bevriend met 'n ander egpaar in dieselfde gemeente as hulle. Dié man het egter aan erge depressie gely en alhoewel hulle as vriende hul bes probeer het om hom te help, het dit al erger geword. Sy het gevoel dit was omdat hulle nie genoeg kennis gehad het om hom geestelik of sielkundig te help nie. Sy het vir haar vriende gaan hulp soek by hul leraar en ook by die gemeente. Hier het sy egter 'n koue skouer ontvang en geen hulp is verleen nie. Een Sondag, terwyl hulle in die kerk was, **het hul vriend selfmoord gepleeg** deur beide sy hande by die polse met die vleissaag af te saag. Sy en haar eggenoot moes na die tragiese gebeure gaan help en hul vriendin bystaan. Hulle moes die huis skoonmaak deur die baie bloed te verwyder. Vir haar was die gebeure erg traumaties en sy kon dit baie lank nie vergeet nie. Sy was ook kwaad, verbitterd, onvergewensgesind en vol wraakgedagtes teenoor die gemeente en die leraar,

en het hulle verkwalik vir die man se dood. Sy het ook erg depressief geraak na die voorval. Sy het egter ook die vergifnisproses, wat eensydig was, voltooi en suksesvol afgesluit. Sy het besluit op eensydige vergifnis voor en teenoor God, omdat sy gevoel het dat sy nie na die gemeente en die leraar kon teruggaan nie. Die leraar is kort na die gebeure weg en die vriendin was steeds deel van die gemeente, en sy wou nie weer wonde oopkrap nie.

### 4.7.5 Beradene E

Die beradene is 'n blanke vrou en is vyftig jaar:
Sy het grootgeword in 'n gesin waar die moeder dominant was en die huisgesin deur kritiek regeer het. Syself was as kind die swartskaap en kon nooit niks reg doen nie. Sy is egter by meer as een geleentheid **deur haar broer en sy vriende gemolesteer** toe sy nog in die primêre skool was, dus tussen 9 -12 jaar ouderdom. Sy het dit egter aan niemand vertel nie, maar het as tienderjarige baie rebels begin optree deur alkoholmisbruik, rook en onsedelikheid. As volwassene het sy met haar broer gaan praat, maar hy het haar uitgelag en was heeltemal onberouvol en spottend. Sy het egter die eensydige vergifnisproses deur middel van vergifnisterapie begin en alhoewel sy haar broer vergewe het, moet daar nog gewerk word aan vergifnis vir haar moeder, wat reeds oorlede is. Daar moes 'n nuwe vergifnisproses begin word.

### 4.7.6 Beradene F

Die beradene is 'n blanke man van nege-en-vyftig jaar :
Hy en sy eggenoot was die eienaars van 'n drankwinkel op 'n klein dorpie. Op 'n stadium het hy 'n goeie aanbod vir die besigheid ontvang en aangesien die verantwoordelikheid groot was en hy op 'n stadium wou aftree, het hy die besigheid verkoop. Die nuwe eienaar was 'n plaasboer en het dus nie kans gesien om die besigheid self te bestuur nie. Hy het die respondent gevra om die besigheid soos voorheen te bestuur. Die probleem het egter ontstaan toe die nuwe eienaar se vrou een middag opdaag, nadat die kasregisters afgesluit was, en gesê het dat sy self die boeke gaan oudit en dit nie soos in die verlede,

na 'n geregistreerde ouditeur gaan neem nie. Sy het die geld van die kasregisters en die kasboeke met haar saamgeneem huistoe. Die volgende dag is die respondent aangekla, want blykbaar was daar R5 000,00 tekort in die boeke. Die respondent ('n vredeliewende persoon), het gesê dat as dit so is, sal hy die geld inbetaal. Hy was nie daarvan bewus dat hy met sy aanbod eintlik skuld erken het aan 'n oortreding wat hy nie begaan het nie en wat hy slegs gemaak het om konflik te voorkom. As gevolg van sy aanbod, het hy egter sy werk behou en voortgegaan met die bestuur van die besigheid. Die voorval het homself egter ses maande later presies herhaal en was die boeke skielik R10 000,00 kort, terwyl die kasregisters elke dag gebalanseer het en hy self geen tekorte opgemerk het nie. Weereens het hy die saak geskik, maar het ook bedank, omdat hy vermoed het dat die eienaar se vrou self verantwoordelik was vir die sogenaamde tekorte. Die situasie was egter kritiek, skielik het hy met 'n klomp skuld gesit wat betaal moes word, sonder 'n inkomste en met 'n letsel op sy naam in 'n klein dorpie waar almal alles van mekaar geweet het. Hy moes die vergifnisproses eensydig begin, omdat die oortreders onberouvol en beskuldigend was.

### 4.7.7 Afdeling 1: Familiegeskiedenis

Een van die respondente was aangeneem, twee kom uit gesinne waar daar 'n egskeiding was en die res het in 'n gesin waar beide ouers teenwoordig was groot geword.

Ten spyte daarvan het twee, waarvan die aangenome een deel is, in 'n liefdevolle huis groot geword. Die ander respondente beskryf hul ouers, meestal die ma van die gesin, as vyandig en vol kritiek.

Slegs drie respondente se ouers het konflik sonder enige openlike verbale of fisiese gevegte hanteer, maar ook hulle kon nie sê of probleme dan opgelos is of net herhaaldelik weer opgekom het nie.

Vyf van die respondente het 'n outokratiese opvoeding gehad en slegs een is demokraties opgevoed. Net drie respondente kon oor hul gevoelens met een van hul ouers praat. Drie van hulle het iemand buite die gesin gevind om mee te praat en hul gevoelens mee te bespreek.

Wat vergifnis binne die gesin betref, het vyf nodig gehad om lede van hul gesin van oorsprong oor dinge te vergeef wat in hul grootword jare met hulle gebeur het.

Beradene C: Moes haar ma, wat toegelaat het dat sy gemolesteer word en haar broer vergewe;

Beradene D: Moes haar biologiese ouers ten opsigte van die aanneming vergewe;

Beradene A: Moes haar pa vir pogings tot molestering en haar ma vir haar kritiese liefdelose houding vergewe;

Beradene E: Moes haar broer en sy vriende vir molestering, en haar ma vir haar kritiese houding vergewe;

Beradene B: Moes haar ma vir haar kritiese liefdelose houding teenoor hul kinders maar veral teen haar pa vergewe.

**Voorlopige gevolgtrekking ten opsigte van die kriterium van familiegeskiedenis:**

Die familiegeskiedenis blyk 'n geweldige betekenisvolle effek op die persepsie van elke beradene se identiteit en siening van hulself te hê.

Alhoewel die beradene, wat aangeneem was, beweer het dat sy in 'n liefdevolle huis grootgeword het, het sy gesukkel met haar identiteit as gevolg van die aanneming en die feit dat haar biologiese ouers haar kon laat gaan. Die gevoelens van verwerping is versterk deur die feit dat sy al 3 jaar oud was toe die aanneming plaasgevind het. Vier van die beradenes het grootgeword in huise met 'n gebrek aan konflikhantering-, kommunikasie- en interpersoonlike verhoudingsvaardighede. *As gevolg van 'n gebrekkige opvoedingstelsel wat gelei het tot die vorming van 'n gebrekkige identiteit, voel die respondente nikswerd en 'n mislukking en hulle voel soms dat ander geregtig is om só teen hulle op te tree.* Veral beradene E sukkel steeds met 'n identiteitskrisis as gevolg van haar moeder se kritiek as kind. Drie respondente kom uit wanfunksionele gesinne waar molestering binne die gesin en in familieverband plaasgevind het. Die oortreding is nooit aangemeld nie, dus kon geregtigheid nie geskied nie.

### 4.7.8 Afdeling 2: Godsdiensagtergrond

Vier van die respondente se verstaan van God is in hul ouerhuis, deur hul ouers, bloot in die styl van tradisiegodsdiens gevorm. Een deur die insette van gelowige grootouers en een respondent het in die vergifnisterapie werklik eers met God se plan vir haar lewe, en met Sý vergifnis van haar sondes, kennis gemaak.

Alle respondente se godsdiensbeoefening het as volwassenes verander deurdat hulle 'n intieme verhouding met God begin ontwikkel het. Vier van hulle se kerkverband het ook verander.

Almal stem saam dat sonde teen God se wil is. Een respondent wys daarop dat sonde nie net verkeerde dade is nie, maar soms ook innerlike, negatiewe gedagtes kan wees.

Vyf van die respondente het al aan God se goedheid getwyfel. Een van hulle voel dat dit eerder onsekerheid van jouself en jou verhouding met God is. 'n Ander voel dat 'n mens eintlik nie aan God kan twyfel nie want Hy is nie verantwoordelik as dit sleg met jou gaan nie. Almal stem egter saam dat twyfel 'n fokusverskuiwing van God na die probleem veroorsaak wat jou verhouding met God negatief raak. Almal voel egter oortuig dat nadat so 'n twyfel-krisis tussen jou en God uitgesorteer is, die verhouding gegroei het en op 'n hoër vlak lê.

Al die respondente het God al geblameer vir negatiewe dinge wat in hul lewe gebeur het.

Op die vraag, waarvan hulle nie hou ten opsigte van Godsdiens nie, het vyf gevoel hulle haat valsheid in sommige Christene. 'n Sesde respondent voel dat God se boodskap soms so vermenslik word in die kerk, dat hy voel hy ontvang niks wat hom geestelik kan laat groei in die kerk nie.
Alle respondente dra kennis van al die negatiewe emosies wat ondervind word as 'n mens onvergewensgesind is ná 'n onreg wat aan jou gedoen is. Gevoelens wat geïdentifiseer is deur respondente is: seer, verwerping , bitterheid, ver van die Here af, teleurstelling,

kwaad, hartseer, ongelukkigheid, wantrouigheid, depressie, onvredenheid, woede, haat, opstandigheid en soms selfveragting.

Die rede vir vergifnis is deur drie respondente gegee as dat hulle wou vergewe om vry te kom van slegte gevoelens en om vrede vir hulself te verkry. Die ander drie respondente het vergewe om vrede tussen hulle en God te bewerkstellig, met ander woorde om versoening tussen hulle en God te kry.

**Voorlopige gevolgtrekking ten opsigte van die kriterium van godsdiensagtergrond:**

Die godsdiensagtergrond word eksploreer ten einde vas te stel of die beradenes 'n verhouding met God as geestelike hulpbron in hul lewe het, waarop hulle kan steun in 'n tyd van krisis.
Al ses die beradenes het groot geword met 'n oppervlakkige kennis van God en sy Woord. Almal het eers as volwassenes hul godsdiens oriëntering verander en al ses is nou belydende Christene en handhaaf 'n intieme verhouding met God. *Al die respondente is dit eens dat veral die vergifnisproses hulle nader na Jesus Christus gebring het.* Alhoewel almal al in een of ander tyd van hulle lewe God geblameer het vir iets wat met hulle gebeur het, het hulle God nie verwerp nie maar aan Hom bly vashou. Alle respondente dra kennis van die negatiewe emosies wat ondervind word tydens onvergewensgesindheid. Aangesien hulle 'n duidelike begrip het van wat sonde is, kon hulle dit ook verbind met sondige gedrag wat nie binne God se wil is nie.
Drie van die respondente het vergewe vir hul eie bevryding en drie omdat hulle met God wou versoen wees, *nie geen een wou vergewe ten einde aan die oortreder 'n geskenk van vergifnis te gee en met hom te versoen nie.* As gevolg van die beradenes se gebrekkige opvoeding in interpersoonlike vaardighede en hul gebrekkige kennis van God was hulle geestelik en persoonlik ontoereikend en nie in staat om op hul eie deur die realiteit en effek van vergifnis te werk nie.

### 4.7.9 Afdeling 3: Persoonlike verhoudings

Al die respondente is getroud en vyf voel huidig suksesvol in hul betekenisvolle verhoudings, maar noem ook dat dit eintlik van dag tot dag wissel. Slegs een ondervind tans probleme in haar huweliksverhouding en twyfel of sy suksesvol kan wees in verhoudings.

Alle respondente het vrese in terme van hul verhoudings. Die vrese verskil soos: finansiële probleme, mislukking van die huwelik, dat haar eggenoot sal terugval na drankmisbruik soos voorheen, ontevredenheid en konflik in huweliksverhouding, verwerping en dat sy vir haar huisgesin 'n teleurstelling sal wees en nie aan hul verwagtinge sal kan voldoen nie.

Almal het al verhoudings gehad wat misluk het en gevoelens wat beskryf was, het ooreengekom met die negatiewe emosies wat ervaar was met onvergewensgesindheid.

Almal glo dat God se woord versoening met die oortreder vereis. Die navorser het egter ten opsigte van hierdie vraag geëksploreer omtrent watter versoening vir God prioriteit sal wees: versoening met die oortreder of versoening tussen die slagoffer en God. Al die respondente het gevoel dat as bilaterale vergifnis en versoening met die oortreder *onmoontlik* sou blyk, omdat die oortreder nie berouvol sou wees nie, *versoening met God die belangrikste sou wees sodat blokkasies tussen jou en God verwyder kan word.*

Almal is al een of ander tyd deur iemand onvoorwaardelik vergewe. Gevoelens wat toe ervaar was, het gewissel tussen nederigheid, gevoel van vryheid, baie goeie gevoel, lig en sonder las gevoel en 'n wow-gevoel.

**Voorlopige gevolgtrekking ten opsigte van die kriterium van persoonlike verhoudinge:**

Die deel van die vraelys fokus op die beradenes se betekenisvolle verhoudings en hoe hulle emosioneel, geestelik en ten opsigte van gedrag teenoor ander optree.
Dit is duidelik vanuit die onderhoude dat al die respondente se huidige persoonlike verhoudings beïnvloed word deur gebeure in hul grootword jare. Almal smag na suksesvolle verhoudings, maar uit hul verborge vrese en die verdedigingsmeganismes wat gebruik word, kan afgelei word dat 'n soeke na sekuriteit steeds by almal onderliggend teenwoordig is. *Die realiteit is egter dat slegs twee wat die aanneming geval insluit, 'n voorbeeld binne die gesin van herkoms gehad het, van hoe 'n suksesvolle verhouding lyk en funksioneer. Hoe kan jy iets toepas in die praktyk waarvan jy nie kennis dra nie? Al vier respondente is bewus van hul tekortkominge hierin en dit skep meer onsekerheid by hulle.*

### 4.7.10 <u>Afdeling 4 : Persoonlike ervaring</u>

Alle respondente het al woede en haatdraendheid in hul lewe ervaar.

Almal het verdedigingsmeganismes wat hulle gebruik, maar is net nie altyd bewus daarvan nie. Vier onttrek sodra hul sekuriteit bedreig word. Een gebruik vermyding en praat net nie weer daaroor nie. 'n Vyfde respondent is 'n selferkende werkolis en wanneer haar sekuriteit bedreig word werk sy nag en dag ten einde nie tyd te hê om daaroor te praat of te dink nie. Dit is ook maar 'n ander vorm van vermyding.

Konflikhantering word ook verskillend deur die respondente hanteer. Drie bly net stil en weier om verder daaroor te praat. Twee raas en baklei, maar besef dit lei nie tot enige oplossings nie. Een van die respondente wat voorheen stilgebly, het is besig om liefdevolle konfrontasie toe te pas in haar betekenisvolle verhoudings. Tans is dit nog vir haar 'n leerproses, maar sy vind dat dit lei tot oplossings.

Vir vier van die respondente beteken konfrontasie konflik, en dit is negatief. Vir 'n vyfde respondent was konfrontasie negatief soos gesien in haar ouerhuis, maar sy dink nou anders daaroor en sien dit nou meer positief alhoewel sy dit nog net soms toepas. Die sesde respondent voel dat konfrontasie meer voordele as nadele het en dus positief is. Sy streef ook daarna om dit in haar verhouding toe te pas.
'n Definisie van vergifnis wissel van vryspraak, genesing, vrede, toegepaste liefde, vry maak van oordeel tot om wat agter is, agter te laat en op 'n skoon blad aan te gaan.

Op die vraag wat die Skrif sê omtrent vergifnis, reageer vier respondente dat dit 'n opdrag van God is wat noodsaaklik is om in gehoorsaamheid uit te voer. Twee respondente voel dat Jesus Christus die voorbeeld gestel het en dat 'n mens dit moet navolg.

Almal het al iemand vergewe wat hul baie seergemaak het. Wat hulle van die ervaring onthou, was vir vyf respondente die gevoel van vryheid, vrede en verligting wat uitgestaan het. Alhoewel hulle nog die gebeure van die oortreding onthou, maak dit nie meer seer nie en is dit ook nie meer belangrik nie. Die sesde respondent onthou egter steeds die seer van die gebeure die beste. Hy meen dit is omdat die situasie steeds elke dag voortgaan en sy oortreders nog elke dag nuwe onregte doen wat seermaak, alhoewel hy hulle vergewe het.
Op die vraag of hulle nou in die proses was om iemand eensydig te vergewe het die drie in terapie gevoel dat alhoewel hulle nog besig was met die proses, die oorspronklike oorsaak van hul onvergewensgesindheid waarvoor hulle terapie ontvang het, afgesluit kan word want hulle ervaar dat dit voltooi is.

Op die vraag of hulle nog gevoelens van onvergewensgesindheid koester wat hulle weet hulle sal moet verwerk, was daar 'n interessante reaksie. Alle respondente het genoem dat hulle wel tydens die onderhoud bewus geword het van ander oortreders wat hulle verontreg het, teenoor wie hulle negatiewe gevoelens koester en wat nog vergewe moes word.

**Voorlopige gevolgtrekking ten opsigte van die kriterium van persoonlike ervaring:**

Dit is duidelik dat 'n mens se huidige strategieë, interpretasies, aannames en verwagtings in persoonlike verhoudings beïnvloed word deur die respondente se siening van hul eie identtiteit. En dit is weer beinvloed deur ervarings uit die verlede.

Hierdie gevolgtrekking kon gemaak word uit hoe hul konflik hanteer, konfrontasie sien en vergifnis definieer. Die antwoorde van die respondente op vraag 6 en 12 toon duidelik *dat vergifnis 'n aaneenlopende proses is wat daagliks aandag moet kry, ten einde bitterheid te voorkom.* Beradene F se reaksie op die vraag, wat hy onthou omtrent die afgehandelde vergifnis-ervaring, leer ook dat as 'n mens iemand vergewe het vir 'n bepaalde ervaring, dit nie beteken dat hy op grond van daardie eenmalige vergifnis vrygespreek word op alle toekomstige oortredings nie. *Elke nuwe oortreding verg 'n nuwe vergifnisproses wat voltooi moet word.* Die respondente se antwoorde op wat die Skrif sê omtrent vergifnis was ook insiggewend: Vir die vier respondente wat grootgeword het in 'n vyandige kritiese huis, was vergifnis 'n opdrag wat gehoorsaam moes word, vir die twee uit 'n liefdevolle huis was dit die noodsaaklike navolging van Jesus Christus se voorbeeld.

## 4.8 GEVOLGTREKKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

Die volgende gevolgtrekking is verkry vanuit die empiriese studie:

- Vroue is meer bereid en beskikbaar om openlik oor hul vergifnisprosesse te gesels as mans en daarom was daar meer vroue as mans in die steekproef samestelling vervat;
- Die familie-agtergrond het 'n betekenisvolle effek op elke beradene se siening van hulself (selfidentiteit). Vier respondente het grootgeword met 'n gebrek aan konflik-, kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede. As gevolg van 'n gebrekkige opvoeding-stelsel en gevolglike gebrekkige vorming van 'n eie identiteit ook by die vyfde, aangenome respondent, voel die respondente 'n

mislukking en nikswerd en voel dat die oortreders geregtig was om só teen hul op te tree;

- 'n Oppervlakkige kennis van 'n verhouding met God, sy Woord en sy plan met elkeen se lewe, het al die respondente onbevoeg gelaat om deur die realiteit en gevolge van onvergewensgesindheid in hul lewens te werk;
- Alle respondente getuig egter dat die begin en die deurwerk van die vergifnisproses hul tot 'n dieper, intieme verhouding met God gebring het, omdat dit hulle gebring het voor die besef van wat Jesus Christus aan die kruis vir hulle gedoen het;
- Die respondente se rede vir vergifnis varieer tussen die verkryging van vrede en bevryding van negatiewe emosies vir hulself tot 'n strewe na versoening tussen hulle en God. Nie een het die oortreder gesien as ontvanger van die gawe van vergifnis as liefdesgeskenk, en as rede vir hul vergifnis nie. Die oortreder was dus nie hul fokus vir vergifnis nie;
- Die feit dat vier van die respondente uit wanfunksionele huisgesinne gekom het, maak dit moeilik vir hulle om suksesvolle verhoudings te onderhou, want hulle het geen voorbeeld hiervan in hul gesin van herkoms gehad nie;
- Al die respondente, selfs ook die ander twee respondente wat 'n geskiedenis het van onderskeidelik die verlies van biologiese ouers en 'n mislukte huwelik, het onderliggende, verborge vrese ten opsigte van hul huidige verhoudings;
- Al die respondente is ook bewus van hul interpersoonlike tekortkominge en hul verdedigingsmeganismes wat hul ter selfbeskerming gebruik en dit skep nog 'n groter onsekerheid binne hulself;
- Huidige strategieë, interpretasies, aannames en verwagtings in hul persoonlike verhoudings word steeds beïnvloed deur elke individu se verlede, en ervarings in die verlede wat sy of hy gehad het;
- .'n Verhouding met God kan 'n lewens-belangrike element wees om vergifnis in jou lewe aan te spreek omdat tyd en vaardighede, sowel as geestelike-kognitiewe- en emosionele hulpbronne nodig is vir die deurwerk van die vergifnisproses;


- Vir al die respondente was die prioriteitsrede vir vergifnis – versoening met God en om binne sy wil te bly, al was drie respondente se aanvanklike rede op hulself gerig;
- Nuwe insigte wat vanuit die onderhoude vir die respondente ontstaan het was: dat die vergifnisproses 'n aaneenlopende proses is wat daagliks toegepas moet word om bitterheid te voorkom. Verder, as 'n oortreder eenmaal vir 'n bepaalde oortreding vergewe is, beteken dit nie hy is vir alle toekomstige oortredings ook vergewe nie. Elke nuwe oortreding verg 'n nuwe vergifnisproses;
- Vir die drie respondente wat hul vergifnisterapie suksesvol afgehandel het, was dit ook insiggewend dat die vergifnisterapie hulle bemagtig en toegerus het met 'n vaardigheid wat voortdurend in hul lewe vorentoe, benut kan word en ook aan hul kinders geleer kan word;
- Die vergifnisterapie het ook aan die respondente, wat nog besig is met die vergifnisproses, hoop gebied in hul interpersoonlike verhoudings vir die toekoms;
- Almal het die navorsingstudie as stimulerend beleef en sommige het selfs genoem dat dit op sigself gevoel het soos 'n "berading", want hulle kon nuwe insigte en leemtes in hulself ontdek, waarvan hulle voorheen heeltemal onbewus was.
- Laastens die gevolgtrekking uit hierdie empiriese studie ten opsigte van die waarde van eensydige vergifnis in die pastorale proses: Alle respondente het rapporteer dat hulle gevoelens van verligting, vrede en bevryding ervaar het na die voltooiing van die eensydige vergifnisproses deur middel van pastorale berading. Eensydige vergifnis is dus waardevol en **dra by tot die verwydering van negatiewe emosies.** Verder het al die respondente getuig dat versoening met God plaasgevind het en dat **hul verhouding sodoende met God verdiep het**, ten tye van die voltooiing van die eensydige vergifnisproses. Al die respondente het hulself ook **bereid of "oop" verklaar vir versoening met die oortreders** as hul standpunt ooit sou verander.

## 4.9 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het gepoog om ses kwalitatiewe empiriese navorsingstudies in terme van *eensydige vergifnis* te assesseer. Die akkumalatiewe data van die basisteoretiese, en metateoretiese perspektiewe en die empiriese kwalitatiewe navorsingstudie sal vervolgens die boublokke vir die formulering van praktykteorie in die volgende hoofstuk voorsien.

# HOOFSTUK 5

## PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT EENSYDIGE VERGIFNIS.




Skets van Zerfass se model

## 5.1 INLEIDING

Om die doelwitte van hierdie metodologiese studie te bereik is Zerfass se model (Heyns & Pieterse 1998:36-40) gebruik. Vervolgens word gekyk na 'n oorsig oor die werking van Zerfass se model. Hierdie model rus op interaksie tussen die basisteorie en metateorie om te kom tot 'n praktykteorie.

Daarna sal daar teen die agtergrond van die gesonde (geloofsvolwasse) hantering van eensydige vergifnis gekyk word, na die lig wat die Woord van God (basisteorie) werp op die aspek.

Vervolgens is die fokus op die gegewens wat verkry is uit die literatuurstudie van die deelwetenskappe (metateorie) se siening ten opsigte van eensydige vergifnis.
Die voltooide empiriese navorsingstudie, waar die basisteorie en die metateorie in 'n hermeneutiese wisselwerking tot mekaar gestel word, se resultate bring die navorser by die praktykteorie.

Die slotsom van al die bogenoemde faktore hou bepaalde pastorale implikasies in vir die pastorale hantering van *eensydige vergifnis*. Praktyk teoretiese riglyne word vervolgens geformuleer vir die pastorale begeleiding van emosionele verwonde mense in hul hantering van eensydige vergifnis.

## 5.2 OORSIG OOR DIE WERKING VAN ZERFASS SE MODEL

De Wet (2006:72) gee 'n oorsig oor die werking van Zerfass se model. 'n Praksis kom dikwels in die gestalte van ontoereikendheid na vore. 'n Situasie waar byvoorbeeld eensydige vergifnis afgemaak word *as nie toelaatbaar of nie waardevol* vir die slagoffer nie, is 'n krisis en die situasie word gekenmerk deur spanning. Hierdie druk vra vir 'n bereidheid om na te dink, met die doel om vas te stel wat die beste is om die situasie ten goede te verander. Volgens De Wet (2006:59) funksioneer die model in 'n konteks waarin die bestaande praksis en die duidelike spanning of diskrepansies wat daarin bestaan, deur sekere handelinge vernuwe word, sodat 'n nuwe praksis tot stand kan kom. Die rede waarom Zerfass se model in die metodologie van verskeie prakties-teologiese studies ingespan word, is geleë in die raamwerk wat dit bied vir die ondersoek van verskillende vlakke van hermeneutiese wisselwerking tussen teologiese tradisie en ander geesteswetenskappe. Deur die omskrywing en integrering van die hermeneutiese wisselwerking in teorievorming, word verseker dat die basisteorie nie in die lug hang nie, die metateorie onverrekend gelaat word en die praktykteorie ankerloos ronddryf nie. Die eerste reaksie wat sodanige spanning in die praksisveld oproep, kom vanuit die skriftuurlike perspektief. Hierdie perspektief en die heersende teologiese tradisie sal gevolglik eerste bespreek word.

## 5.3 SAMEVATTING VAN SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF

**Die begrip *vergifnis* beteken in die Ou Testament primêr** die opheffing of kwytskelding van sonde en **verwydering van skuld**. Vergifnis word ook basies verstaan

as noodsaaklik vir die bewaring van die verbondsgemeenskap. God se vergifnis bring mee dat sonde verwyder word, straf afgekeer word en dat mense herstel word deur verlossing. Die tema van onvoorwaardelike **(en eensydige) vergifnis het eers duidelik geword by die belofte van die nuwe verbond waar God Israel en Juda se sondes verwyder het sonder om dit ooit weer te noem** (Jer 31:34). In die gedeelte oor die Ou Testament is aangetoon dat die volmaakte vergifnis aan God behoort en word dit goed geïllustreer deur die voorbeeld uit die Ou Testament, naamlik Jona. Die verhaal gee ook 'n ander perspektief, God se perspektief. Jona dra 'n les vir al die Jode dat God se genade verder strek as net die uitverkore volk. Hierdie gedeelte kan belangrike riglyne vir hierdie studie na vore bring. **God vereis berou soos by die Nineviete, maar selfs dié handeling word deur Sy soewereine genade geïnisieer. God behou die mag, die reg en die outoriteit tot vergifnis.**

In die Nuwe Testament is aangetoon dat die begrip *vergifnis* kan beteken om te laat gaan, te bevry of te skenk. God se genade en vergifnis was teenwoordig in die Ou Testament, maar eers met die koms van Jesus Christus het die vervulling van Sy barmhartigheid sigbaar geword en is dit verpersoonlik deur Jesus Christus self. Die basis van vergifnis is juis dat God sy enigste Seun gegee het as kwytskelding van die mens se sonde. Dit het God sy enigste Seun gekos, **ook vir die slagoffer sou daar dus 'n bepaalde koste aan vergifnis verbonde wees. Om te vergewe beteken om iets van jouself prys te gee en die minste te wees.** Vier Skrifgedeeltes is vanuit die Nuwe Testament ondersoek.

Lukas 17:3-4 dui op 'n liefdevolle gesindheid waarmee die gelowige slagoffer sy oortreder moet teregwys. **Vergifnis vind plaas op grond van gehoorsaamheid aan God en gevoelens word buite rekening gelaat**. Berou is in hierdie geval deurslaggewend.

As 'n berouvolle persoon berispe moet word ten einde berou en versoening na te jaag, is dit duidelik dat die proses in Matteus 18:15 gevolg moet word as daar geen berou is nie. Alhoewel die Skrif leer dat 'n oortreding nie toegelaat of oorgesien moet word nie, leer Jesus Christus vir sy volgelinge dat **daar geen einde aan vergifnis moet wees nie**.

In Markus 11:25 vind 'n mens die antwoord van hoe hierdie voortgaande vergifnis moet plaasvind indien daar geen berou of versoening sou wees nie. Die slagoffer wend hom dan tot God en eensydige vergifnis van die hart kan dan teenoor en voor God plaasvind.

Die laaste skrifgedeelte, Matteus 6:12-15 wys daarop dat die ervaring van God se vergifnis mense verander sodat hulle dieselfde voorbeeld stel deur onvoorwaardelike vergifnis aan hul oortreders te skenk.

Die bevinding is gemaak dat vergifnis in Judaïsme voorwaardelik moet wees en dus altyd gekoppel behoort te wees aan berou. Dit is gebaseer daarop dat God van 'n sondaar berou vra voordat Hy vergewe. Die standpunt kan beteken dat eensydige vergifnis nie geldig is nie en (altyd) eers vooraf gegaan moet word deur berou van die oortreder. In Judaïsme plaas die verbond 'n plig op gemeenskapslede tot berou en vergifnis teenoor mekaar. Ten opsigte van vergifnis en berou in die Christendom, word bevind dat God van Christene verwag om onvoorwaardelik te vergewe, omdat Hy eerste vergewe het.

Sondige oortredings kan egter nie geïgnoreer of getolereer word nie, daarom die voorskrif van die teregwysing in liefde. **Indien die oortreder egter onberouvol sou bly en versoening onmoontlik blyk te wees, moet gelowiges gewillig wees om aanhoudend in hul hart, voor God te vergewe – en dit is dan eensydige vergifnis.. Dit kan ook negatiewe emosies soos haat en woede voorkom.**

Met betrekking tot onvoorwaardelike vergifnis is aangetoon dat vergifnis by God begin en die mens kan dit nie alleen doen vanuit sy menslike natuur nie. **Aan die Goddelike kant word interpersoonlike vergifnis egter deur die Drie-eenheid geïnisieer**. God die Vader se liefde is die bron van vergifnis. Jesus Christus verpersoonlik die liefde en barmhartigheid van God se liefde en verwerf die totale skuldvrystelling vir die mens. Die Heilige Gees bring die sondaar tot oortuiging van sonde, tot wedergeboorte en bevorder die heiligmakingsproses in gelowiges se lewens. Die Gees bemagtig gelowiges ook vir diens deur die agape-liefde in hul harte te lê en roep gelowiges op tot eenheid in die verenigde liggaam van God.

Daar is twee vlakke van interpersoonlike vergifnis, naamlik besluitnemings- en emosionele vergifnis. God verwag van gelowiges om 'n wilsbesluit te neem ten opsigte van vergifnis, maar ook emosioneel te vergewe ten einde 'n hartsverandering te beleef. **Beide besluitnemings- en emosionele vergifnis vlakke is betrokke by intrapersoonlike vergifnis.** God se doel met vergifnis is 'n onvoorwaardelike gawe van liefde vir mekaar tot versoening. Dit het 'n eskatologiese krag as 'n visie, belofte, ideaal en roeping en werk in horisontale menslike verhoudings, maar ook in die mens se vertikale verhouding tot God. Beide eensydige vergifnis en bilaterale vergifnis is dus van pas in die Skrif, want dit bevorder beide, of ten minste een van die verhoudings. Dit is derhalwe aangetoon in hierdie hoofstuk dat eensydige vergifnis nie net belangrik is nie, maar ook 'n opdrag van God.

## 5.4 SAMEVATTING VAN PERSPEKTIEWE UIT DIE DEELWETENSKAPPE

Daar is ondersoek ingestel na **die definisie van vergifnis wat deur die deelwetenskappe gebruik word en daar is bevind dat daar tans geen definisie van vergifnis bestaan waaroor navorsers saamstem nie. Dit bemoeilik. die verstaan van die konsep** Twee elemente van vergifnis kan uitgelig word nl. moraliteit en transformasie, wat beide lig werp op die konsep *vergifnis* en sy funksionering. Die verband tussen teologie en psigologie toon aan dat die twee dissiplines selfstandig kan funksioneer, maar tog mekaar kan aanvul ten opsigte van vergifnis. Die rede vir vergifnis kan bepaal of eensydige of slegs bilaterale vergifnis kan plaasvind. Slegs twee dominante redes is bespreek. Die bevinding is **dat selfsugtigheid (vergifnis wat net op jou eie bevryding fokus) selde in die vergifnisproses inkom, omdat vergifnis en selfsug onversoenbare benaderings tot die lewe is.** Iemand wat deur die vergifnisproses worstel, behoort dus nie 'n probleem met versoening hê as dit ter sprake kom nie.

Uit die literatuurstudie ten opsigte van **die effek van woede ('n belangrike element van onvergewensgesindheid) op die mens, is bevind dat woede skadelik is vir die mens.** Dit kan aanleiding gee tot fisiese siektes soos kanker en hartsiektes maar ook kliniese

afwykings soos angsneuroses en depressie. Verder het dit ook 'n uitwerking op 'n mens se psigologiese funksionering soos bv. verslawing en eetversteurings. Kwesbare persone word omskryf "as persone waar woede so intens manifesteer dat die persone hul eie emosionele welwees in gevaar stel". "Kwesbaarheid" kan deur fenomene soos gesinsagtergrond, hanteringsvaardighede, geloofservaring, ondersteuningshulpbronne, senuweesisteem en produksie van sekere breinchemikalië bepaal word. Kwesbare persone moet egter meer dikwels deur die vergifnisproses werk om hul geestes-gesondheid te bevorder. **Daar is dus geen twyfel daaroor nie: die vergifnisproses is baie effektief om slagoffers se woede te verminder en hulle hoop te gee vir die toekoms.**

Twee vergifnisterapie-modelle naamlik die "Pyramid Model to REACH forgiveness" van Worthington sowel as "Fase prosesmodel" van Enright & Fitzgibbons word uitgelig, aangesien beide omvattend en toepaslik is. **Beide modelle van vergifnisterapie kan egter ook deur diegene wat eensydig moet vergewe, gebruik word**. Versoening is dus die allerlaaste doelwit van die vergifnisproses, maar as daar geen moontlikheid is om hierdie doel te bereik nie, as gevolg van 'n onberouvolle oortreder, kan eensydige vergifnis ook vir die slagoffer "closure" bring. **Versoening impliseer dus in die eerste plek versoening met God**. Eensydige vergifnis het egter 'n dimensie wat uitreik na ander en wat 'n eensydige inisiatief kan word vir bilaterale vergifnis. Bilaterale of eensydig vergifnis hou 'n besondere waarde in as terapie vir psigologie. **Die slagoffer wat eensydige vergifnis moet doen, ten einde verlos te word van sy negatiewe emosies, sal ook deur dieselfde stappe/fases van die vergifnisproses moet werk.**

Empatie kom in beide die modelle voor en is 'n kernaspek van die vergifnisproses. Daar is egter bevind dat daar verskillende dimensies van empatie voorkom en dat in die vergifnisproses van die meeste slagoffers, **hulle slegs ervaar dat hulle perspektiewe uit die oortreder se gesigspunt kon vorm, maar nie empatiese besorgdheid of persoonlike meelewing kon toon nie**. Daar is bevind dat daar 'n korrelasie bestaan tussen empatie en die bestuur van emosies. Persone wat vaardig was om hul emosies goed te bestuur, was ook in staat om meer empaties op te tree teenoor hul oortreders.

## 5.5 SAMEVATTING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

'n Ondersoek ten opsigte van die fenomene wat 'n persoon se kwesbaarheid (3.6.2) ten opsigte van vergifnis bepaal, is gedoen:
Vanuit die resultate van die empiriese navorsing is bevind dat **familiegeskiedenis 'n betekenisvolle effek op elke persoon se siening van homself** (selfidentiteit) kan hê. Persone wat grootgeword het met 'n gebrek aan konflik-, kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede, voel nikswerd en 'n mislukking en voel soms dat die oortreders geregtig is om so teen hulle op te tree.

'n **Oppervlakkige kennis van die verhouding met God,** sy Woord en sy plan met elkeen se lewe, laat persone onbevoegd om deur die realiteit en gevolge van onvergewensgesindheid in hul lewens te werk. Huidige strategieë, hanterings-vaardighede, interpretasies, aannames en verwagtings in hul **persoonlike lewens** word

steeds beïnvloed deur elke individu se verlede en ervarings in die verlede wat sy of hy gehad het. Alle respondente het verborge vrese ten opsigte van hul betekenisvolle **verhoudings,** omdat hulle nie 'n voorbeeld van 'n suksesvolle verhouding vanuit hul gesinne van herkoms gehad het nie.

Die rede vir vergifnis (3.5) varieer tussen die verkryging van vrede, bevryding van negatiewe emosies vir hulself, tot'n strewe na versoening tussen hulle en God. Alhoewel die studies slegs respondente ingesluit het wat eensydig vergewe het, was almal bereid om te *versoen* met die oortreder, maar dit was ongelukkig nie moontlik nie. Geen fokus was dus op die oortreder as die ontvanger van 'n liefdesgeskenk van vergifnis geplaas nie. Hierdie bevinding sluit ook nou aan by die dimensies van empatie (3.8) wat in die vergifnisproses voorkom. By die empiriese studie het slegs perspektief vorming voorgekom maar nie empatiese medelye of persoonlike meelewing nie. Die bevinding kan ook gemaak word dat die respondente wie se hanteringsvaardighede en emosionele bestuur beïnvloed was deur ervarings uit die verlede, familiegeskiedenis en oppervlakkige kennis van God, noodwendig minder empaties teenoor hul oortreders sal wees.

Al die respondente het ook getuig van gevoelens van bevryding en verligting na hul besluit om te vergewe, ten spyte van die feit dat hulle nie met die slagoffer kon versoen nie. Al die stappe/fases van die vergifnisterapie kon ook voltooi word (3.8).

Die vergifnisproses het al die respondente tot 'n dieper intieme verhouding met God gebring, omdat dit hulle gebring het voor die besef van wat Jesus Christus aan die kruis *vir hulle* gedoen het, ten opsigte van vergifnis..

Nuwe insigte wat verkry is uit die studie, was dat die vergifnisproses 'n aaneenlopende proses is wat daagliks toegepas moet word om bitterheid te voorkom. Verder, as 'n oortreder eenmaal vergewe is, beteken dit nie dat hy vir alle toekomstige oortredings ook vergewe is nie. Elke nuwe oortreding verg 'n nuwe vergifnisproses. Vergifnisterapie bemagtig beradenes en rus hulle toe vir die toekoms met 'n vaardigheid wat ook aan hul kinders geleer kan word.

## 5.6 SAMEVATTENDE VERSLAG VAN BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN EENSYDIGTE VERGIFNIS EN VOORGESTELDE PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE

Basisteorie en metateorie word in hermeneutiese wisselwerking tot mekaar gestel om sodoende by 'n praktykteorie uit te kom. Hierdie "wisselwerking" vind plaas as die gevolgtrekking verkry van die basisteorie en die gevolgtrekking verkry van die metateorie saam die praktykteorie vorm.

| BASISTEORIE | METATEORIE | EMPIRIESE NAVORSING | PRAKTYK-TEORIE |
|---|---|---|---|
| 4.1*Wat is vergifnis*?<br><br>Aphesis: Vrymaak van skuld.<br><br>Vergifnis is vergewing van skuld en nie van die oortreding nie | Vergifnis, eensydig of bilateraal, hou 'n besondere waarde in as **terapie vir die psigologie**. | As gevolg van 'n gebrekkige *opvoedingstelsel* wat gelei het tot die vorming van 'n gebrekkige identiteit, voel die respondente nikswerd en 'n mislukking en voel soms dat ander geregtig is om so teen hulle op te tree. | *Ontdekkingsfase*<br><br>4.1Persone moet gehelp word om hul verlede en onregte uit die verlede beter te verstaan ten einde meer in staat te wees om beheer uit te oefen. Probleme uit verlede moet voluit gekonfronteer word en ontkenning moet dan aangespreek word. |
| *4.2Voorbeeld: Jona*<br>God vereis berou maar selfs dié handeling word deur sy soewereine genade geïnisieer.<br><br>God behou die reg, al die mag en outoriteit.<br><br>Volmaakte vergifnis behoort aan God. | Emosies word nie net in die hart en gedagtes ervaar nie. Dit word ervaar in die vorm van chemiese reaksies in die liggaam en brein. Hoe die persoon emosioneel voel, bepaal hoe hy fisies voel. | As gevolg van hul familiegeskiedenis het die respondente 'n gebrek aan konflikhantering-, kommunikasie en interpersoonlike verhoudingsvaardighede | 4.2. Pastorale begeleiding moet die persoon help om verantwoordelikheid vir die hede te aanvaar om vryheid van die verlede te kan kry. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.3 *Judaïsme:* Voorwaardelike vergifnis. Berou is eers nodig voor vergifnis.<br><br>Boetedoenings-dag: God vergewe net oortreders as slagoffer reeds ver-gewe het.<br><br>* God se oordeel is in diens van sy genade en liefde<br><br>* God is soewe-rein en 'n mens kan nie sy liefde en vergifnis **beperk** nie. | Teologie en Psigo-logie verryk mekaar as dissiplines. Psigo-logie fokus op psigo-logiese prosesse en teologie bied 'n breër perspektief binne die Godsopenbaringe van vergifnis. | 'n Oppervlakkige Kennis van God, sy Woord en sy plan met elkeen se lewe, het die respondente onbevoeg gelaat om deur die realiteit en gevolge van onvergewensgesind-heid in hul lewens te werk. | *Besluitnemingsfase*<br>4.3 'n Holistiese mul-tidissiplinêre benade-ring, wat erkenning gee in die pastorale proses, aan die inter-aksie tussen die lig-gaamlike (medies), geestelike (pastoraal) en siels (psigologies) dimensies. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| *4.4 Christendom:*<br>God vra onvoorwaardelike vergifnis *sonder berou.*<br><br>Christendom is gebaseer as geloof op vergifnis.<br>Negatiewe gevoelens is dus on-Christelik – daarom is *eensydige vergifnis nodig.*<br><br>Vergifnis word gesien as gehoorsaamheid aan God.<br><br>Vergifnis is essensieel vir die eenheid van die verenigde liggaam van God. (versoening) | Ten opsigte van die rede vir vergifnis kom selfsugtigheid (om net aan jouself te dink) selde in die vergifnisproses voor, omdat vergifnis en selfsug onversoenbare benaderings tot die lewe is. | Alle respondente se godsdiensbeoefening het as volwassenes verander van 'n tradisiegodsdiens na 'n meer intieme, persoonlike verhouding met God. | 4.4 By sommige Christene is daar soms die opvatting dat negatiewe emosies nie tuishoort by 'n goeie Christen nie, gevolglik, word dit onderdruk. Uit pastorale beradingsperspektief moet beradenes aangemoedig word om alle vorme van onderdrukking van emosies te vermy. |
| *4.5 Dimensies van vergifnis:*<br>Vergifnis begin by God en die menslike natuur kan dit nie alleen uitvoer nie.<br><br>Drie-eenheid het verskillende rolle wat interpersoonlike vergifnis stimuleer.<br><br>Menslike kant het twee vlakke van vergifnis, nl. besluitnemingsvergifnis Matteus 6:12 | Eensydige vergifnis het 'n dimensie wat uitreik na ander en wat 'n eensydige inisiatief kan word vir bilaterale vergifnis | Alle respondente se godsdiensbeoefening het met die vergifnisterapie verbeter en verdiep as gevolg van die besef van wat Jesus Christus aan die kruis ten opsigte van vergifnis vir hulle gedoen het. | 4.5 Pastorale begeleiding moet ook fokus op 'n **besluit vir vergifnis.** Selfs eensydige vergifnis is van kardinale belang in die proses van genesing en bied die sleutel tot die proses van vryheid. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| en emosionele vergifnis Matteus 18:35 met ander woorde, dit sluit in wilsbesluit **en** hartsverandering. | | | |
| 4.6 God se genadige en onvoorwaardelike vergifnis vorm 'n essensiele band tussen Ou en Nuwe Testament.<br><br>Vergifnis kos die slagoffer 'n offer, net soos dit God sy Seun gekos het.<br><br>Onvoorwaardelike liefde inisieer vergifnis. | Woede en onvergifnis is intiem met mekaar verbind.In die vergifnisproses word woede hanteer en verwerk. Om iemand te vergewe is om te op te hou om kwaad te wees en om 'n emosionele verandering te ondergaan. | Die respondente het almal onderliggende vrese ten opsigte van hul verhoudings. | *Werksfase*<br>4.6 'n Proses van kognitiewe herstrukturering met behulp van waarhede uit die Woord, kan baie effektief toegepas word by persone met verwerping en emosionele aftakeling, waar kognitiewe leuens wat vergifnis blokkeer baie diep ingebed lê. |
| 4.7. <u>Lukas 17 : 3-4</u><br>Teregwysing in liefde. As berou getoon word vergewe soveel keer soos hy berou het. Dit gaan nie oor jou gevoelens nie. Vergifnis is gehoorsaamheid aan God. | **Pyramid Model**<br>* **H**erroep pyn<br>* **E**mpatiseer<br>* Skenk vergifnis<br>* Verbind in openbaar aan vergifnis<br>* Houvas aan vergifnis | Nie een van die respondente het vergewe ten einde aan die oortreder 'n geskenk van vergifnis te gee of met hom te versoen nie, maar wel vir hul eie bevryding en vir versoening met God. | 4.7'n Vernuwing van denke aan die hand van gedeeltes soos Psalm 139:14 en Romeine 8:37 kan 'n bevrydende ervaring vir so 'n persoon inhou. |
| 4.8 <u>Matteus 18:15, 21, 22</u><br>As daar nie berou is nie –Eers alleen, dan met arbiter en dan gemeente.<br>Jaag versoening na. Daar is geen einde aan vergifnis nie. | **Fase prosesmodel**<br>• Ontdekkingsfase<br>• Besluitnemingsfase<br>• Werkfase<br>• Verdiepingsfase | Vergifnis is 'n aaneenlopende proses wat daagliks aandag moet geniet ten einde bitterheid te voorkom. | 4.8 In die algemeen kan binne die pastoraat heelwat meer geleentheid ingerig word ten einde die terapeutiese waarde (emosioneel en fisies) van skryf, teken of verbalisering ten volle te benut, veral in *eensydige vergifnis*. Navorsing beklemtoon dat |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | emosies wat op papier verwoord is, lei tot vinniger heling. |
| 4.9 Markus 11:25<br>Geen berou<br>Negatiewe emosies is sonde. Vergifnis voor God en in die hart. Eensydige vergifnis. | Woede en ander negatiewe, onderdrukte emosies, speel 'n belangrike rol in kliniese versteurings bv depressie, fisiese siektes bv. kanker en Psigososiale afwykings bv. verslawings en eetversteurings. | Elke nuwe oortreding verg 'n nuwe vergifnisproses wat weer voltooi moet word, al is die oortreder ook dieselfde persoon. | 4.9 Vanuit die pastoraat moet daar gefokus word op onverwerkte emosies, ten einde seker te maak dat alle onafgehandelde emosionele en geestelike prosesse die nodige aandag kry. |
| 4.10 Matteus 6:12-15<br>Nie dreigement eerder voorbeeld. Sy vergifnis is gebaseer op Jesus Christus se standaarde en nie menslike werke nie. Geen verdienste uit eie werke. Sondige natuur nie instaat tot onvoorwaardelike vergifnis. Mens leer kunsvorm in Heiligmakingsproses. | "Stil vergifnis" geskied wanneer vergifnis intrapersoonlik plaasvind sonder ooreenstemmende gedrags-aanduidende vergifnis.<br>Die Mens bewoon 'n onvolmaakte wêreld en is net in staat om sy eie wil en gesindheid tot ander mense te verander en *nie die wil van ander teenoor hom nie*. | Huidige strategieë, Interpretasies, aannames, verwagtinge en hanteringsvaardighede in hul persoonlike verhoudings word steeds beïnvloed deur hul verlede en ervarings in die verlede wat hulle gehad het. | 4.10 Pastorale begeleiding moet ook aandag gee aan sosiale ondersteuning en veral fokus op vier areas nl. huwelik, familie, vriende en kerklidmaatskap. |
| *4.11 Intrapersoonlik*<br>Vergifnis in en voor Christus<br>2 Korintiers 2:10 | Vergifnis het waarde selfs as versoening met die oortreder nie plaasvind nie. Die slagoffer kan steeds voor God vergewe en so met God versoen. | Die vergifnisterapie bemagtig die respondente en rus hulle toe met 'n vaardigheid wat hulle voortdurend vorentoe kan benut en ook vir hul kinders kan leer. | 4.11 Die beradene moet begelei word om die "skatte" te identifiseer wat ontvang is as gevolg van die pyn bv. karakter, volharding, geloof en wysheid |
| *4.12 God se doel met vergifnis*:<br>Versoening is die allerlaaste doel vir | Berou en versoening is nie 'n vereiste vir eensydige vergifnis nie. Wanneer 'n | 'n Verhouding met God is 'n lewensbelangrike element om vergifnis in jou | 4.12<br>Om te fokus op 'n lewende verbintenis met God, asook 'n |

| | | | |
|---|---|---|---|
| die verenigde liggaam van Christus<br><br>Vergifnis is egter ook 'n eskatologiese gebeure wat die mens se eie versoening met God insluit.<br>Beide bogenoemde is vir God belangrik, maar as daar nou geen moonlikheid vir versoening is nie. Maak dan seker dat jou eie saak met God reg is deur eensydige vergifnis en versoening met God. | onberouvolle oortreder gekonfronteer word, kan dit soms meer pyn meebring en traumaties wees vir die slagoffer. | lewe aan te spreek omdat veral geestelike- kognitiewe- en emosionele hulpbronne nodig is vir die suksesvolle deurwerk van 'n *eensydige* vergifnisproses. | egte spiritualiteit. |

## 5.7 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het gepoog om vanuit die wisselwerking tussen die basisteorie en die metateorie, sowel as die resultate van die empiriese navorsing in terme van eensydige vergifnis, die praktykteorie saam te stel. Vervolgens word die gevolgtrekking waartoe die navorser vanuit die vorige hoofstukke gekom het, weergegee in die volgende hoofstuk (Hfst. 6).

# HOOFSTUK 6

# FINALE GEVOLGTREKKING EN VOORGESTELDE VERDERE NAVORSING

## 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om finale gevolgtrekkings te formuleer vanuit die bevindings soos verkry uit die basisteorie, metateorie en empiriese navorsing ten opsigte van eensydige vergifnis. Daar sal ook gekyk word of die doelwitte van die navorsingstudie bereik is.

Die **sentrale teoretiese argument** van die studie was: Die geloofsvolwasse hantering van eensydige vergifnis, in die afwesigheid van die oortreder se berou. Dit is 'n noodsaaklike element in die herstel tot genesingsproses van die emosioneel verwonde mens en daarom behoort so 'n persoon pastoraal begelei te word.

Die **doelstelling** van die studie was om aan te toon hoe 'n persoon pastoraal begelei kan word met betrekking tot hantering van eensydige vergifnis.

Die **doelwitte** van die studie was:

1. Om vas te stel wat die Skrif en die teologiese tradisie oor eensydige vergifnis openbaar;
2. Om vas te stel wat die deelwetenskappe oor eensydige vergifnis en die waarde daarvan vir die emosionele verwonde persoon kan byvoeg;
3. Om vas te stel of daar enige deurslaggewende insigte betreffende hierdie aangeleentheid is, wat deur die empiriese ondersoek na vore kom;
4. Om riglyne te formuleer vir die pastorale begeleiding van die emosionele verwonde mens in sy/haar hantering van eensydige vergifnis.

## 6.2 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE SKRIF

Hoofstuk 2 behels die basisteorie van hierdie navorsingstudie. Daar is ondersoek ingestel na wat die Skrif, Judaïsme, en die Christendom ten opsigte van vergifnis, en spesifiek van eensydige vergifnis, sê. In Judaïsme word vergifnis as voorwaardelik beskou en gekoppel aan berou. Tog is daar bevind dat dwarsdeur die Torah (Hebreeuse Bybel) en die Ou Testament, die Israeliete geweet het dat God nie net sy vergifnis gee in reaksie op berou nie, maar as gevolg van **God se eie genadige inisiatief**. God is soewerein en beskik oor outoriteit en mag. Hy <u>is</u> in beheer en Hy besluit ten opsigte van wie Hy wil vergewe en wie nie omdat Hy die mens se motiewe ken (1 Kor 2:16 en Jes 40:13-14)

Tog manifesteer sy soewereiniteit nie in onversetlikheid nie maar in genade en gewilligheid om alle mense te vergewe. Die verskil tussen Judaïsme en die Christendom lê dus daarin of God se koninkryk werklik gekom het met Jesus Christus, want dit voorsien 'n wysiging van denke vir die verstaan van God se doel ten opsigte van vergifnis. Die Israeliete verstaan God se doel met vergifnis as noodsaaklik vir die bewaring van die verbondsgemeenskap (versoening met mekaar). Die Christendom

verstaan God se doel met vergifnis as dat die gelowiges vrygespreek word van hul skuld deur Jesus Christus se kruisiging en so met God versoen word (versoening met God) (Romeine 5:9). Die bonus van laasgenoemde, *versoening met God,* is dat dit ook eersgenoemde, *versoening met mekaar,* moontlik maak (Romeine 5:5).

Die gevolgtrekking hiervan is dat die ervaring van God se vergifnis, mense *verander* sodat hulle ook gewillig is om hulle oortreders onvoorwaardelik te vergewe. Dit is egter so dat onvoorwaardelike vergifnis nie vanuit die mens se vleeslike natuur vloei soos van God nie. Alleenlik met God se hulp kan die mens die ou natuur van onvergewensgesindheid aflê en die nuwe, verloste natuur van vergifnis en liefde "aantrek". Die gelowige leer vergifnis as kunsvorm aan in die heiligmakingsproses waar die Heilige Gees 'n mens bring tot heelheid. God stel dus nie net die eis aan die mens om onvoorwaardelik, sonder einde en sonder om jou eie gevoelens in ag te neem, in gehoorsaamheid jou oortreders te vergewe nie, maar die Drie-eenheid kom "help" die mens ook daarmee. Die belofte is dan ook daar **dat as jy met God versoen is, sal jy onvoorwaardelike vergifnis ook kan gee.**

Die bevinding na die bestudering van die vier Skrifgedeeltes uit die Nuwe Testament naamlik Lukas 17:3-4, Matteus 18:15,21-22, Markus 11:25 en Matteus 6:12-15 sluit aan by bogenoemde, deurdat elk van die skrifgedeeltes riglyne verskaf *aan gelowiges* oor hoe hierdie vergifnisproses moet plaasvind en elkeen beskryf 'n ander faset van hierdie proses.

In die lig van die voorafgaande skriftuurlike ondersoek kom die navorser tot die slotsom dat, indien 'n slagoffer met 'n onberouvolle oortreder te doen het, hy onvoorwaardelik eensydig moet vergewe in gehoorsaamheid aan God. As die riglyne in die voorafgaande skrifgedeeltes nagevolg is en versoening met die oortreder nie moontlik sou wees nie, versoening met God dan vooropgestel moet word, deur die hantering en verwydering van negatiewe, sondige emosies. Dit beteken dat negatiewe emosies voor God, bely moet word, dat jou besluit om te vergewe aan God deurgegee moet word en dat jy dan emosioneel moet vergewe en daarmee saam 'n hartsverandering moet ondergaan (Romeine 12:2).
Dit alles geskied tussen die slagoffer en God, en die oortreder word glad nie hierby betrek nie, God sal nie die slagoffer verantwoordelik hou vir sy oortreder se dade of besluite nie.

## 6.3 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE DEELWETENSKAPPE

In hoofstuk 3 is 'n oorsig gegee oor hoe die deelwetenskappe vergifnis, en hiermee spesifiek eensydige begifnis, beskou. Twee redes vir vergifnis is bespreek naamlik

- Vergifnis as geskenk vir die self;
- Vergifnis as geskenk vir die ander;

Ten opsigte van eersgenoemde is bevind dat selfsug, wat voorkom in selfgesentreerdheid, en vergifnis onversoenbare benaderings tot die lewe is. 'n Persoon wat gewillig is om sy oortreder te vergewe, sal nie sy oortreder versoening weier as dit moontlik sou wees nie. 'n Derde rede vir vergifnis is deur die basisteorie uitgelig naamlik versoening met God.

In die lig van wat reeds in 6.2 bespreek is, dat versoening met God ook uitvloei in versoening met ander, sluit die metateorie hierby aan deur te wys op die dimensie van eensydige vergifnis wat uitreik na ander en wat 'n eensydige inisiatief kan wees vir bilaterale vergifnis.

In die metateorie is ook gewys op die verbintenis tussen die totale mens se gees, siel en liggaam. Die mens se gesondheid en genesing kan beter of slegter gemaak word deur wat in sy gedagtes aangaan. Gevolglik is daar gewys op veral woede maar ook ander negatiewe gevoelens se uitwerking op die slagoffer – liggaamlik, psigologies, neurologies, en psigiatries. Die navorser se gevolgtrekking is dat nie net bilaterale vergifnis nie maar ook eensydige vergifnis hier 'n uitkoms bied. Met beide tipes vergifnisse hou die persoon op om kwaad te wees en word woede hanteer en verwerk wat noodsaaklik skyn te wees vir die slagoffer se algehele gesondheid.

## 6.4 GEVOLGTREKKING VAN EMPIRIESE NAVORSINGSTUDIE

In hoofstuk 4 is die empiriese navorsing hanteer. Die feit dat die kwalitatiewe empiriese navorsingsmetode op die ervaring van die beradenes gefokus het, het die deurslag gegee vir die keuse van die metode.

Die resultate van die navorsing het die navorser tot die slotsom gebring dat:

- Al die repondente kon as "kwesbaar" beskou word, omdat disfunksionele familiegeskiedenis, gebrekkige godsdiensagtergrond, sukkelende, betekenisvolle verhoudings en swak persoonlike hanterings-vaardighede almal negatief beïnvloed het op een of ander stadium in hul lewe. Hulle het gevolglik meer nodig om gereeld te vergewe ten einde geestesgesondheid te verseker;
- Uit die rede waaroor hulle eensydig wou vergewe, het drie sake aan die lig gekom; Die eerste was dat van die respondente, voordat hulle aangemeld het vir vergifnisterapie, reeds probeer het om met hul oortreders te versoen. Dit skakel selfgesentreerdheid natuurlik uit.
  Tweedens is 'n derde rede, wat nie deur die deelwetenskappe bespreek is nie, Maar, wat wel ooreenkom met die basisteoretiese bevinding, dat God se doel met vergifnis versoening met God insluit, deur drie van die respondente bevestig.
  Derdens is gevind dat die respondente slegs een vlak van die empatiese proses naamlik perspektief vorming ten opsigte van die oortreders, kon toepas (3.8.2). Dit het ook ooreengestem met die feit dat persone wat hul emosies goed kan beheer, meer empatie met hul oortreders kan hê;
- Alle respondente het gerapporteer dat hulle gevoelens van bevryding en verligting ervaar het na die voltooiing van die eensydige vergifnisproses. Eensydige vergifnis dra dus tog by om negatiewe emosies te verwyder;
- Versoening met God het wel plaasgevind, aangesien alle respondente getuig het dat hulle verhouding met God verdiep het.

## 6.5 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE FORMULERING VAN PRAKTYKTEORIE MET DIE OOG OP VERNUWING VAN DIE PRAKSIS.

Die gevolgtrekking waartoe die navorser kom, is dat eensydige vergifnis se waarde en nut nog altyd onderskat is en dat beide vergifnismodelle ook ten opsigte van eensydige vergifnis gebruik kan word met geringe aanpassings.

Die volgende is praktiese riglyne vir die praktykteorie:

1. 'n Holistiese multidissiplinêre benadering wat erkenning gee in die pastorale proses aan die interaksie tussen die liggaamlike - (medies), geestelike -(pastoraal) en siels-(psigologies) dimensies. Aandag kan dan gegee word aan die verskillende areas van die liggaam van die emosionele verwonde mens ten einde genesing te bevorder.

2. Persone moet gehelp word om hul verlede en onregte uit die verlede beter te begryp, ten einde meer in staat te wees om beheer uit te oefen. Probleme uit die verlede moet voluit gekonfronteer word en ontkenning moet dan hanteer word. Gebeure en persone uit die verlede wat negatiewe emosies ontlok het, moet geïdentifiseer en hanteer word, sowel as die betrokke negatiewe emosies.

3. Vanuit die pastoraat moet daar ook gefokus word op onverwerkte emosies ten einde seker te maak dat alle onafgehandelde emosionele en geestelike prosesse die nodige aandag geniet.

4. By sommige Christene is daar soms die opvatting dat negatiewe emosies nie tuishoort by 'n goeie Christen nie en gevolglik word sulke emosies onderdruk. Daar ontstaan ook erge skuldgevoelens wat weer 'n neurologiese, psigologiese en liggaamlike effek kan hê. Uit pastorale beradingsperspektief moet beradenes aangemoedig word om alle vorme van onnatuurlike onderdrukking van emosies te vermy en hulle moet begelei word om hierdie emosies op 'n geldige en aanvaarbare wyse te hanteer.

5. Pastorale begeleiding moet die persoon help om verantwoordelikheid vir die hede te aanvaar en so vryheid van die verlede te verkry. Hier moet die betrokkene ook tot die besef gebring word dat ook sy/hy self aandeel het aan die pyn en dat die besluit by hom/haarself lê om dit te beëindig.

6. Pastorale begeleiding moet 'n besluit vir vergifnis aanmoedig. Selfs eensydige vergifnis kan van kardinale belang wees in die genesingproses en dit bied die sleutel tot vryheid.

7. 'n Nuwe insig is dat 'n proses van kognitiewe herstrukturering met behulp van waarhede uit die Woord, baie effektief toegepas kan word by persone met verwerping en emosionele aftakeling. By sulke gevalle is dikwels kognitiewe leuens wat baie diep ingebed lê en wat vergifnis blokkeer .

8. 'n Vernuwing van denke aan die hand van gedeeltes soos Psalm 139:14 en Romeine 8:37 kan 'n bevrydende ervaring vir so 'n persoon inhou en kan deur pastorale berading bereik word.

9. In die algemeen kan binne die pastoraat heelwat meer geleentheid ingerig word ten einde die terapeutiese waarde (emosioneel en fisies) van skrif, teken of verbalisering ten volle te benut, veral in eensydige vergifnis. Navorsing beklemtoon dat emosies wat op papier verwoord is, tot vinniger heling lei.

10. Pastorale begeleiding moet ook aandag gee aan sosiale ondersteuning en veral fokus op vier areas nl. huwelik, familie, vriende en kerklidmaatskap.

11. Die beradene moet begelei word om die "skatte" te identifiseer wat ontvang is as gevolg van die pyn bv karakter, volharding, geloof en wysheid.

12. Die pastoraat moet fokus om die beradene te begelei tot 'n verdiepende lewende verhouding met God wat ook 'n diepgaande Bybelse spiritualiteit insluit

## 6.6 SLOTWOORD

Die navorser het in die begin van die studie (hfst 1) gewys op die pastorale hulpverlening wat gedoen is met mense wat emosioneel, verwond is as gevolg van negatiewe lewenservaringe in die verlede. Die ervaringe het steeds 'n invloed uitgeoefen op die mense se huidige omstandighede: hul geestelike groei; gemoedstoestand en hul liggaam. Dit was dan ook die rede waarom hulle gekom het vir terapeutiese-hulp. Hierdie emosionele verwondinge het genesing nodig, maar daar is ervaar dat innerlike genesing nie kon plaasvind of realiseer as vergifnis nie plaasgevind het nie. In die meeste gevalle was die vergifnisproses eensydig, want die oortreders wat verantwoordelik was vir hierdie negatiewe lewenservaringe was afwesig as gevolg van die dood, in die gevangenis of net onopspoorbaar. Andersins was die oortreder onwillig om sy skuld te erken of was daar 'n gebrek aan berou.

Vandaar die aanvang en voltooiing van die studie oor eensydige vergewing. Vir die navorser is vergifnis en eensydige vergifnis spesifiek 'n kragtige tegniek in pastorale berading en ander vorme van terapie. Indien dit onderskat word en as waardeloos beskou word, kan baie mense wat veronreg is en met onberouvolle oortreders te doen het ontneem word van 'n versoening met God.

Die studie het dus as resultaat voorgestelde riglyne vir die pastorale en emosionele begeleiding van persone wat die pad van eensydige vergifnis moet loop. Dit kan positiewe gevolge vir beide die slagoffer (wat die vergewing moes verleen) en die oortreder (deur wie gesondig is) inhou.

- Vir die slagoffer beteken dit bevryding van negatiewe emosies en dus beter gesondheid;

- Dit beteken versoening met God;
- Vir die oortreder beteken dit dat as die slagoffer hom vergewe het, hy ook deur God vergewe sal kan word.

## 6.7 VOORGESTELDE TERREINE VAN VERDERE NAVORSING

Daar word vervolgens aandag gegee aan vrae en sake wat die navorser as belangrik beskou vir toekomstige verdere studie.

1. Speel **selfvergifnis** ook 'n rol in die gevolge van onvergewensgesindheid op fisiese gesondheid? In die vergifnisproses ten opsigte van die vergewing van ander is daar tog in 'n mate selfrefleksie teenwoordig en soms selfs skuldgevoelens. Alhoewel daar nêrens in die Skrif na selfvergifnis verwys word nie, mag dit wees dat langtermyn invloed van vergifnis op die algemene gesondheid van 'n slagoffer juis lê in herstrukturering van basiese gelowe of verwagtings omtrent die self.

2. Is dit werklik nodig om **met die oortreder te empatiseer** ten einde werklik te vergewe? Nie een van die respondente in hierdie betrokke navorsingstudie het 'n besondere fokus op die onberouvolle oortreder gehad tydens hul vergifnisproses nie. Tog getuig hulle dat hulle vrede en verligting ervaar en dat hulle vir die oortreder kon bid en selfs kon sëen na voltooiing van die vergifnisproses.

3. Watter rol speel **vergeet** in die vergifnisproses? Daar is min in die literatuur te vind hieroor en wat nog beskikbaar is vertoon gemengde gevoelens. Sommige skrywers voel "vergeet" is nodig en noodsaaklik om die vergifnisproses af te handel en ander voel dat daar nie vergeet moet word nie ten einde grense te stel vir die slagoffer se selfbeskerming ten einde te verhoed dat hy weer seergemaak word.

4. Die eskatologiese implikasie van vergifnis kan ook 'n afsonderlike navorsing-studie regverdig.

# Opsomming

In hierdie studie is die belangrike saak van eensydige vergifnis ondersoek. Hoofstuk een bevat die probleemstelling, navorsingsvrae, doelwitte, metode en sentraal teoretiese argument wat die volgende behels: die gesonde (geloofsvolwasse) hantering van eensydige vergifnis, in die afwesigheid van die oortreder se berou, is 'n noodsaaklike element in die herstel tot genesingsproses van die emosioneel verwonde mens. Om hierdie rede behoort so 'n persoon ook pastoraal begelei te word.

In hoofstuk 2 het die basisteoretiese aspek aan die beurt gekom wat die volgende behels: Daar is gekyk na 'n Ou Testamentiese voorbeeld van vergifnis in Jona, en ook na vergifnis en berou in die Nuwe Testament. Hier is vier Skrifgedeeltes naamlik Lukas 17:3-4; Matteus 18:15,21-22; Markus 11-25 en Matteus 6:12-15.bespreek. Daarna is vergifnis en berou in Judaïsme en ook in die Christendom ondersoek, waar voorwaardelike en onvoorwaardelike vergifnis ter sprake gekom het. Die verskillende dimensies van vergifnis, nl. die Goddelike kant, menslike kant en intrapersoonlik vergifnis het aandag geniet. Laastens is gekyk na God se doel met vergifnis.

Hoofstuk drie het aandag gegee aan die metateoretiese aspek van die studie. 'n Kort geskiedenis is gegee van die psigologie van vergifnis en die verband tussen teologie en psigologie betreffende vergifnis, is ondersoek. Daar is gekyk na die definisie van vergifnis ten einde die konsep beter te verstaan. Die rede vir vergifnis, en die gevolge van woede, ('n kern element van onvergewensgesindheid), op die totale mens; is bespreek. Aandag is gegee aan terapie waar daar in die proses van vergifnis twee verskillende modelle bespreek is nl. die "Pyramid Model" van Worthington en die "Fase prosesmodel" van Enright & Fitzgibbons. Daar is afgesluit met versoening en innerlike voorbereiding tot eensydige vergifnis.

In hoofstuk vier is empiriese navorsing hanteer. Vervolgens is die waarde van empiriese navorsing, verskillende paradigmas, die keuse van 'n benadering, en die aard en kenmerke van kwalitatiewe navorsing bespreek. Daarna het dataversameling, waaronder basiese individuele onderhoude, parameters van die onderhoud, ontwerp van die vraelys, steekproefontwerp en identifikasie van temas vir onderhoude, aandag geniet
Die bespreking van onderhoudsresultate is afgesluit met 'n voorlopige gevolgtrekking van die empiriese navorsing.

Die praktykteoretiese perspektiewe met betrekking tot eensydige vergifnis, het in hoofstuk vyf aandag ontvang. Omdat Zerfass se model in die studie gebruik is, is spesifiek aandag gegee aan die bespreking van die werking van Zerfass se model. Daarna is 'n samevatting gegee van bevindinge van Skriftuurlike perspektief, deelwetenskappe, empiriese navorsing en praktykteoretiese riglyne. Daar word afgesluit met 'n samevattende verslag van bevindinge ten opsigte van eensydige vergifnis en voorgestelde praktykteoretiese riglyne.

Die studie word afgesluit deur in hoofstuk ses die finale gevolgtrekking ten opsigte van die navorsingstudie oor eensydige vergifnis te bespreek en verdere aanbevelings vir voorgestelde verdere navorsing word gedoen.

SLEUTELTERME:

Eensydig; vergifnis; emosionele; verwonding; pastoraal; onvoorwaardelik; voorwaardelik; intrapersoonlik

**************************************************

## Abstract and Keywords

In this study the important issue of unilateral forgiveness is researched . Chapter one contains the problem, research questions, objectives, methodology and central theoretical argument which involves the following: the healthy (faith mature) treatment of unilateral forgiveness, in the absence of the offender's remorse, as a essential element in the healing process in recovering for the emotional wounded person. This is the reason why such a person should be guided pastorally.

In chapter 2, the aspect of basic-theory is being looked into, which entails the following: The Old Testament example of forgiveness in Jonah, and also forgiveness and repentance in the New Testament, and four passages namely Luke 17:3-4, Matt 18:15,21-22; Mark 11-25 6:12-15 and Matt 6: 12-15 were discussed. Afterwards, penitence and forgiveness in Judaism and Christianity were also investigated where conditional and unconditional pardon came into question. The various dimensions of forgiveness - that is from the divine side, human side and intrapersonal were researched. Finally God's purpose for forgiveness was discussed.

Chapter three fostered the meta-theoretical aspect of the study. A brief history was given of the psychology of forgiveness and the relationship between theology and psychology were examined. The definition of forgiveness also received attention in order to better understand the concept. The reason for forgiveness, and the consequences of anger, (a core element of unforgiveness) on the total person, the physical, neurological, psychological, and psychiatry sides were discussed. Attention were given to therapy where the process of forgiveness, with two different models were discussed namely Pyramid Model of Worthington and the Concept of prosesmodel of Enright & Fitzgibbons. The chapter ends with reconciliation and inner preparation to unilateral forgiveness.

In chapter four the empirical research received the focus, which included the value of empirical research, different paradigms, the choice of an approach, and the nature and characteristics of qualitative research. Thereafter, data collection, including basic personal interviews, parameters of the interview, questionnaire design, sampling design and identification of themes for interviews, got attention The discussion of the interview results were concluded with a preliminary conclusion from the empirical research to end this chapter.

In chapter 5 attention was given to the practical theoreticalperspectives with regard to unilateral forgiveness. Because Zerfass's model were used in the study, particular attention had been given to examining of the effect of Zerfass's model. Then a summary were given of the findings of Scriptural perspective, relevant sciences, empirical research and practical theoretical guidelines in brief. It concludes with a summarized report of findings in respect of unilateral forgiveness, practical theory and proposed guidelines.

The study ended in chapter six where the final conclusion regarding the research on unilateral forgiveness were given and topics were proposed for further research.

Key terms:

Unilateral; forgiveness; emotional; injury; pastoral; unconditionally, conditionally, intrapersonal

BRONNELYS

ADAMS, J. E. 1974. The Christian Counselor's manual. Grand Rapids: Baker Book House.

ADAMS, J. E. 1979. More than Redemption. A Theology of Christian Counseling. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

AUGSBURGER, D.W. 1982. Caring enough to forgive: true forgiveness. CA. :Regal Books.

BACKUS, W.D. 1996. The healing power of a Christian mind: how Biblical truth can keep you healthy. Minneapolis: Bethany House Publishers.

BOSMAN, J. 2007. Vooronderstellings by die beradene. Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD.)

BRANNAN, C.A. 2005. Shame: a pastoral study. Potchefstroom : NWU (PhD proefskrif).

CALVYN, J. 1559/1991. Institusie van die Christelike godsdiens. Vol. 4. Potchefstroom: CJBF. 1296 p

CIONI, P.F. 2007. Forgiveness, Cognitive restructuring and object transformation. Journal of Religion and Health, Vol. 46, No. 3 http://www.puk.ac.za:2048/login

COETZER, W. C. KOTZE, H. Meta – teoretiese perspektiewe op liggaamlike probleme as moontlike uitvloeisel van onverwerkte trauma. http://www.wentzelcoetzer.org/onverwerktetrauma.htm. (Datum van gebruik: 26 Julie 2008)

COETZER, W. s.a. Pastorale implikasies van die liggaam/denke verbintenis. http://www.wentzelcoetzer.org/liggdenke.htm. Datum van gebruik: 1/12/09

COETZER, W. 2007. Die impak van intergeneratiewe trauma. Verkennende perspektiewe tesame met enkele Pastorale kantaantekeninge. http://www.wentzelcoetzer.org/intergeneratiewetrauma.htm Datum van gebruik: 1/12/09

COLLINS, J.J. 2004. Introduction to the Hebrew Bible. Minneapolis: Fortress press.

CRABB, L. 2003. Stukkende drome. Vereeniging: CUM.

CRABB, L. 1988. Understanding the people. London: Marshall Pickering.

DE KLERK, B.J., VAN RENSBURG, F. JANSE. 2005. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir Gereformeerde Eksegese en Prediking. Pretoria: V & R Drukkers.

DE WET, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming – 'n gereformeerde perspektief. Skriflig 40(1) 57-87.

DIE BYBEL. 1983. Nuwe Vertaling. Kaapstad: Bybel genootskap van Suid – Afrika.

DIE BYBEL IN PRAKTYK. 1993. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS: s.a. Belydenisskrifte. www.dominee.co.za/belydenisskrifte/indeks NGB.htm (Datum van gebruik 29.10.09)

ENRIGHT, R. D. 2002. Forgiveness is a choice. Washington: APA Life Tools.

ENRIGHT, R. D. & FITZGIBBONS, R. P. 2000. Helping clients forgive: an empirical guide for resolving anger and restoring Hope. Washington: American Psychological Association.

GAINES, J.H. 2003. Forgiveness in a wounded world: Jonah's dilemma. Atlanta: Society of Biblical Literature.

GOVIER, T. 2002. Forgiveness and revenge. New York: Routledge.

GRIFFIN, K. 2003. The forgiveness formula: why letting go is good for you and how to make it happen. London: Simon & Schuster.

HARRISON, R.K. 1975. Introduction to the Old Testament. Toronto: Inter-varsity Press.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. A Primer in practical theology. Pretoria: Gnosis Books & Publishers .

HODGSON, L.K. & WERTHEIM, E.H. 2007. Emotion management and forgiveness. Journal of Social and Personal Relationships, 24;931-949.
http://spr sagepub.com

JONES, L.G. 1995. Embodying forgiveness. Michigan: Eerdmans.

KENNETH, I.P.,McCULLOUGH, M.E. & THORESEN, C.E. 2000. Theory, Research and Practice. New York: The Guilford press.

KENNY, D. T. CARLSON, J. G. McGUIGAN, F. J. & SHEPPARD, J. L. 2000. Stress and health: research and clinical applications. Australia: Harwood Academic Publishers.

KLEIJN, C. 2006. Is vergewing voorwaardelik of onvoorwaardelik? Kompas: Jaargang 15 no.8.
www.vgk.org.za/**kompas**/files/**kompas/2006/2006**-08.pdf (Datum van gebruik: 15.10.2009)

LAMERSON, S. 1999. Forgiveness in the Gospel of Matthew.
*Quodlibet Journal*: Volume 1 Number 5.
www.quodlibet.net/lamerson-forgive. shtml. (Datum van gebruik: 9.08.09)

LARNEY, T. 2009. Gesin as primere geloofseenheid in 'n postmoderne konteks: 'n Pastorale studie. (Proefskrif PhD) Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

LOTTER, G.A. 1987. Counseling divorcees on forgiveness. Philadelphia: Westminster Theological Seminary. (Proefskrif – D.Min.)

LOTTER, G.A. 2000. Versoening en moontlike versoeningsimbole in die hedendaagse Suid-Afrika. *Koers*, 65(2), 223-235.

LOUW, J. P. & NIDA, E. A. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. 2nd. ed. New York, NY: United Bible Societies. 2vols.

MARTIN, H. 1978. Jonah. The Geneva series of commentaries. London: Billing & Sons Ltd.

McCULLOUGH, M.E., PARAGAMENT, K.I., THORESEN, C.E. *Eds.* 2000. Forgiveness. Theory, research and practice. New York: The Guilford Press.

McMINN, M. R. 1996. Psychology, Theology and Spirituality in Christian Counseling. Wheaton, 111. : Tyndale House Publishers.

MEEK, K.R. 1996. Forgiveness (*In* McMinn, M. Psychology, Theology and Spirituality in Christian Counseling. AACC counseling library. Wheaton: Tyndale.)

MICHMAN, J.M. 1971. Forgiveness. (*In* Encyclopaedia Judaica, 6:1433-1435.) Jerusalem: Keter Publishing House Ltd.

MITCHELL, M. 2006. The role of faith in mood and anxiety disorders: a pastoral study. Potchefstroom : NWU (PhD verhandeling).

MULLER-FAHRENHOLZ, G. 1997. The art of forgiveness: theological reflections on healing and reconciliation. Geneva: World Counsel of Churches.

NIEDER, J. & THOMPSON, T. M. 1992. Vergifnis maak jou innerlik heel. Germiston: Anglo Swiss Print.

ODENDAL, F. F., SCHOONEES, P. C., SWANEPOEL, C. J., DU TOIT, S. J. & BOOYSEN, C. M. 1994. HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Midrand: Perskor Uitgewery.

OLIVIER, J.P., 1997. (*In* Van Gemeren, New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids, MI: Zondervan. 5 vols.)

PRINSLOO, M. 2009. Die pastorale begeleiding van persone met kompulsiewe eetgewoontes. Potchefstroom : Noordwes -Universiteit. (Verhandeling-MA)

RANSLEY, C. & SPY, T. 2004. Forgiveness and the healing process: a central therapeutic concern. New York: Brunner – Routledge.

RETIEF, Y. 2004. Genesing vir Trauma. Kaapstad: Struik Christelike boeke.

ROTHSCHILD, B. 2000. The body remembers. The psychophysiology of trauma and trauma treatment. New York: WW Norton & Company.

RENN, S.D. 2005. Expository Dictionary of Bible words. Word studies for key English Bible words based on the Hebrew and Greek texts. Peabody, Massachusetts: Hendrickson publishers, Inc.

RUMFORD, G. Ministries. s.a. The Biblical View on forgiveness. www.rumfordministries.org/category/forgiveness. (Datum van gebruik 9.08.09)

SEAMANDS, S. 2003. Wounds that heal. Bringing our hurts to the cross. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

SMITH, B.K. & PAGE, F.S. 1995. The new American commentary. Nashville: Broadman & Holman Publishers.

STOOP, D. F. & MASTELLER, J. 1996. forgiving our parents forgiving ourselves. Ann Arbor: Servant Publications

STEYN, R.S. & LOTTER, G.A. s.a. Voor-huwelikse verhoudings: 'n verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. kwsgal@puk.ac.za. Datum van gebruik 7-12-09

STUART, D. 1987. Word Biblical commentary. Waco: Word books publisher.

VISSER, D., VAN LILL, B., LE ROUX, H. & VAN DEVENTER, S. 1982. Sielkunde navorsing. Enigste studiegids vir PSY314-E. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika

WATTS, F. & GULLIFORD, L. 2004. Forgiveness in context: theology and psychology in creative dialogue. London: T & T Clark International.

WELBORN, D.R. s.a. Biblical Forgiveness. www.donaldwelborn.com/biblical forgiveness.html (Datum van gebruik 20.08.09)


WORTHINGTON, E. L. 2003. Forgiving and reconciling. Bridges to wholeness and hope. Downers Grove, Ill: Intervasity Press.

WORTHINGTON, E.L., SHARP, C.B., LERNER, A.J., SHARP, J.R. 2006. Interpersonal forgiveness as an example of loving one's enemies.

Journal of Psychology and Theology. Vol. 34. No. 1.


http://www.puk.ac.za:2048/login

**BYLAE 1**



Skets 1
Hart: Gewond


**BYLAE 2**



Skets 2


Hart: Wraakgedagtes

**BYLAE 3**



# Skets 3
# Hart: Vergifnis

**BYLAE 4**





Skets 4

Hart: Satan wil weer inkom

**BYLAE 5**

**IMPULSGELEIDING IN DIE SENUWEE STELSEL**




Telodendria – sinaptiese houertjies
Hiperpolariseer
Neuro – oordragstof – opwekkings Funksie
Kalium na buite
Chloriedione na binne
Depolariseer – positiewe Natriumione na binne
Versterking
Gegradeerde potensiaal – versterking
Temporele en ruimtelike sommering
Temporele en ruimtelike sommering
Asetielcholien
Oordragstowwe
Serotonien
Noradrenalien
Dopamien

BYLAE 6

Geagte…………

**Deelname in 'n empiriese navorsingstudie**

Hiermee verneem ek graag of u wil deelneem aan 'n verrykende navorsingstudie. Ek is tans besig om te werk aan 'n Meestersgraad in Praktiese Teologie by Noordwes Universiteit in Suid Afrika. My tesis is: "Eensydige vergifnis: 'n Pastorale studie".
Daar word van my vereis om 'n praktiese studie te doen met mense wat eensydige vergifnis persoonlik al ervaar het.

Daar sal streng riglyne gevolg word om u identiteit te beskerm. Wees verseker dat die studie geheel en al vertroulik en privaat sal wees. U sal nie nodig hê om u naam, adres, werkplek of beroep bekend te maak nie.

6. Die prosedure van die empiriese navorsing sal as volg geskied: U sal 'n vraelys ontvang waar die leidende vrae in vier afdelings verdeel is naamlik:
7. u familiegeskiedenis
8. u godsdiensagtergrond
9. u persoonlike betekenisvolle verhoudings
10. u persoonlike ervaring van eensydige vergifnis

NB Alhoewel volkome eerlikheid die ontwikkeling van die studie sal bevorder, moet u egter nie verplig voel om elke vraag te antwoord nie.

U deelname sal 'n betekenisvolle rol speel om ander te help wat worstel met pynlike negatiewe emosies ten opsigte van vergifnis waar die oortreder onberouvol is of nie wil versoen nie.

My diepe waardering en dank omdat u die tyd geneem het om deelname aan die studie te oorweeg. As u besluit om deel te neem, voltooi asseblief die aangehegte vrywaringsvorm wat my toestemming gaan gee om u antwoorde saam met my bevindings te publiseer.

Vriendelike groete

By voorbaat dank

Christa Lusse

BYLAE 7

KENNISGEWING VAN DEELNAME
EN TOESTEMMING OM TE PUBLISEER

Ek............................................ is deur Christa Lusse verseker dat hierdie navorsingstudie geheel en al vertroulik en privaat sal wees en dat my naam, adres, werkplek en beroep nooit openbaar gemaak sal word, sonder my uitdruklike toestemming nie. Ek neem dus vrywillig deel aan die vraelys en navorsingstudie. Ek gee verder aan Christa Lusse toestemming om die data verkry uit my antwoorde in haar tesis te gebruik waarin die perke hierin spesifiseer is.

Datum......................................

Handtekening..............................

Christa Lusse(Navorser).................

BYLAE 8

VRAELYS

**AFDELING 1**

Familiegeskiedenis: Verskaf net jou ouderdom..........en geslag...........

1. Hoe groot was jou gesin van oorsprong?

2. Was beide ouers deel van die gesin of was dit 'n enkelouer gesin?

3. Aan wie was jy emosioneel meer geheg en waarom?

4. In watter tipe huis het jy grootgeword bv Liefdevol of vyandig en vol kritiek? (verduidelik indien nodig)

5. Watter tipe opvoeding het jy ontvang: Outokraties of demokraties?

6. Hoe het jou familie/ouers konflik hanteer?

7. Kon jy openlik met jou ouers gesels oor jou gevoelens?

8. Was daar dinge wat gebeur het waarmee jy nog steeds sukkel om te vergeef?

9. Leef die persone in jou familie nog teenoor wie jy negatief voel?

10. As jy drie dinge in jou ouerhuis kon verander wat sou dit wees?

**AFDELING** 2

Godsdiensagtergrond

1. Watter godsdiens agtergrond het jy mee grootgeword?
2. Het jou godsdiens benadering intussen verander? Verduidelik
3. Wie het gehelp om jou verstaan van God te vorm?
4. Waarvan hou jy nie ten opsigte van godsdiens nie?
5. Verduidelik jou verstaan van God
6. Verduidelik hoe verstaan jy God se vergifnis?
7. Hoe begryp jy sonde?
8. Het jy al ooit God blameer vir iets?
9. Watter negatiewe emosies ervaar jy as jy nie mense vergewe nie?
10. Het jy al ooit God se goedheid betwyfel en hoe het dit jou verhouding met Hom geraak?
11. Waarom behoort jy vergifnis te skenk aan jou oortreders wat jou teen jou gesondig het?

**AFDELING 3**

Persoonlike verhoudings

1. Wat is jou huweliksstatus?

2. Na jou familie wie het die grootste invloed op jou lewe gehad en hoekom?

3. Wat is jou persepsie ten opsigte van verhoudings?

4. Wat beskou jy as jou grootste vrees in verhoudings?

5. As jy drie dinge in jou naaste verhouding kon verander wat sou dit wees?

6. Isoleer jy jouself van sekere individue of groepe mense? Verduidelik?

7. Was daar al belangrike verhoudings in jou lewe wat misluk het? Hoekom?

8. Hoe het dit jou laat voel?

9. Moes jy al ooit iemand vergewe wat nie berou getoon het nie?

10. Dink jy versoening word na vergewing deur God vereis?

11. Het jy al iemand gehad wat jou liefdevol op 'n Bybelse wyse gekonfronteer het en wat was die resultaat daarvan?

12. Is jy al ooit onvoorwaardelik deur iemand anders vergewe? Verduidelik die omstandighede.

13. Hoe het hierdie ervaring jou laat voel?

**AFDELING 4**

Persoonlike ervaring

1. Watter gedragspatrone dink jy het jy oorgedra vanuit jou kinderjare?

2. Het enigiets met jou gebeur wat veroorsaak het dat jy woede, haatdraendheid of ander negatiewe emosies ervaar?

3. Watter verdedigingsmegamismes het ontwikkel in jou lewe sodat jy mense op 'n afstand kan hou? Bv ontkenning

4. Hoe hanteer jy konflik in jou lewe?

5. Hoe verstaan en hanteer jy konfrontasie?

6. Is daar spesifieke negatiewe gesindhede (bv onvergewensgesindheid, bitterheid, woede) wat jy koester en weet jy sal moet verwerk

7. Wat sê die Skrif omtrent vergifnis?

8. Gee jou eie definisie van vergifnis.

9. Waarmee worstel jy in jou lewe?

10. Het jy ooit iemand vergewe wat jou baie seergemaak het?

11. Wat onthou jy omtrent daardie ervaring?

12. Was jy al ooit vasgevang in "valse vergifnis" bv blamering, verskonings, verduidelikings ens?

13. Wat verstaan jy onder eensydige vergifnis?

14. Is daar iemand wat jy nou in die proses is om te eensydig te vergewe?

15. In die lig van die vergifnisproses, ervaar jy tans vervulling en bevrediging in jou lewe?